# PRAKTIESE VOORSTELLE VIR BEDIENINGSVERNUWING, SENDING EN KERKLIKE VERHOUDINGE: NGKA WATERBRON

*JAN CHRISTOFFEL BEZUIDENHOUT*

**PRAKTIESE VOORSTELLE VIR BEDIENINGSVERNUWING, SENDING EN KERKLIKE VERHOUDINGE: NGKA WATERBRON**

*JAN CHRISTOFFEL BEZUIDENHOUT*

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike vervulling

van die vereistes vir die graad

Magister Divinitatis

in die

Fakulteit Teologie

Departement Sendingwetenskap

aan die

Universiteit van die Vrystaat

16 September 2002

**Studieleier:** Prof. P. Verster

*Opgedra aan my skoonvader,*
*Naas du Plessis (23.2.1949 - 10.8.2002).*
*My ewige dank vir die voorbeeldige wyse*
*waarop hy die sendingopdrag gehoorsaam het,*
*maar veral vir sy*
*belangstelling, ondersteuning en liefde*
*in my lewe asook my roeping.*

# INHOUDSOPGAWE

**INLEIDING** 1

HOOFSTUK 1

**SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VIR DIE SENDING-VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE** 2

1.1 Die gestalte van die gemeente 2
1.2 Wat is God se plan met die plaaslike gemeente? 4
1.3 Om waarlik kerk te wees moet dit missionêr wees 6

1.3.1 Hoekom 'n missionêre gemeente? 7

1.4 Die plaaslike gemeente is gehoorsaam wanneer die gemeente sendingverantwoordelik is 10

1.4.1 Daarom moet die gemeente die bediening van Christus Jesus nastreef 12

1.4.1.1 Deur die voortsit van die ampte, naamlik profeet, priester en koning 13
1.4.1.2 Deur te leef as "mense van God" 14

1.4.2 Daarom moet die gemeente Een wees 14
1.4.3 Daarom moet die gemeente streef na *pleroma*, na volheid 16
1.4.4 Daarom moet die gemeente die dienskneg van die koninkryk wees 18
1.4.5 Daarom moet die gemeente streef na heiligmaking (*hagiasmos*) 20
1.4.6 Daarom moet die gemeente daar wees vir die wêreld, vir almal 21

1.5 Die kanale vir 'n omvattende missionêr-gerigte bediening 21

1.5.1 Deur *Koinonia* 21
1.5.2 Deur *Diakonia* 22
1.5.3 Deur *Kerugma* 23
1.5.4 Deur *Marturia* 24
1.5.5 Deur *Leitourgia* 24

1.6 Gevolgtrekking 25

HOOFSTUK 2

**DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE VERHOUDING NG KERK EN NG KERK IN AFRIKA WATERBRON 26**

2.1 Die verloop van die verhouding tydens die aanvangsjare 26
2.2 Die verloop van die verhouding tydens die middeljare 31
2.3 Die latere verloop van die verhouding 35
2.4 Kanale waardeur die verhouding ondersteun is: 41

2.4.1 Die Raad vir Sending en Samewerking 41
2.4.2 Die Skakelkommissie 43

HOOFSTUK 3

**DIE STORIE VAN DIE NG KERK IN AFRIKA WATERBRON GEMEENTE 45**

3.1 Die grense van die NGKA Waterbron 45
3.2 Die ontstaan en geskiedenis van die NGKA Waterbron 46
3.3 Die infrastruktuur van die NGKA Waterbron 50

3.4 Die bedienings styl en bedienaars van die Woord van die NGKA Waterbron tot en met hede 52
3.5 'n Bedieningsanalise: die kerkraad, die kategese en die verenigings van die NGKA Waterbron 55
3.6 Die belydenisgrondslag van die NGKA Waterbron 57

HOOFSTUK 4

**DIE IDENTIFISERING VAN PROBLEME 58**

4.1 Probleme geïdentifiseer aan die kant van die NG Kerk in Afrika Waterbrongemeente 58
4.2 Probleme geïdentifiseer aan die kant van die NG Kerk Waterbron rakende die sendingverantwoordelikheid van die plaaslike gemeente 65

HOOFSTUK 5

**PRAKTIESE VOORSTELLE VIR 'N MOONTLIKE OPLOSSING 75**

5.1 Voorstelle aan NGKA-gemeentes uit vroeëre navorsing 75
5.2 Voorstelle aan die NGKA Waterbrongemeente 76
5.3 Voorstelle vir die verhouding NG Kerk en NGKA 78
5.4 Voorstelle vir groter betrokkenheid deur NG Kerk-gemeentes 80
5.5 Die toepassing van Skriftuurlike beginsels op die praktyk 88

**WAARDE VAN STUDIE 93**

BRONNELYS 94

BYLAE 1 100
BYLAE 2 102
BYLAE 3 104
BYLAE 4 105

KAART

# INLEIDING

Uit observasie en betrokkenheid by die NGKA Waterbron Gemeente, is daar tot die besef gekom dat daar sekere probleme is wat betref die plaaslike sending van die NG Kerk, wat haar bestaan as kerk van Christus raak, omdat ons glo dat die sending die kern van die kerk se bestaan is.

In hierdie studie poog die navorser om wesenlike probleme te identifiseer aan die hand van 'n empiriese ondersoek en 'n situasie-analise van die konkrete situasie van die NGKA Waterbron. Voorts word dit in verband gebring met die NG Kerk, as naaste gereformeerde kerk met dieselfde belydenisgrondslag. Relevante kerkhistoriese dokumente en tersaaklike literatuur word bestudeer ten einde praktiese voorstelle te gee vir bedieningsvernuwing, sending en kerklike verhoudinge, sodat beide kerke in die konteks kerk van Christus kan wees.

Hierdie studie is ook aktueel omdat daar wesenlike probleme in die plaaslike sending van die NG Kerk ondervind word, wat veel wyer as die Ring van Waterbron strek. Dit blyk duidelik uit die groot aantal herderlose sendinggemeentes in die Vrystaat. Die studie is ook aktueel omdat daar vandag ook baie meer op die plaaslike gemeente as missionêre gemeentes gefokus word.

Eerstens word die skriftuurlike begronding vir die sendingverantwoordelikheid van plaaslike gemeentes en die wyses waarop uiting daaraan gegee kan word, behandel. Daarna volg die historiese verloop van die verhouding tussen die NG Kerk en die NGKA Waterbron, ten einde ook probleme in hierdie verhouding te identifiseer. Dan volg 'n studie van die NG Kerk in Afrika Waterbron, ten einde laastens probleme te identifiseer en praktiese voorstelle aan te bied as 'n moontlike oplossing vir bedieningsvernuwing, sending en kerklike verhoudinge.

# HOOFSTUK 1

# SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VIR DIE SENDINGVERANTWOORDELIKHEID VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE

Sonder 'n stewige Bybelse grondslag dra enige ondersoek na die sendingverantwoordelikheid van plaaslike gemeentes die kiem van ongebalanseerdheid. Die heil en invloed van die kerk en van elke gemeente of gelowige, hang baie af van hoe daar na die sendingroepstem geluister word. Indien God se Woord bestudeer word, is dit duidelik dat die gemeente van gelowiges van die begin af met 'n sendingdoel bestaan het. In hierdie hoofstuk word vervolgens aandag geskenk aan die sendingverantwoordelikheid van die plaaslike gemeente.

## 1.1 Die gestalte van die gemeente

Waar hierdie studie handel oor die rol van die plaaslike gemeente, is dit belangrik om te weet wat onder plaaslike gemeente verstaan word. Louw en Nida (1988:126-127, 133) onderskei ten minste drie semantiese betekenisvelde waarin *ekklesia* in die Nuwe Testament gebruik word:

1. "a congregation of Christians, implying interacting membership", soos gebruik in 1 Kor. 1:2 en Rom. 16:16;
2. "the totality of congregations of Christians", soos dit voorkom in Matt. 16:18;
3. "a group of citizens assembled for socio-political activities", volgens Hand. 19:33.

Dit is duidelik dat die eersgenoemde twee verwysings na die kerk, as instelling van God, verwys, soos Bavinck (1960:191) dit ook stel: "The New Testament speaks of the ecclesia, the congregation, in a two-fold sense. Sometimes it refers to a certain specific congregation, e.g. that of Corinth, Pergamum, or somewhere else. At times, however, the term refers to the church in its mystical sense, as the body of Christ."

Elke gemeente van die lewende, Drie-enige God van die Skrifte is 'n huisgesin van die Vader, liggaam van die Seun en gemeenskap van die Heilige Gees. Dit bestaan vir Hom, daarom gaan dit in alle kerkwees om die eer van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9). Elke gemeente is 'n woning waarin God Hom uit genade tuismaak (1 Kor. 3:9). Daarom moet gelowiges soos 'n gebou wees wat verrys tot 'n heilige tempel vir die Here (Ef. 2:21). Hulle word in Christus voortdurend saam opgebou (*sunoikodomeisthe*) tot 'n huis waarin God woon deur sy Gees (Ef. 2:21-22) (Du Preez 1990:257 - 263).

Teoloë stem dan ook saam dat die plaaslike gemeente 'n besondere plek het in die uitvoering van God se heilsplan met die wêreld. Roberts (1984:300) skryf: "Die ekklesia in sy byeenkoms, by die diens van die Woord en by die aanbidding van God, is God se instrument waardeur aan die heidene bekend word die wonder van God se genade, sy heilswerk in Christus."

Paulus gebruik egter die woord *ekklesia* vir sowel die plaaslike as die universele kerk. Vir die doeleindes van hierdie studie val die klem op die plaaslike kerk. Die plaaslike kerk is nie minder kerk nie. Elke gemeente, hoe klein of armsalig ook al, stel ten volle die *ekklesia*, gemeente of kerk van Christus voor. Die plaaslike gemeente is die liggaam van Christus: 'n groepie gelowiges bymekaar, iewers op die platteland, soos byvoorbeeld die NG Kerk in Afrika Waterbrongemeente, is 'n bousteen vir die liggaam van Christus.

Die "kerk" is dus daar waar 'n groepie eenvoudige Christene op 'n Sondag bymekaarkom. Barnard (1979:42) verklaar dat die kerk tot openbaring kom in die plaaslike gemeentes. Daarom glo Gereformeerdes ook soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis saamgevat word onder Artikel 29, dat die ware kerk daar is waar die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf.

Van Engen (1991:59-70) wys ook daarop, soos saamgevat in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, dat die kerk één, katoliek, apostolies en heilig is. Hy

meen dat die vier eienskappe van die kerk, byvoeglike naamwoorde eerder as bywoorde moet wees. Die kerk sal dan 'n verenigende krag wees, 'n heiligmakende mag (naamlik dat dit bestaan en leef, sodat mense vergewe en gesondgemaak of heelgemaak kan word), versoenende mag op aarde en 'n mag wees wat verkondig. Hierdie vier sal dan die totaliteit van die bestaan van die kerk vorm. Die essensiële aard van die plaaslike gemeente is in sending.

### 1.2 Wat is God se plan met die plaaslike gemeente?

Die evangelie is die hart van God se plan met sy skepping! In Efesiërs gaan dit om die bekendmaking van hierdie geheim of plan. Mouton (1996:56-67) is van mening dat hierdie geheim of plan van God in Ef. 1:3-14 in 'n loflied saamgevat word. Dit gaan nie maar net om redding (van siele) ter wille van redding nie - dit gaan om die lof (eer) van God, hulle bestaan sal word tot lof van God (Ef. 1:12). 'n Integrale deel van hierdie plan van God wat bekendgemaak word, is nou juis dat ook nie-Jode deel kan word van hierdie familie. Dit is 'n klimaks in Ef. 1:3-14 wanneer Paulus skielik van "ons" oorslaan na "ook julle" in Ef. 1:13. Ef. 1:10 bied 'n kernagtige samevatting van hierdie plan van God wat nou bekendgemaak is: om alles (*ta panta*) onder die hoofskap van Christus te bring! Ook in Ef. 4:9-16 (wat soms verkeerdelik net om opbou na binne toegepas word), vind ons telkens die verwysing na almal of alles.

Wanneer ons sê dat God die primêre bron van die sending is, dan moet ons aanvaar dat die mens ook die opdrag tot sending ontvang het. In verhouding met die sending van God as *missio Dei*, is hierdie sending die *missiones ecclesiae*, die sendingaksies van die kerk en dit "refer to particular forms, related to specific times, places or needs, of participation in the missio Dei" (Bosch 1991:10).

Uit die bogenoemde kan ons dan nie anders as om te sê dat God, wat die Subjek van die sending is, sy kerk hier op aarde gebruik om sy koninkryk hier gestalte te laat kry nie. Ons, as kerk van die Here Jesus Christus, is die instrument wat God gebruik, in

verskillende plekke, tye en omstandighede. Die kerk, en dan ook die plaaslike gemeente, het die opdrag om dit waarvoor ons geroep is, uit te leef.

Van Engen (1991:47-57) toon duidelik aan hoe die plaaslike gemeente deel is van hierdie plan van God. So vind ons op die ou end dat die kerk met sy vier eienskappe deel is van die evangelie! Deel van die evangelie dui aan dat dit reeds gebeur het (Ef. 1:10; 3:11) - die eenheid, naamlik die saam behoort aan die een gesin onder Christus se Hoofskap, is 'n gawe. En tog word dit ook 'n opdrag (Ef. 4:11 e.v.). Net so is die heiligheid van die kerk 'n gawe, naamlik dat ons reeds gewas is, geheilig is (Ef. 1:1,7), en dan tog ook 'n opdrag het (Ef. 4:17 e.v.). Selfs die katolisiteit van die kerk, dat dit alles en almal insluit, is nie net 'n opdrag nie, maar ook in Christus reeds gegee (Ef. 1:10; 1:22). Die Hoof van die kerk is reeds Hoof van die kosmos! Aan die ander kant is dit ook 'n opdrag, en dit is juis hier waar sending ter sprake kom. Wanneer Ef. 1:10 van *ta panta* praat (alles en nie net almal nie) toon dit dat nie net almal nie, maar ook alles, alle fasette van die lewe, onder Christus se heerskappy moet kom.

Van Engen (1991:47-57) let spesifiek op Ef. 4, wat hy as die hart van die brief beskou. Hieruit blyk dit dat Chistus wat verhoog is bo alles, die ampte gegee het (Ef. 4:8-10). Daar is dus 'n direkte verband tussen God se realisering van sy plan in Christus, en die taak van die ampte. In die opbou van die liggaam (Ef. 4:12-16) gaan dit allermins om 'n aksie net na binne. In die opbou van die liggaam van Christus gaan dit juis daarom om alles en almal onder sy Hoofskap te bring, naamlik om stene wat nog eenkant lê, vas te messel in die gebou. Die aksie na buite gaan egter hand aan hand met die aksie na binne, waar sowel die suiwerheid in leer (Ef. 4:14-15), as die ondersteuning van elke individuele gelowige (Ef. 4:16), belangrik is. Tussen opbou en uitbou moet daar nie 'n spanning wees nie, nie eens 'n skeiding nie! Dit is deel van God se een plan, naamlik om alles en almal onder Christus se hoofskap te bring (Ef. 1:10). Wanneer iemand ingebring word is die taak tog nie voltooi, voordat hy die diepte en breedte van die evangelie verstaan en daaruit leef, deur sy hele lewe onder Christus se heerskappy te plaas nie. Dit is dus alles een beweging waar iemand wat ver van God af was, ingebring word (Ef. 2:12) en geheilig word om tot lof van God te wees in sy of haar hele bestaan. Om die dieptepunt

van hierdie diens aan God (God se Koninkryk) en dus die opdrag wat elke gelowige wat ingekom het nou het, te verstaan, kan gelet word op Ef. 6:5-8.

Die evangelie is dat selfs 'n slaaf wie se werk nie deur 'n baas raakgesien en waardeer word nie, sy sleurwerk vir die Here kan doen. Dit is juis sulke werk wat tot lof van God is. Dit is 'n teken van 'n mens met iets nuut, totaal vreemd aan die wêreld, 'n nuwe krag, die krag van die evangelie, die krag van liefde (Ef. 1:18-19).

Wanneer daar dan na die kerk in terme van die koninkryk gekyk word, moet daar besef word dat die koninkryk en die kerk nie identies is nie, maar dat die grense veel wyer as die van die kerk strek; "The church is the community of the Kingdom but never the Kingdom itself....The Kingdom is the rule of God; the church is a society of men" (Ladd 1975:113).

Die plaaslike gemeente is dan die burgers van die koninkryk, wat tot eer van die Koning, deur die leiding van die amptenare, die seëninge van God beleef en verkondig, beide liturgies en kulties, maar wat hulself ook besig hou met die dinge van die koninkryk.

Alhoewel ons ook hier te make het met die "nog nie - alreeds" van die koninkryk, kan ons met sekerheid sê dat die plaaslike gemeente (as deel van die kerk van Jesus Christus), waarin die gelowiges leef soos koningskinders, as tekens wys na die koninkryk van God (Heyns 1980:22-23; Van Engen 1991:108-109).

### 1.3 Om waarlik kerk te wees moet dit missionêr wees

Kritzinger (1979:190) wys daarop dat om waarlik kerk te wees, ons missionêr moet wees: ten diepste om instrumente in Gods hand te wees. Die kerk, as liggaam van Christus, het 'n funksie in die wêreld, naamlik die van diens, diens teenoor God, maar ook diens teenoor die wêreld, God se skepping. 'n Kerk wat in hierdie diens getrou is, moet 'n groeiende kerk wees. Kritzinger (1979:90) gebruik in verband hiermee 'n pragtige voorbeeld as hy sê: "God het nie net die kerk nodig om die oes in te samel nie. Hy benut

ook die kerk as graanskuur." Is dit nie waar, dat as 'n graanskuur vol geword het, daar 'n nuwe gebou moet word nie? Net so word daar ook nuwe gemeentes gestig en op die manier is daar dan ook organiese groei.

### 1.3.1 Hoekom 'n missionêre gemeente?

Om dié vraag te beantwoord moet ons eerstens kyk na wie hierdie Here is wat so deur sy Gees in sy kerk woon. Uit die Skrif leer ons Hom ken as die sendende Drie-enige God. Hy is die Vader (Joh. 3:16), die Seun wat gekom het om te dien (Mark. 10:45) (*lutron anti pollon*), dit wil sê 'n losprys vir mense van oor die hele wêreld. Hy is die Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan (Joh. 15:26), wat gelowiges met krag vervul om Christus se getuies (*martures*) te wees tot aan die uithoeke (Hand. 1:8). Dus is sending primêr *missio Dei*, naamlik God se sending, ter wille van die koms van sy koninkryk (Du Preez 1990:257-263). Dit is dan baie duidelik dat die Here 'n sendende God is, wat so deur sy Gees in sy kerk woon.

As gelowiges of as gemeente word ons dan op die sendingpad gestuur deur Christus "soos die Vader" Hom gestuur het (Joh. 20:21). Dit is 'n sending van God waartoe die Heilige Gees elke gelowige sal dring (Rom. 8:5; 2 Kor. 5:14). Onwilligheid om by die sending van God betrokke te raak sal die Gees van God bedroef (Ef. 4:30; 1 Tess. 5:19). Die koms van die koninkryk van God moet voortdurend aangekondig word (Matt. 3:2). Die verkondiging van die koninkryk van God moet dus altyd van die lyding, kruisdood, opstanding en hemelvaart van Christus uitgaan (1 Kor. 1:22-24) (Van der Merwe 1988:21). Heyns (1980:23 e.v.) sluit hierby aan as hy sê dat die belangrikste instrument wat God gebruik, sy kerk is. Daarom word daarop gewys dat dit die plig en die doel van die plaaslike gemeente is om die leiding, inisiatief en mobilisering ten opsigte van sending te doen.

Soos reeds genoem, is sending dan ook sending van die gemeente. Volgens Du Preez (1990:257-263) gebruik God ook sy Woord (evangelie) om vir Hom die universele gemeente te vergader. Hy vertrou hierdie Woord aan sy gemeente toe om dit te bewaar

en lofsingend in die wêreld uit te dra (1 Tim. 3:15-16). As bewaarder en draer van die Woord, verkondig die gemeente die Woord, en in die verkondiging word die Woord bewaar. Sending is dus in 'n baie besondere sin ook *missio ecclesiae*, sending van die kerk of gemeente, maar dan gegrond in, voortvloeiend uit en gedra deur sending van God.

Sy diens op aarde gaan na sy verhoging voort, maar Hy oefen dit nou uit deur middel van sy liggaam op aarde, die gemeente (De Klerk 1976:1). Die gemeente is God se ambassadeur, God se gestuurde, omdat dit die liggaam van Christus is. Sy taak is om te verkondig totdat Christus weer kom (Matt. 24:14). Die ampte in die gemeente dra dan onder andere ook 'n missionêre dimensie. Deurdat die ampte gedurig besig behoort te wees met toerusting, dra dit by tot die missionêre aktiwiteite van die kerk. Paulus het dan ook evangeliste opgelei vir hierdie doel (Timoteus), wat op hulle beurt weer die gemeente opgelei en toegerus het. Ons kan daarom ook met reg sê dat die toerustingstaak wat die ampte het om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk, ook toerusting inhou vir missionêre diens (Smit 1988:204).

Die Sendingreglement is korrek as dit sê dat God deur die gemeente a) tot by die voleinding sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig; b) die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand bring; en c) diens aan die wêreld in sy nood lewer. Dit is die getuienis (*marturia*) wat die kerk in die Naam van God in die wêreld te lewer het. Soos wat die verkondiging 'n getuienis is, is *koinonia* van gelowiges uit alle nasies 'n getuienis waardeur die wêreld kragtig aangespreek word om in die Seun van God te glo (Joh. 17:20-23). So ook is die diens aan mekaar en aan 'n wêreld in nood 'n getuienis daarvan dat God in Christus reddend onder die nood van die wêreld ingebuk het (Du Preez 1990:257-263). Verder in hierdie hoofstuk sal meer spesifiek klem gelê word op hierdie getuienis van die gemeente, naamlik sy omvattende Woordbediening langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding.

Wat die gemeente van Christus in die wêreld dan betref, juig Petrus in 'n lied oor die kerk (1 Pet. 2:9) "Julle is .. 'n heilige volk (*ethnos hagion*) ...sodat (*hopos*: met die oog daarop

dat..) julle die magtige verlossingsdade van God kan verkondig wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Bosch (1979:189) wys daarop dat ons eie dade en woorde sigbare evangelie word, deurdat Christus sy liefde, ontferming en vergifnis in ons lewe gestalte laat aanneem.

Robinson (1994:6-15) verwys na 1 Pet. 2:9-10 en noem dit die "Magna Carta van die missionêre gemeente". Na genoegsame eksegese kom hy tot die gevolgtrekking dat die randfigure in die samelewing, die Christene, nou die sleutelfigure in die geskiedenis en verlossing van die wêreld blyk te wees. Dit is dan sy gevolgtrekking: "Die gemeente se sending is dus nie iets naas sy of haar bestaan nie. Die kerk bestaan omdat sy gestuur is en nou diensooreenkomstig aktief is."

Verder haal Robinson (1994:6-15) Blauw aan wat meen dat dit van kardinale betekenis is vir die bepaling van die getuienistaak van die Nuwe Testamentiese gemeente. Die tweede kenmerk van die 1 Petrusbrief is dat die gemeente se getuienis tot 'n groot mate beskrywe word in terme van geloofsvolharding te midde van ernstige beproewing en lyding (vgl. 1 Pet. 1:6-7, 2:18-25). Die Nuwe Testamentiese woord vir getuiewees, te wete *martyreo*, het mettertyd ook die dubbele betekenis van "getuig" en "ly" gekry. Betekenisvol is die vooropstelling van die oproep om tot Christus te kom (1 Pet. 2:4). Dit is waar die Christelike gemeente begin en daarom is die beslissing van wesenlike aard. Die beslissing wat gevra word, het egte verreikende konsekwensies. "Kom na Hom toe" (*proserchomai*) dui op 'n volledige handeling wat die hele menswees insluit.

Dit gaan om die bewuste keuse om deel te wees van wat Hy is en doen. Die beslissende betekenis van Christus binne God se heilsbedoeling, blyk dan ook daaruit dat hy die "fondamentsteen" of "hoekklip" genoem word waarop die hele gebou verrys. In hierdie nuwe gemeenskap wat Christus (die Lewende Steen) besig is om op te bou, word aan die wêreld 'n "geestelike huis" aangebied. Robinson (1994:6-15) haal ook Goppelt aan wat die klem laat val op die feit dat die gemeente 'n skepping van die Gees is wat deur die Gees instand gehou word (vgl. 1 Pet. 4:10 e.v.). Die werkwoordsvorm in 1 Pet. 2:7 beklemtoon dat dit hier om 'n deurlopende proses gaan (heilsversekering). Petrus breek

met die idee van die tempelkompleks as kultiese sentrum, om die oorspronklike Hebreeuse konsep van God wat "in 'n tent" en "tabernakel" sy volk op die trekpad vergesel, weer terug te bring. So verkry die gemeente 'n dinamies missionêre presensie. Dit word bevestig deur "geestelik" (*pneumatikos*) en "huisbou" (*oikodomeisthe*) te gebruik. Wat die gemeente is, is met die oog op sy funksie in die wêreld. Die gemeente is 'n arbeidskrag, werkspan van die Gees byvoorbeeld die metafoor, heilige of koninklike priesterdom (1 Pet. 2:5,9), naamlik uitdelers (priesters) van die Goddelike seën. Die klem is op wat hul elke dag is en doen daar in hul werkplek of op straat ensovoorts.

Verder word hierdie sendingverantwoordelikheid van die plaaslike gemeente, wat die Skrif vir ons duidelik maak, belig.

### 1.4 Die plaaslike gemeente is gehoorsaam wanneer die gemeente sendingverantwoordelik is

Bosch (1990:265-274) haal drie missionêre motiewe aan van die vroeë kerk wat almal aantoonbaar is by Paulus, naamlik dankbaarheid, besorgdheid en verantwoordelikheid. Besorgdheid - Paulus beskou die mensdom buite Christus as totaal verlore en op weg na die verdoemenis (Ef. 2:12). Dus moet hy aan soveel moontlik mense verlossing verkondig (1 Tess. 1:10). Sy besorgdheid oor die heidene van die Romeinse Ryk bring hom diep onder die indruk dat hy die verpligting het om die evangelie aan hulle te verkondig. Rom. 1:14 is 'n goeie voorbeeld: "Ek staan onder 'n verpligting teenoor Grieke en nie-Grieke, teenoor ontwikkeldes en ongeleerdes." 'n Verpligting teenoor Hom wat gesterf het, skep 'n verpligting teenoor hulle vir wie Hy gesterf het. 'n Besef van dankbaarheid - 'n diepe besef dat dit 'n voorreg is om by sendingwerk betrokke te wees. Rom. 15:15: "God het my immers in sy genade die voorreg gegee om in diens van Christus Jesus onder die heidennasies te werk."

Dit blyk dat wanneer 'n plaaslike gemeente gehoorsaam aan God is, die gemeente met dankbaarheid, besorgdheid en verantwoordelikheid hul sendingopdrag nakom. Verder moet 'n gemeente se onbetrokkenheid nie net gesien word as 'n toestand van

ongelukkigheid nie, maar as sonde, as opstand teen God se wil en sy plan vir ons lewe, want in Gen. 3 sien ons dat sonde die mens 'n vlugteling vir God gemaak het. Sonde maak 'n mens dus onverantwoordelik. Dit kom duidelik na vore in Gen. 4 as Kain sy broer, Abel, vir wie hy verantwoordelik is, doodslaan. Die mens is onbetrokke by God se plan, ook wat die verantwoordelikheid teenoor sy broer betref. Vanaf veral hierdie eerste twee vrae in die Bybel, naamlik "Waar is jy?" (Gen. 3:9) en "Waar is jou broer?" (Gen. 4:9) ontplooi God se openbaring. As Jesus sê dit is volbring en die voorhangsel skeur van bo na onder, is dit God se eie antwoord op die "waar is jy?" van Gen. 3:9. Vanaf "waar is jou broer?" loop die Godsopenbaring totdat Jesus vir sy dissipels sê: "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21). Dus, as iemand Jesus ontmoet het, dan kan hy of sy nie anders nie as om saam met Petrus te sê: "Wat ons betref, is dit onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand. 4:20) (Erasmus 1988:11-13).

Al ons besinning oor sending moet uitloop op daadwerklike betrokkenheid: persoonlik, gemeentelik, in kerkverband, as familie van NG Kerke en as ekumeniese kerk. Sending moet nie verstaan word as 'n opsionele saak iewers op die periferie van die kerk se bedrywige program nie, maar as deel van die bediening van God se evangelie van versoening in Christus. Hierdie bediening van die evangelie van die koninkryk het 'n paar eienskappe: sy oorsprong is nie by die kerk of mense nie, maar in God Drie-enig.
Dit is waarom God besluit het om sy Seun te stuur (Joh. 4:34), om lewe te gee as versoening vir baie (Matt. 20:28). Vader en Seun sit die bediening voort deur die Gees (Joh. 20:21,22) en God wat die bediening toevertrou aan apostels en aan die Apostoliese Kerk (Joh. 4:38; 20:21) (Smit 1988:14-17).

Volgens Robinson (1989:176-187) se sendingperspektiewe aangaande 1 Petrus, is 'n gemeente wat nie deur sy lidmate die Woord van God as getuienis aangaande Sy verlossingshandeling aan elke lewensfaset neem nie, nie die kerk nie, dus nie God se mense nie. Tweedens is dit vir hom belangrik dat 'n gemeente sy identiteit as 'n getuigende gemeenskap moet nakom.

### 1.4.1 Daarom moet die gemeente die bediening van Christus Jesus nastreef

Die bediening van Christus het 'n tweërlei gerigtheid gehad: gerig op Israel en op die wêreld. Ten opsigte van Israel was dit die vervulling van die heilsbelofte van die verbond. Dit wil sê 'n verbondsvernuwing, geloofsversterking en 'n opbou van sy gemeente (Matt. 16:18). Ook was dit wêreld gerig, naamlik 'n uitbou van sy ekklesia (Joh. 3:16; Matt. 28:19 en Rom. 11:16-32). Op hierdie wyse word die hele volk van God (bestaande uit Israel en die nasies) gered (Rom. 11:26). Die bediening van die kerk van Christus vandag moet dus ook gerig wees op gemeente-opbou en -uitbou, intensief en ekstensief, gerig op gemeente-opbou en gerig op die nie-Christelike wêreld. Deel van die gemeentebediening is gerig op die nie-Christelike wêreld, op die nie-dissipels, om van hulle dissipels te maak. Dit is die sendingbediening van die gemeente (Smit 1988:14-17).

In Bosch (1989:3-21) se werk oor "mission in Jesus' way" lê hy dan klem daarop dat 'n gemeente hulself aan die hand van Lukas moet vergelyk met die Jesus-interpretasie van sending, naamlik "empowering the lowly", "healing the sick" en "saving the lost".

Van Engen (1991:119-127) meen tereg dat die rol van die plaaslike kerk 'n apostolaat na die voorbeeld van Jesus is. Luk. 4:14-21 gebruik die woorde van Jes. 61:1-3. Lukas toon aan hoe Jesus gekies het om sy eie sending uit te beeld met die woorde "in sy eie land het 'n profeet geen eer nie". Lukas sien dit as platform vir Jesus se sending. Matt. 10 en 11 gee dieselfde perspektief. Die rol van Jesus as voorbeeld of patroon vir die kerk is dus belangrik. Die apostels ontvang die kerk se oorgedraagde apostolaat by die uitstorting van die Heilige Gees. Die apostels het in woord en daad verkondig en so dieselfde dinge gedoen as wat Jesus gedoen het. Paulus beklemtoon hierdie oorgedraagde sending in Rom. 15:15-19. Paulus sien homself as een wat die sending van Jesus moet voortsit.

Wanneer daar dan deur die gemeente gelet word op die bediening van Christus, sien die gemeente in Jesus se drievoudige amp sy voortsetting van hierdie ampte, naamlik profeet, priester en koning. Die gemeente moet dan dit wat vir Jesus gegeld het, op hul sendingverantwoordelikheid van toepassing maak. Dit is dan ook belangrik dat ons ook

verder moet kyk wat hierdie ampte vir die gemeente behels, maar dan ook wat die rol van elke gelowige in die gemeente is.

#### 1.4.1.1 Deur die voortsetting van die ampte, naamlik profeet, priester en koning

Die kerk sien in Jesus se drievoudige amp ook die kerk se voortsetting van hierdie ampte. Die Ou Testament gee drie tipes bedieninge, naamlik die van profeet, priester en koning. Elkeen is 'n bediening tot mense. Die profeet se bediening is tot die publiek, die priester is tot die persoonlike en geestelike behoeftes en die koning tot organisatoriese en politiese behoeftes. God lê al drie ampte op Christus. Christus voorsien ook dat die drie ampte ná hom moes voortgaan. Hy lê hierdie verantwoordelikheid op die herders. Die opdrag om die mense te leer om Christus se voorbeeld te volg word in al drie hierdie ampte getoon. Die kerk moet dus verstaan word as die gemeenskap van profeet, priester en koning wat in Christus se wêreld in gestuur word.

Wainwright (1983:103-104) wys daarop dat Christene geïdentifiseer word as konings en priesters in Open. 1:6 en 5:10, as 'n priesterlike gemeenskap in 1 Pet. 2:9 en as 'n profetiese gemeenskap in Hand. 2. Hy skryf verder dat ons as Christene juis dit is omdat ons Christus se mense is. Hy wys daarop dat die doop die sakrament is waardeur daar toegang tot die profeet en priester en koninklike waardigheid van Christus verkry word. Die profetiese rol roep die kerk tot geregtigheid en vrede, te wete menslike liefde, reg en waarskuwing. Die priesterrol sluit die sakramentele in, roep die mense om te verenig (tot hoogste moontlike geestelike toestand) en bied die verlossing wat in Christus gevind word. Dit bring ook troos, aanvaarding en vergifnis. Die koninklike amp roep die kerk tot erns in sy rol van nasiebou, chaos tot harmonie te bring, die regering op te roep om vir die mense te sorg en te organiseer vir die verkondiging van die evangelie (administrasie). Van Engen (1991:119-127) voeg "Geneser" en "Bevryder" by deur te verwys na Luk. 4:16-20, waar die konsepte voorkom wat Jesus se selfpersepsie en bediening beskryf. Die geneserdimensie was 'n sterk klem in Jesus se bediening en prominent in die vroeë kerk. Dit is een van die belangrikste funksies wat die kerk in die wêreld moet doen. Die bevrydingsterm kry die laaste tyd meer klem. Christus bevry van sonde en die gevolge

daarvan, van onderdrukking van geeste, bevryding van straf van die Wet, van gebroke verhoudinge.

### 1.4.1.2 Deur te leef as "mense van God"

In 'n Bybelse sin is alle Christene priesters en geestelik, en dit is 'n deurslaggewende beginpunt as ons die ware konsep van bediening en leierskap binne die kerk weer ontdek. Volgens Van Engen (1991:149-160) moet die term "lekedom" sy Bybelse sin gegee word deur die "mense van God", met onderskeiding in gawe, werking en bediening, maar nie onderskeiding in heiligheid, aansien, mag, toegewydheid of bedrywigheid nie. In die Nuwe Testament is al die mense van God bymekaar wat die kerk genoem word. Sulke volheid is nie moontlik as alleenlik tien persent of minder hulle plek en roeping vervul nie. Volheid sal gevind word wanneer die ander negentig persent in die bediening betrek word. Die ware betekenis van "leke(dom)" is dat elkeen wat in Christus is, 'n nuwe skepsel is. Die implikasie van die "mense van God"-konsep is bekering. Totale en volledige bekering in die Bybelse sin is 'n drieledige proses wat die volgende insluit: 1) bekering tot God in Jesus Christus; 2) bekering tot die Kerk, die liggaam van Christus; en 3) bekering tot bediening (verkondiging) in die wêreld vir wie Christus gesterf het.

### 1.4.2 Daarom moet die gemeente Een wees

In sy hoëpriesterlike gebed bid Jesus vir sy eerste dissipels dat die wat gedurende die eeue wat kom, tot hulle kring sou behoort "almal een mag wees, net soos U Vader in my en ek in U, dat hulle ook in ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (Joh. 17:21). Jesus bid vir 'n eenheid onder sy dissipels wat net so innig en sterk soos sy eenheid met sy Vader sal wees. As motivering vir hierdie eenheid bid Hy: "sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het". Die eenheid van die dissipels wat Jesus die wêreld instuur, moes dus daartoe bydra dat die sendingboodskap in die Naam van Christus 'n groter inslag by die ongelowige wêreld sou hê.

In die daaropvolgende vers bid Hy: "Die heerlikheid wat U my gegee het, het ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos ons een is" (Joh. 17:22). In die eenheid van die volgelinge van Christus moes die heerlikheid van Christus en sy boodskap aan die wêreld dus gesien word. Hierdie manifestasie van die lewe van Christus in die lewe van sy kerk sou die wêreld na hom toe trek.

Van Engen (1991:49-52) wys daarop dat die eenheid van die kerk ontvang word deur geloof. Dit word deur God gegee. God is deur die Seun en die Heilige Gees die "goddelike" bouer van die koninkryk (Ef. 2:11). Omdat ons deur die geloof die eenheid van die kerk ontvang het, moet ons ook strewe na eenheid (Ef. 4:1-3). Deur geloof ontvang ons die eenheid van die universele kerk en strewe ons om dit te ontvang deur die uitleef van ons gawes in diens van die wêreld. Die doel van gawes is om die gelowiges toe te rus vir diakonale diens, vir die opbou van die liggaam (Ef. 4:12). Die kerk se eenheid is tegelyk intern en ekstern. Ef. 4:12 sê dat elke gelowige aan die liggaam van Christus bou, sodat die hele kosmos een sal wees onder die Hoof, wat Christus is. Sending en eenheid is ingebed in Paulus se siening van die kerk. Ons sal heilig en onberispelik wees (Ef. 5:27; Open. 21:9-10).

Die heerlikheid van Christus gaan gepaard met die volheid wat sy kerk moet vul (Ef. 1:23). Paulus roep die gelowiges van Efese op om saam te "groei na Christus" toe (Ef. 4:15). Hy is immers die Hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en so bou die liggaam homself op in liefde (Ef. 4:15-16). Hier gaan dit om die onderlinge opbou van die kerk in die liefde van Christus en dit impliseer ook diens deur die kerk om Christus ontwil.

Hierdie lering uit die Skrif oor die onderlinge opbou en getuienis van die kerk kan van toepassing wees op sowel die eenheidstrewe en samewerking van kerke oor die algemeen, as op die NG familie in besonder. In die lig van ons Skrifbesinning is dit duidelik dat al die lede van ons NG familie by God se sending ingeskakel moet wees. Ook is dit duidelik dat ons NG familie groot erns moet maak met gesamentlike sendingbetrokkenheid.

Die NG familie vorm 'n hegte eenheid. Al sy jong kerke het tot stand gekom as vrug van die sendingarbeid van die NG Moederkerk. Almal is in hulle breër verbande onder haar leiding gekonstitueer. Almal het basies dieselfde belydenisgrondslag. Die verklaarde sendingbeleid stel dit egter duidelik dat "die eenheid van die kerk die toetssteen vir getuienis aangaande die koninkryk van God is (KS 164), wat 'n belangrike aanvulling tot ons siening van gesamentlike sendingbetrokkenheid is.

Die Here soek by die NG Moederkerk, en by die hele NG familie, verootmoediging oor onderlinge verdeeldheid, liefdeloosheid, onmag om te bid en om vir Christus afsonderlik en gesamentlik te getuig (2 Kron. 7:14; Jak. 5:16; 1 Joh. 1:8-9). Hy soek na 'n nuwe openheid en oorgawe om gevul te word met die liefde van God se koninkrykdiens (Rom. 5; 2 Kor. 5:14-15). Gesamentlike NG sendingbetrokkenheid sal duur wees, soos die duur liefde van God wat Christus tot aan die kruis laat gaan het. Maar die Here sal gesamentlike sendingbetrokkenheid ryklik seën (Joh. 12:24-26; 31-32). Die NG familie moet vorentoe op gesamentlike sendingbetrokkenheid ingestel wees en kan met vrymoedigheid die Here se seën daarop vra en verwag (Van der Merwe 1988:22).

### 1.4.3 Daarom moet die gemeente streef na *pleroma*, na volheid

Die gemeente is 'n vergadering van gelowiges in die ruimte van die koninkryk, ter wille van die koms van hierdie ryk. Dit is die allesomvattende getuienistaak van die kerk in die wêreld - dan dien alle opbou van 'n gemeente die koms van die koninkryk. Die koninkryk neem intensief gestalte aan deur groeiende geestelike volwassenheid by lidmate en neem ekstensief gestalte aan deur bekering van mense uit alle volke. Gevolglik lê die doel en bestemming van die kerk in 'n *pleroma*, 'n volheid, wat terselfdertyd intensief-bevestigend en ekstensief-missionêr is (Ef. 4:13-14 en Rom. 11:25-26).

Die "opgebou word" van die gemeente van Christus volgens die brief aan die Efesiërs dwing die kerk van die begin af tot sendingkerk. Die kerk word opgebou in die

aanbidding van die Here, maar ook opgebou in die toevoeging van nuwe aanbidders van God. Hand. 9:31 is 'n pragtige voorbeeld van gelyke opbou in intensiewe, sowel as ekstensiewe sin. Vers 31 is 'n afsluitende terugblik op 'n bepaalde fase van Christus se werksprogram van sy kerk (Hand. 1:8). Terselfdertyd suggereer dit 'n vooruitblik op die vestiging van 'n kerk wat na binne en na buite groei (Hand. 10-28). God se *missio* sluit dan sending en gemeente-opbou in. Jesus stuur sy apostels met die omvattende opdrag om die evangelie te verkondig: dit is om dissipels te maak (sending) en hulle te leer om alles te onderhou (gemeente-opbou). Die Liggaam-van-Christus-taal van Paulus dui aan dat die liggaam groei (intern en ekstern) en dit word gebou (op- en uitbou) deur "elkeen van hulle wat sy funksie vervul" (Ef 4:16). Smit (1991:48-58) noem dit die koninkryksbediening.

Dit is daarom belangrik dat die gelowiges as die kerk, hulself as God se missionêre mense sien en ook hulself as 'n menslike organisasie en 'n Goddelike, geskepte organisme moet sien. Die kerk se missie is dus gawe en taak beide spiritueel en sosiaal.

Dit lyk of Jesus sy dissipels vertel dat hulle, deurdat hulle "getuies" is, al meer sal word wat Hy hulle gemaak het. Die kerk is voortdurend wordende, ontwikkelende. In 'n ander sin is die kerk reeds wat hy besig is om te word. Van die kerk se geboorte word hy geroep om 'n volwasse man te word (Ef. 4:13). Smit (1991:48-58) toon 'n patroon van "gaan, leer, rus toe en stuur" aan. Die historiese uitbreiding van die kerk kan beskryf word as die missionêre mense van God wat streef om meer te word, nie net numeries, kultureel en geografies nie, maar ook spiritueel, struktureel, teologies, musikaal ensovoorts. Van die kerk se geboorte af word hy geroep om 'n volwasse man te word (Ef. 4:13).

Verder meen Van Engen (1991:73-84) dat die universele intensie van die Ou Testament, die versameling van die Nuwe Testament, die soeke na die verlore skaap, die bou tot volheid, die beeld van groei, alles dui op die drang om meer en meer te akkommodeer binne homself. Dit is 'n drywingskrag in homself, 'n houding van die kerk om te groei. In verband met die vier eienskappe kan 'n mens dan sê: die een kerk het 'n drang om meer

te word; die heilige kerk het 'n drang om die heiligheid van God te bring aan alle sondaars; die katolieke kerk het 'n drang om almal in te sluit wat in Christus glo; die apostoliese kerk het 'n drang om uit te gaan en dissipels te maak.

Du Preez (1990:257-263) bevestig dat daar tot die besef gekom moet word van ons volkome afhanklikheid van Jesus Christus, as Hoof van sy kerk op aarde. Dit is 'n sensitiewe interafhanklikheidsbesef by almal wat geroep is om na te dink en te beplan oor die een of ander aspek van die kerk se gesamentlike onvoltooide sendingtaak, solank daar nog sprake is van selfstandige kerkverbande binne die een NG Kerkfamilie.

### 1.4.4 Daarom moet die gemeente die dienskneg van die koninkryk wees

Die kerk staan voluit in diens van die koms van die koninkryk. Die kerk is Christus se koninkryksgetuie in die wêreld (Hand. 1:6-8). Dit geld vir elke gemeente. En elke gemeente beteken: elke lidmaat. Dus het die kerk die roeping om as liggaam van Christus, in gehoorsaamheid, dit wil sê onder leiding van die Heilige Gees, 'n getuie van Jesus Christus in die wêreld te wees, met die oog op die koms van die koninkryk van God (Du Preez 1985:1 e.v.).

Van Engen (1991:101-117) meen dat die missionêre geloof gedefinieer word deur sommige nuwe woorde wat vorm gee aan die manier hoe ons uitwaarts beweeg: *koinonia, kerugma, diakonia* en *marturia*. Die woorde bied 'n breër perspektief van die koninkryk van God in 'n wêreld wat geskep is, in stand gehou word, regeer word en verlos is deur Jesus Christus, die Koning. Ons kan nie heeltemal die wydte en diepte van die gemeente se missie begryp, tensy ons dit bekyk vanuit die verhouding met die koninkryk van God in die wêreld nie. As God se missionêre mense, is die plaaslike gemeente, kantore van die koninkryk, instrumente en tekens van die komende ryk.

Missionêre gemeentes is dan volgens hom plaaslike verskynings van die verbondsgemeenskap van die Koning (Gen. 15). Ons sien in die Ou Testament (Deut. 10:15) dat die Israeliete spesiale mense was, uitverkies met 'n unieke erfdeel, missie en

hoop. Israel se verbondsverhoudings met Jahwe het beide seën en vloek behels. Die mense het die negatiewe met die positiewe aanvaar, omdat Jahwe 'n spesifieke doel met hul gehad het. Terselfdertyd het hulle besef dat God nie besit of beheer kan word nie. Hy is Here oor almal, wat binne sy verbond 'n spesifieke doel met Israel gehad het, ter wille van die wêreld. Jahwe wou die hele wêreld seën en daarom was daar nie 'n eksklusiewe ten opsigte van Israel nie. Om Jahwe se mense te wees, het beteken om bereid te wees om instrument te wees ter wille van die nasies. Sy uniekheid was nie as gevolg van sy geskiedenis, meriete, kultuur, ras ensovoorts nie, maar God se genadige roep. Dit het hom 'n unieke missie gegee wat hom onderskei het van ander nasies.

Ook Jesus het hierdie konsep aangeneem in sy oproep tot die dissipels - hulle was in die wêreld, maar nie van die wêreld nie, omdat hul waardes, hul doel en hoop nie van die wêreld was nie. Hulle is gestuur om deel van die wêreld te wees, maar hulle is gestuur as skape tussen wolwe. Hulle het die wêreld verteenwoordig en is gestuur ná die wêreld, maar tog is hulle geskei van die wêreld deur God se oproep tot dissipelskap. Paulus het ook hierdie tema opgeneem tydens sy eerste sendingreis en wel toe hy sy eerste preek in Antiogië gelewer het, naamlik dat hulle die lig vir die nasies is. Petrus sê vir sy lesers dat hulle uitverkorenes is, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie, mense wat aan God behoort.

Die koninkryk en regering van Jesus Christus is reeds teenwoordig, maar nog nie voltooid nie; dit het gekom, maar is komende. Die koninkryk en kerk is verweef in die persoon Jesus Christus, wat Koning van die koninkryk en Hoof van die kerk is. Die kerk is daarom die missionêre gemeenskap van dissipels van die Koning. Die evangelie is dus die goeie nuus dat die koninkryk gekom het. God is met ons - Immanuel - en God regeer oor die mens. Die koninkryk kom en plaaslike gemeentes is tekenend vir die wêreld dat die Koning kom. Hulle is anders as ander mense, hulle is burgers van 'n ander ryk.

God se missionêre gemeente word opgeroep om die kennis van die regering van die Koning te versprei deur die wêreld, dit wil sê dat die kerk nie die doel van sending op sigself is nie. Plaaslike gemeentes is die instrument van iets groter as hulself, hulle is

instrumente van die koninkryk. Plaaslike gemeentes neem deel aan die koms van die koninkryk deur hul lewens as verbondsgemeenskap van die Koning. Die kerk, nie die koninkryk nie, is die Bruid van Christus. Die kerk, nie die koninkryk nie, is die Nuwe Jerusalem. Wanneer ons dus die missionêre gemeente opbou, neem ons reeds deel aan die koms van die koninkryk. Daar is 'n dinamiese verhouding tussen die kerk, die koninkryk en die wêreld. Joh. 3:16 sê dan ook dat Christus nie sy lewe vir die kerk afgelê het nie, maar vir die wêreld.

### 1.4.5 Daarom moet die gemeente streef na heiligmaking (*hagiasmos*)

Du Preez (1985:1 e.v.) wys daarop dat daar in die Ou Testament van Israel as volk van God verwag word om as 'n lig tussen volke te skyn. Israel se lig is in werklikheid die heerlikheid van die Here (*kebod* Jahwe) wat oor hom opgegaan het; Jahwe se magtige genaderyk en heiligende teenwoordigheid in die midde van die Godsvolk (Jes. 59:20). Dit bring mee dat die nasies na hierdie lig stroom (Jes. 60:3). Ook die Nuwe Testament is vol van die missionêre effek van geheiligde lewens. Byvoorbeeld Matt. 5:13-16 (sout en lig), en die sewe gemeentes in Open. 2 en 3 wat aangedui word as sewe kandelare, en twee pragtige gedeeltes uit Petrus oor die krag van die Christelike voorbeeld onder nie-Christene ( 1 Pet 2:12; 3:1-2). In besonder ook die woorde van Christus se gebed op die vooraand van sy kruisiging (Joh. 17:18-19). In vers 19 sê die Here Hy heilig Homself ter wille van sy dissipels. In die lig van die voorafgaande vers 18, wat oor die uitstuur van die dissipels in die wêreld handel, het die heiliging van die dissipels hier in vers 19 die betekenis van heiliging ter wille van andere.

Volgens Van Engen (1991:52-54) ontvang ons deur geloof die heiligheid van die kerk, omdat ons dit nie kan sien nie. Met ons monde bely ons dat ons gelowiges is, maar in ons harte weet ons, ons is sondaars. Ons moet daarom streef om 'n lewe van heiligheid te leef, sodat ons kinders van die lig kan wees. In Ef. 3:14-21 beeld Paulus heiligheid uit as die krag van die Gees in die innerlike persoon, as Christus se inwoning in ons harte deur geloof. In die kern van heiligheid staan liefde. Die heiligheid van die kerk lê dus in liefde.

### 1.4.6 Daarom moet die gemeente daar wees vir die wêreld, vir almal

Die kerk is daar vir die wêreld, naamlik vir die mensdom, gestuur as 'n dienskneg (Matt. 10:5-42; Luk. 24:49) en die kerk is universeel (Ef. 1:19-23). Volgens Hand. 6, Jak. 1:27, Maleagi en Jesaja is die kerk verantwoordelik vir die armes en onderdruktes. Christene is dus medeverantwoordelik vir die chaotiese toestand waarin die wêreld verkeer. Juis in die uitstuur word die apostolisiteit voortgesit. Omdat die kerk ontstaan het as gevolg van die sending, is sending die kern van die kerk. Verkondiging hoort nie net in die kerk nie, maar ook in die wêreld. Die rol van die kerk is om die heerskappy van Christus te verkondig in die duisternis (Van Engen 1991:73-84).

Omdat Christus die Heerser is oor die ganse heelal, daarby ingesluit elke mag en elke gesag, gee Hy aan die kerk hierdie selfde outoriteit, want Hy is die Hoof. Omdat Christus die universele Hoof is, moet die kerk ook universeel uitreik na die wêreld, sodat die indikatief gestalte kan vind. God se verkiesing van Abraham en Israel betrek die hele wêreld. Die katolieke kerk is totaal en al oop vir die gemeenskap. Sy deure is altyd oopgesprei vir ieder en elk. Elke gelowige is daar om die katolisiteit van die kerk te verbreed en uit te brei, sodat elke nasie, ras, taal en kultuur die koninkryk van genade sal leer ken (Van Engen 1991:47-57).

## 1.5 Die kanale vir 'n omvattende missionêr-gerigte bediening

Vervolgens leen ek veral sterk op die sieninge van Du Preez en Van Engen rakende die kanale waardeur 'n bediening missionêr-gerig kan wees.

### 1.5.1 Deur *Koinonia*

Volgens Du Preez (1985:1 e.v.) is daar 'n sendingperspektief in die gemeenskap (die *koinonia*) en ook in die eenheid van gelowiges. Hierdie geloofsgemeenskap moet steeds groeiende gestalte gee, sodat die wêreld kan glo dat God sy Seun tot heil van die wêreld

gestuur het (Joh. 17:20-23). Hy wys ook op die sendingperspektief in die gemeentlike samekoms. Tydens die gemeentelike samekoms in 'n erediens is dit die Here wat met sy gemeente saamkom.

Van Engen (1991:90-92) wys daarop dat *koinonia* verwys na, naamlik om jou naaste lief te hê, in die Ou Testament en ook in die Nuwe Testament gevind word (Lev. 19:18 en Mark. 12: 29-31). Dit is 'n tipe selfverloënende liefde. Dit is hoe die belofte, "Ek sal by julle wees", altyd vervul is. In hierdie teenwoordigheid van Christus sal ons Hom leer ken en dit is in die gemeenskap van die gelowiges, daar waar hulle in liefdevolle *koinonia* vergader. Die *koinonia* as gemeenskap van liefde is die fondasie van *diakonia*, *kerugma* en *marturia*, maar as die drie nie in die kerk is nie, dan is die *koinonia* nie wat dit moet wees nie.

### 1.5.2 Deur *Diakonia*

Van Engen (1991:94-97) haal die volgende by diakonaat aan: "The least of these brethren" wat daarop dui dat die slaaf nie belangriker as sy Here is nie. Van Engen verklaar diakonaat verder volgens die uitleg van die volgende terme (a) *douleo*, as dien soos 'n slaaf; (b) *therapeuo*, as gewilligheid tot diens; (c) *latreuo*, as diens vir loon; (d) *hupereteo*, as diens aan die meester; (e) *diakoneo*, as persoonlike diens tot ander. Paulus koppel die natuur van die kerk met die daad van voorsiening in die fisiese nood van die wat ly deur verdeling van die gawes van die opname.

Du Preez (1985:1 e.v.) bevestig dat diens aan die wêreld in sy nood (Sendingreglement 2:1) onmiskenbaar is. Die liefde van God moet ons dring, want "Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie, hoe kan die liefde van God in hom wees?" (1 Joh. 3:17). Die liefde van God word juis hierin geopenbaar, dat Jesus Christus sy lewe vir ons afgelê het, en ons nou dieselfde vir ons broers moet doen (1 Joh. 3:16).

Om missionêr te wees beteken om ook geregtigheid te beoefening (*dikaiosune*). Die liefde wat ten grondslag lê van die diakonaat van die kerk, vind in besonder uitdrukking in beoefening van geregtigheid. Die God van liefde is die God van die reg. Die missionêre roeping van Abraham in Gen. 12:1-3, om vir alle nasies tot 'n seën te wees, sou volgens Gen. 18:19 in vervulling gaan alleen langs die weg van geregtigheid en reg. Uit Matt. 28 blyk dit dat die wat uit die nasies dissipels van Christus word, geleer moet word om alles te doen wat Christus sy dissipels beveel het om te doen. En dit beteken ook die doen van wat reg is teenoor andere (Matt. 7:12; 7:23). Sending is geregtigheid teenoor die kosmos, want wie in Christus is, is reeds 'n nuwe skepping ( 2 Kor. 5:17).

### 1.5.3 Deur *Kerugma*

*Kerugma* gaan primêr om die verkondiging dat Jesus die Here is. Hy is selfs Here oor die hele kosmos, nie net in die kerk nie. Die wêreld is die verkondigingsarea. Die kerk bestaan wanneer mense bely dat Hy die Here is. In 'n missionêre gemeente moet daar 'n onskeibare verbinding tussen belydenis en opdrag wees (Van Engen 1991:92-94).

Du Preez (1985:1 e.v.) meen dat verkondiging niks minder is as 'n wêreldwye onthulling, op Godsbevel, van Sy groot heilsgeheimenis in Christus nie (Rom. 16:26). Hierdie opdrag is direk aan die apostels gegee en deur hulle aan die kerk (Matt. 28:18-20; Luk. 24:46-47; Hand. 26:16-18). Verder dui Du Preez aan dat materiële voorsiening missionêre verkondiging is. Hier is 'n aantal Skrifgedeeltes ter sprake waar die Griekse woord *propempo* 'n belangrike rol speel in samehang met die verkondiging van die evangelie onder die nasies. Soms beteken *propempo* eenvoudig om iemand te begelei, byvoorbeeld Paulus na sy skip (Hand. 10:38). In Hand. 15:3 kan dit egter beteken dat die gemeente van Antiogië vir Paulus en sy metgeselle "van die nodige" vir die reis voorsien het. Wat die gemeente in Rome betref, vra Paulus hulle om hom, met die oog op sy sendingreis na Spanje, van die nodige te voorsien. In 3 Joh. 6-8 is dit duidelik dat *propempo* hier neerkom op materiële hulpverlening met die verkondiging van die blye boodskap aan die nie-Christene.

### 1.5.4 Deur *Marturia*

"Julle sal my getuies wees...", staan in Hand. 1:8. Volgens Van Engen (1991:97-99) bring *koinonia, kerugma* en *diakonia marturia* na vore. Mense wat Hom nie ken nie moet Hom leer ken in die dade en woorde van die kerk. Die kerk getuig dat Christus lewe, Hoof is van die liggaam deur *koinonia, kerugma* en *diakonia*. Die beoefening van die bediening van die versoening is die hart van die kerk se getuienis.

Du Preez (1990:257-263) skryf dat by *marturia* die uitlewing van die Christelike liefde (*agapé*), 'n sleutelrol speel (Matt. 5:43-45; 22:37-40). Die Christelike getuienis strek nog verder. Dit sluit ook die materiële voorsiening vir missionêre aktiwiteite in (vgl. *propempo*, vertaal as "voorthelp", in Rom. 15:24 en 3 Joh. 6-8), die beoefening van geregtigheid teenoor die naaste (*dikaiosune*) en die heiliging van die Christelike lewe (*hagiasmos*). Eindelik mag ook die missionêre krag wat van die *latreia* uitgaan, dit wil sê van die aanbidding van God in die gemeentelike samekoms, nooit misgekyk word nie. Voorbeelde hiervan is Hand. 13:1-4; 1 Kor. 14:23-25 en Open. 22:17.

### 1.5.5 Deur *Leitourgia*

Du Preez (1985:1 e.v.) sien sending ook as gebed (*proseuche*). Reeds in die Ou Testament kom gebed vir die heil van volkere deur enkelinge, sowel as deur die vergaderde gemeente, na vore. Abraham se individuele voorbidding vir Sodom (Gen. 18) en Salomo se tempelgebed vir alle nie-Israeliete wat die aangesig van God soek (1 Kon. 8: 41-43) dien as voorbeeld. In die Nuwe Testament beveel Christus sy dissipels aan om die Here van die oes te bid om arbeiders uit te stuur vir die oes (Matt. 9:38). Die sendingapostel, Paulus, vra telkens die gemeentes om hom en sy medearbeiders op hulle sendingreise met gebed (*proseuche*), smeking (*deesis*) en danksegging (*eucharistia*) te ondersteun (Ef. 6:18-20; Kol. 4:2-4; 1 Tess. 5:25; 2 Tess. 3:1-2). Meiring (1994:25) skryf ook dat sending die gemeente se gebed in aksie is.

## 1.6 Gevolgtrekking

Nêrens in die Ou Testament lees ons dat die gemeente van gelowiges in Israel 'n sendingopdrag ontvang het om die heilsboodskap aan die omringende heidense volkere te gaan verkondig nie, maar tog was hierdie gemeente al van Abraham se tyd af daarvan bewus dat hy bestem was tot 'n seën vir "al die geslagte van die aarde" (Gen. 12:3). Die heidene sou getrek word deur die Woord van God wat Israel besit het, deur hul aanvoeling van sy teenwoordigheid onder Israel en hul heilige wandel en afkeer van afgodery (Lev. 20:22-26; Deut. 12:2-6). In die Nuwe Testament sien ons dat Jesus Christus na sy kruisdood en opstanding wel 'n bepaalde opdrag aan sy dissipels en daarmee aan sy hele kerk gegee het om "dissipels van al die nasies" te maak. Deur sy bloed verwerf die Heiland vir Hom 'n kerk uit alle volkere en tale (Hand. 20:28; Open. 5:9). Van Engen meen dan dat die plaaslike kerk of gemeente die basiese agent van die kerk se sending in die wêreld is. Dit is dan duidelik uit hierdie hoofstuk dat die plaaslike gemeente 'n missionêre gemeente is en daarom moet alles (*ta panta*) onder die Hoofskap van Christus gebring word tot eer van God. Daarom word akkoord gegaan met Meiring (1994:25 e.v.) wat aandui dat ons geloof in God, ons hoop op God en ons liefde vir God, die sending sal bepaal.

Die plaaslike gemeente, net soos die universele kerk, is daarom geroep om in alles wat hy doen, 'n sendingdimensie te hê. Wanneer die gemeente vergader, die predikante preek, die gemeente diens verrig of selfs by die lof- en aanbiddingsgeleenthede, moet die gemeente die wêreld en sy nood, in die oog hê. Die plaaslike gemeente se intensie moet egter ook missionêr wees. Die gemeente se fokus, sy tyd en sy geld, moet die wêreld dien vir wie hy geroep is.

# HOOFSTUK 2

# DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE VERHOUDING NG KERK EN NG KERK IN AFRIKA WATERBRON

## 2.1 Die verloop van die verhouding tydens die aanvangsjare

Die NG Kerk van die Vrystaat het gemeentelike sendingwerk as 'n vanselfsprekende noodsaaklikheid aanvaar. Dit blyk uit die feit dat dit reeds met die eerste sinodale vergadering (1865) per wetgewing vasgelê is (Art. 59), deurdat elke gemeente verplig was om binne sy eie grense sendingwerk te doen. Ds. J.G. Strydom, sendingsekretaris, skryf dit is 'n baie belangrike besluit met gunstige gevolge dat in elke moedergemeente in die kerk van die Vrystaat daar ook 'n sendinggemeente is, en dit is die plig, volgens kerkwet, van moedergemeente om sendingwerk te behartig, en as moedergemeente dit nie meer kan doen nie moet hy 'n sendeling kry wat hy grotendeels besoldig. Die besluit het daarop neergekom dat predikante verplig was om, behalwe hulle gewone arbeid aan eie gemeentes ook nog nie-blankes binne hul gemeentegrense te bearbei. Dat dit die plig van predikante was is by die sinode van 1871 baie duidelik gestel (Odendaal 1970:76-77).

Nadat die NG Kerk Waterbron, afgestig het van die NG Kerk Bloemfontein, het hul dan ook met 'n sendingwerkkring begin. Volgens dr. Doubell is dit hoe die verhouding begin het. Die NG Kerk Waterbron het begin met 'n tipe sendingstasie, want volgens hom was dit op hul hart dat daar so iets moes wees. Met verloop van tyd het mense dan stukkies grond geskenk soos Byelkanderkoms, Leeuvlei, ensovoorts (F.B. Doubell - 3/7/02).

Maar reeds baie vroeg het die sendingsekretaris gewys op die gevaar van selfsug en paniekerigheid in ons NG Kerk-gemeentes (Notule: Ring van Bloemfontein, 1935).

In hierdie selfde tydperk spreek eerw. Blomerus, volgens die notule van die Ring van Bloemfontein, in sitting rondom 20/4/1938, die ringsvergadering toe en beklemtoon hy

die feit dat 'n wit sendeling nodig is omdat die aard van 'n swarte so is dat hy onder toesig wil wees (Notule: Ring van Bloemfontein, 1938).

Hierdie opmerking laat die vraag ontstaan of die NG Kerk in hul benadering tot die sending, en veral dan in hul verhouding tot die sendingkerk, op die regte manier opgetree het en dalk aanvaar het, dat hulle reg is en dat ander nie reg is nie. Verder blyk dit dat daar reeds in hierdie tydperk, dit wil sê rondom die aanvangsjare, probleme was in die verhouding van die NG Kerk en die Sendingkerk, want by die ringsvergadering van Bloemfontein met die tweede sitting om en by 18/4/1941, beklemtoon die sendingsekretaris ook weer die noodsaaklikheid van meer wit sendelinge, omdat hy meen, swart leraars geen sisteem het waarvolgens hulle werk nie. Ook word daar gesê dat daar van die kant van die swartes, dikwels 'n vyandige gesindheid teenoor die wittes is, maar dat hulle nogtans die koninkryk van God moet uitbrei (Notule: Ring van Bloemfontein, 1941).

Daarom poog die NG Kerk reeds vanaf die ontstaansjare van die NGKA Waterbron vir goeie samewerking, aldus 'n herderlike brief van die NG Kerk, Ring van Bloemfontein aan al sy gemeentes rondom 19/4/1939, om hierdie saak te bevorder. Onder die hofie "Onderhoriges", is geskryf: "voorts moet die getroue lidmate van ons kerk tog dink aan die sieleheil van die bediende in die huis, op die werf en op die plaas (Matt. 28:19). Voorts word aangedui dat hul ook tog van hul grond moet weghou die Roomse, AME Kerk en ander ongewenste genootskappe en kommunistiese propagandiste met hulle bierdrinkery, veelwywery, gelykstelling, rassevermenging en vyandskap teen die boer en boerekerk". Verder moet hul ook die preekpas van die swarte wat op hul plaas wil preek ondersoek. En word daar ook gevra om aan die onderhoriges 'n plekkie by die huisgodsdiens te gee. Hulle moet dan ook vir hulle die *serumula* (kerkblad) van die Sendingkerk besorg. Waar nodig, word gevra om met regeringsubsidie 'n sendingskool te stig voor vyandelike genootskappe met dieselfde subsidie dit doen (Notule: Ring van Bloemfontein, 1939).

Tydens dieselfde ringsvergadering wys die leraar van De Bloem op die toestand in Bloemfontein waar daar in die magistraatsdistrik 60 000 swartes is, waarvan 49 000 aan geen kerk behoort nie en dus bearbei moes word. Die groepering van gemeentes om 'n sendeling te beroep word aanbeveel en die saak word aan die volgende gemeentes opgedra: Bultfontein, Hoopstad, Hertzogville, Dealesville, Bloemfontein-Wes, Soutpan en Waterbron (Notule: Ring van Bloemfontein, 1939).

Om die verhouding en daarom ook samewerking te bevorder, pleit die sendingsekretaris dat al die werk in die sendinggemeentes nie aan die evangelis oorgelaat moet word nie en dat daar volgens Sinodale besluit, 'n kommissie moet wees waarvan drie uit die Moederkerkraad, met die dominee as voorsitter, en drie uit die Sendingkerkraad, beheer moet uitoefen oor die finansies. Hy wys ook daarop dat die swart opleidingskool 'n strategiese punt is wat hul in besit moet neem. Ook spreek die ring hom ten gunste uit van die groepering van gemeentes. Verder beveel die ring aan dat die Ringsendingkommissie pogings sal aanwend om gemeentes daartoe te beweeg om gesamentlik een sendeling te beroep (Notule: Ring van Bloemfontein, 1939).

Daar het egter eers 'n paar jaar verloop voordat daar tydens die voordra van die sendingverslag, aan die Ring van Bloemfontein, in sitting rondom 1/5/1946, deur die vergadering besluit is dat die Ringsendingkommissie met die betrokke kerkrade en sendingleraars moet onderhandel, sodat 'n gesonde koördinering van al die evangeliste in die sendinggemeentes, onder toesig en beheer van 'n wit sendeling sal staan (Notule: Ring van Bloemfontein, 1946).

Wat die groepering vir gesamentlike sending betref, blyk dit uit die notule van die ringsvergadering van Bloemfontein op 12/4/1947 se sendingverslag dat die poging van die Ringsendingkommissie onsuksesvol was wat betref die groepering van Dealesville, Waterbron en Bloemfontein-Wes. Waterbron was gewillig om by te dra, maar die ander nie. 'n Verdere poging vir groepering is dan weer aan die sendingkommissie opgedra (Notule: Ring van Bloemfontein, 1947).

In die verloop van hierdie verhouding het daar ook verdere probleme na vore gekom soos wat die sendingsekretaris, naamlik ds. Van der Merwe, dit opgevat het in die notule van die ringsvergadering van Bloemfontein rondom 30/4/1949. Hy noem aan die vergadering dat daar 'n gebrek aan arbeiders, geordendes en andere is. Verder sê hy dat daar kommunistiese invloede is wat opstand verwek. Hy beweer ook dat daar by hulle verantwoordelike vergaderings dinge gesê word wat skade doen. Daar is Rooms Katolieke wat geld ontvang het van die staat en die staat met hul eie geld bestry. Daar word ook klem gelê op die buiteposondersteuners se goeie werk en hulle word genoem die hartaar van die sending. Die predikant van Bloemheuwel meen plaaslike sending moet gekoördineer word en doen die gedagte van 'n sendingraad aan die hand om al die kragte te koördineer. Die dominee van Waterbron meen dus net 'n klein klompie wat al die laste dra en dat dit tot 'n breekpunt sal kom (Notule: Ring van Bloemfontein, 1949).

In aansluiting hierby meen eerw. Wessels, moderator van die sendingkerk, dat die konsep reglement van die sendingraad aanbeveel moet word en in Augustus voor die Algemene Sinodale Kommissie moet kom. Die ring spreek verder sy begeerte uit dat die verskil in status van dominee en sendelinge beëindig moet word en gelykwaardige opleiding gegee moet word. Die vergadering wys dan ook op verdere probleme, soos die statuskwessie, die posisie van die sendeling tussen die moederkerk en die sendingwerk en dan ook die opleidingskwessie (Notule: Ring van Bloemfontein, 1949).

Daar was reeds van vroeg af sprake van sendingvyandigheid en daarom is daar aanbeveel by die ringsvergadering dat die Sendingvriende-verenigings gestig moet word om belangstelling by manslidmate te kry (Notule: Ring van Bloemfontein, 1950).

Na 'n verloop van 'n paar jaar het die ring toe tog aan die Ringsendingkommissie die taak opgedra om voorbereidende werk te doen in verband met die stigting van 'n sendingraad vir die behartiging van die sending in die Ring van Bloemfontein, ten einde alle pogings in werking te stel om volgens die kerkwet, hierdie ideaal te verwesenlik. So is die sendingraad dan gekonstitueer as die NG Sendingraad van die ring(e) van Bloemfontein, tydens 'n spesiale ringsitting van die Ring van Bloemfontein op 22/10/1951, om al die

sendingbelange in die ring op die bes moontlike wyse te behartig en ook om onderwys en opvoeding van swartes te bevorder (Notule: Ring van Bloemfontein, 1951).

Dit is duidelik dat die NG Kerk baie klem gelê het op gesamentlike sendingwerk, aangesien die ringsvergadering van Bloemfontein om en by 4/5/1953 gepleit het dat meer persone gevind moet word om buiteposte te ondersteun. Verder het die ring 'n ernstige beroep gedoen op die kerkrade om by die reeds gestigde sendingraad aan te sluit, sodat alle kragte in Bloemfontein saamgesnoer kon word (Notule: Ring van Bloemfontein, 1953).

Volgens die sendingverslag aan die ringsvergadering, word gerapporteer dat die NG Kerk Waterbron sy sendingwerk selfstandig doen en ook een geordende werkkrag in diens geneem het, maar die verslag rapporteer ook dat die sendingaksie in die ringsgebied in geheel as betreurenswaardig beskou kan word. Verder word verslag gedoen dat die kombinasie van die vyf gemeentes nie as 'n soort sendingraad beskou kan word nie, maar bloot as 'n kombinasie soos die in die verlede, of soos dié binne ringsverband (Notule: Ring van Waterbron, 1954).

Dit blyk uit die studie dat daar ook groot probleme was rakende die invul en inhandiging van sendingverslae. In die notule van die ringsvergadering van Bloemfontein rondom 18/4/1955, word daar genoem dat sommige verslae oor sending eers die aand met die opening van die ring ontvang is (Notule: Ring van Bloemfontein, 1955). Uit hierdie gegewens moet mens dan ook vra of daar ooit werklik 'n sendingbelangstelling was onder die leraars van die NG Kerk, want sendingverslae is oor die jare heen baie swak ingevorder en dan ook net half ingevul.

Tydens dieselfde ringsvergadering word daar dan ook verslag gedoen dat die vakature wat bestaan het by die NG Sendingkerk Waterbron, gevul is deur eerw. W.F. Boshoff. Ook pleit die sendingsekretaris dat meer lidmate sal inteken op die *Ligstraal* vir hul werkers en word daar gesê dat hierdie blad die standpunt van die kerk in die taal van die swarte stel (Notule: Ring van Bloemfontein, 1955).

Wat die NG Kerk Waterbron, as die NGKA Waterbron se moedergemeente, verder betref rakende sending in hierdie tydperk, rapporteer die sendingverslag van 1941 dat daar sendingbidure en sendingpreke was. In 1943 is daar ook begin met jaarlikse sendingfeeste en het daar ook 'n Vroue Sendingbond, 'n Jongdogter Sendingbond en 'n Kindersendingkrans begin. In 1948 skryf P. de B. Kock dat sendingbidure en -preke en konferensies met die gemeente, in belang van sending, gehou is. In 1955 word verslag gedoen dat daar ook toe 'n Sendingvriende-vereniging was (Sendingverslae (vorms), 1935-1979).

## 2.2 Die verloop van die verhouding tydens die middeljare

Alhoewel daar tydens die aanvangsjare 'n sterk gevoel was vir gesamentlike optrede vir sending, het daar nie veel van gekom nie, en het die ringsvergadering van Bloemfontein-Noord rondom 20/4/1961 by die kerkrade aanbeveel dat die beginsel van gesamentlike optrede vir sending, in die hele Bloemfontein aanvaar moet word. Dit het beteken dat elke gemeente hul geboue en werkkragte tot beskikking van die gestigde Sentrale Sendingkommissie sou stel. Die vergadering het dit dan ook aanvaar en gevra dat die kerkrade hulle verteenwoordigers so gou moontlik moes kies vir die gestigte Sentrale Sendingkommissie (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1961).

Tydens dieselfde ringsvergadering van Bloemfontein-Noord is daar ook besluit om kerkrade te vra om die sendingsekretaris uit te nooi om oor sending te preek. Daar word dan ook gerapporteer dat lidmate deur die sendingkerk bedank is vir hulle houding ten opsigte van sterk drank aan swartes. Die ring versoek ook kerkrade om 'n verskerpte aksie vir sending in onderskeie gemeentes te loods en getrou voorbidding te doen vir ampsdraers en lidmate van die sendingkerk. Die ring dra verder aan die Ringsendingkommissie op om so gou moontlik 'n ringsendingkonferensie te reël. Laastens vra die ring kerkrade om gereeld aan gemeentes verslag te doen oor sendingwerk in hul gemeentes. Ook keur die ring die Sendingweek, wat in Augustus in Bloemfontein gehou is, goed (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1961). Dit blyk

dan dat die NG Kerk reeds aan die begin van die middeljare opnuut met pogings na vore gekom het om die verhouding te bevorder, om sodoende effektiewe sendingwerk te kon loods.

So rapporteer die sendingverslag dan ook aan die ringsvergadering van Bloemfontein-Noord dat die NG Kerk-gemeentes van Waterbron en Bainsvlei verantwoordelik sou wees vir die werk in die sendinggemeente Waterbron en dat 'n bedrag van R1006,46 deur die gemeentes hier bestee is. Ook word gerapporteer dat die Ring van Bloemfontein-Noord in vier plaaslike sendinggemeentes behulpsaam is. Verder word daar ook verslag gedoen dat daar by Waterbron slegs 'n deeltydse sendeling en 'n evangelis is en word daar gerapporteer dat hier ten minste een voltydse geordende werkkrag moet wees. Daar word dan ook verslag gedoen dat daar blykbaar by al die ringsgemeentes plaaslike sendingkommissies was, maar dat hul nie saam met die sendingkerkraad vergader het nie. Dit kon waarskynlik ook die verhouding verbeter het as dit wel gedoen is. Laastens word dan ook verslag gedoen oor die terugvoering vanaf die ringsvergadering van die sendinggemeentes, naamlik dat hul vra vir sendingwerkkragte. Verder is die ring van die sendinggemeentes dankbaar dat lidmate van die moederkerk hul swart werknemers ontmoedig om sterk drank te gebruik en vertrou hul dat dit al meer sal geskied (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1960).

Volgens die verslag van die Sentrale Sendingkommissie oor die jaar 1964, aangebied aan die Ring(e) van Bloemfontein-Noord, Bloemfontein en Bloemfontein-Oos in sitting in 1965, rapporteer die Sentrale Sendingkommissie dat hy homself verantwoordelik hou vir die vergoeding van twee deeltydse en twee voltydse sendelinge, maar dat swart leraars en evangeliste hul vergoeding direk van sendinggemeentes moet ontvang. Ook voorsien die Sentrale Sendingkommissie die kapitaal vir die oprigting van sendingkerke en pastorieë. Verder word gerapporteer dat die sendinggemeentes nie een so sterk en lewenskragtig was soos wat hulle moes wees nie, en met die beskikbare mannekrag was dit, volgens die verslag, toe nog nie moontlik om al die swartes na behore te bearbei nie (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1965).

Tydens die tweede sitting van die ringsvergadering op 27/4/1965 doen ds. Snyman 'n beroep op die ring om weer ringsendingkonferensies in die stad te organiseer, sodat kennis in verband met sending versprei kon word en saam gebid kon word. Die rede hiervoor was dat die lidmate vir sending geaktiveer moes word. Verder sê Snyman dat as hul nie hul plig doen omtrent die sendingtaak nie, hul miskien in die jaar 2000 of 2050 deur die heidendom verswelg kon word (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1965).

Uit bogenoemde blyk dit dat in hierdie verhouding daar ook weer eens probleme na vore gekom het, te wete 'n swak sendingbelangstelling onder NG Kerk-lidmate. Daarom word daar dan ook pogings aangewend deur die ring om 'n oplossing daarvoor te vind. Daar word verslag gedoen dat al die gemeentes van Bloemfontein met die Sentrale Sendingkommissie saamwerk, behalwe een gemeente. Dit bevestig dan dat daar ook daadwerklik tot aksie oorgegaan is om die verhouding tussen die NG Kerk en NGKA te verbeter, ter wille van die sendingtaak. So doen die voorsitter van die ring ook dan 'n beroep op die vergadering dat lidmate geaktiveer moet word tot sending deur middel van huisgodsdiens, garagedienste en persoonlike gesprekke. Hy pleit dat lidmate persoonlik sendingwerk moet doen. Die vergadering besluit dan ook dat daar aan die Ringsendingkommissie opgedra moet word om kanselruilings te reël in verband met sending in die loop van Septembermaand in daardie selfde jaar (Notule: Ring van Bloemfontein, 1965).

In die verloop van die verhouding, was daar ook 'n frustrasie rondom die lewensonderhoud van sendelinge. Daarom rig die ringsvergadering van Bloemfontein, in sitting rondom 12/4/1967, 'n versoek aan die sinode om Bylae 11 (Sendingreglement) Art. 10 (b) (ii) van die aanvullende bepalings, so te wysig dat wit sendelinge in diens van die NG Kerk in die Vrystaat dieselfde lewensonderhoud ontvang as die leraars in diens van die Moederkerk (Notule: Ring van Bloemfontein, 1967).

Ter verdere bevordering van die verhouding NG Kerk en NGKA, benadruk die Ringsendingkommissie se verslag aan die Ring van Bloemfontein, 26/4/1970, die

noodsaaklikheid dat afgevaardiges uit moedergemeentes die vergaderings van sendingkerkrade moet bywoon (Notule: Ring van Bloemfontein, 1970).

As 'n verdere bevestiging dat daar ook in hierdie tydperk goeie samewerking was tussen die NG Kerk en NGKA, word 'n brief aan van die NGKA, gedateer 4/4/1974, in verband met dranklokale op Sondae, aangehaal. Die ringsvergadering van Bloemfontein reageer dan op die brief deur hul versoek te steun, naamlik dat die ring die swart administrasie en polisie sal versoek dat geen dranklokale op Sondae oop mag wees nie, en dat geen kinders onder die ouderdom van 18 jaar toegelaat mag word om op enige plek of enige dag drank te mag koop nie, want (1) dit onheilig die Sabbat; (2) dit bevorder dronkenskap en shebeens en (3) daar is nêrens in wit gebiede drankwinkels op Sondae oop nie (Notule: Ring van Bloemfontein, 1974).

As gevolg van verdere swak sendingbelangstelling onder die lidmate van die NG Kerk, lidmate, doen die verslag van die Ringsendingkommissie 'n oproep aan die ringsvergadering, in sitting rondom 1/5/1977, 'n oproep dat alle gemeentes maandeliks in hul voorbidding besondere aandag aan sending moet gee, soos deur die kerkorde bepaal is. Die Ringsendingkommissie beveel ook verder aan dat die plaaslike leraar die eerste Sondag van Pinkster sal wy aan sending, in plaas van die besoek van 'n lid van die Ringsendingkommissie. Laastens beveel die kommissie ook aan dat "garagedienste" vervang sal word met die naam "dienste vir bediendes" en is dit dan ook goedgekeur (Notule: Ring van Bloemfontein, 1977).

In hierdie tydperk is daar dan in besonder klem gelê op die sendingtaak. In 'n verslag van die Sendingraad van Bloemfontein word dan die sendingwerksaamhede vir 1/1/77-31/12/77 aangedui en is daar dan ook besluit om 'n ooreenkoms met die NGKA-OVS te tref, sodat evangeliste, waar moontlik, losgemaak kon word van die gewone gemeentelike aktiwiteite, om hoofsaaklik te konsentreer op die heidene en separatiste in die omgewing. Dit is ook verder duidelik dat die NG Kerk deurentyd in verhouding met die NGKA op die sending gefokus het (Notule: Ring van Bloemfontein, 1977).

## 2.3 Die latere verloop van die verhouding

Wat die latere verloop betref, rapporteer die kerkvisitasie verslag van die NG Kerk Waterbron, dat twee ouderlinge met sendingpunte in die gemeente begin het en dat studente by die twee punte sendingwerk doen. Ook word 'n praktiese inligtingstuk benodig vir huisvrouens wat hulle in staat sou stel om persoonlike geestelike gesprekke met hul werkers te voer. Daar word genoem dat dit gedoen word in die lig van die Sinodale Kommissie se oproep om gesamentlik take aan te pak en dat daar direk met die NGKA geskakel moet word om gesamentlike sendingwerk te implementeer (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

Ook rapporteer die kerkvisitasieverslag van die NG Kerk Langenhovenpark dat daar 'n Sending- en Evangelisasieveldtog in samewerking met die NGKA Waterbron in aangrensende hoewegebied geloods is na oorlegpleging met die NG Kerk Bainsvlei. Ook word genoem dat sopkombuise Woensdagoggende na plaaslike skole geneem is. Daar is ook tydens die kersdiens geskenkpakkies versamel vir behoeftige pensioenarisse van die NGKA Waterbrongemeente (Notule: Ring van Waterbron, 1993).

Volgens ds. R. Stander het hy die idee gekry dat die verhouding tussen die NG Kerk Waterbron en die NG Kerk in Afrika Waterbron redelik was as gevolg van ds. Flip Viljoen se betrokkenheid. Laasgenoemde persoon het baie moeite gedoen. Die NG Kerk Bainsvlei was nie so betrokke nie, maar Stander weet nie wat die rede daarvoor was nie. Omdat hyself uit die NGKA gekom het wou ds. Stander graag probeer kontak hou het met die NGKA, as gevolg van twee redes. Hy het gevoel dat hy bepaalde ondervinding opgedoen het en dit graag sou wou uitbrei en tweedens het hy geglo dat daar 'n nouer skakeling tussen die twee, die NG Kerk en NGKA Waterbron, moes kom. Die NG Kerk Langenhovenpark het toe baie moeite gedoen om die skakeling op daardie punt te kry, deur uit te reik na die NGKA Waterbron. Ds. Stander het gepoog om die NG Kerk Langenhovenpark betrokke te kry by die NGKA, deur goed saam met hulle te doen. Hy beskou dit as die rede vir hul goeie verhouding van die afgelope 12 tot 13 jaar (R. Stander - 12/7/02).

Wat die verhouding wel negatief kon beïnvloed het, was die fokus wat weggeskuif het na Boesmansending. Volgens die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering, in sitting op 25/4/1995, is 'n oproep aan elke ringsgemeente gedoen om voorbidding en persoonlike betrokkenheid by Boesmansending (Notule: Ring van Waterbron, 1995). Dr. Doubell bevestig dan ook dat ds. Flip Viljoen (vorige leraar van die NG Kerk Waterbron), iemand was wie se hart deurgaans gebrand het vir sending, veral Boesmansending ( F.B. Doubell - 3/7/02).

So blyk dit dan ook uit die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering rondom 28/4/1996, dat die belangstelling in effektiewe plaaslike sending weinig was. Die kommissie doen verslag, nadat die behoefte en moontlikhede vir 'n ringsendeling deur verskeie persone aan die kommissie geskets is, dat die kommissie hierdie visie van 'n sendeling, wat op die klein hoewes en plase binne die ringsgrense kan werk, aan al die gemeentes deurgestuur het vir reaksie en finansiële steun, maar dat net twee gemeentes daarop geantwoord het, te wete Langenhovenpark en Universitas. Waterbron was nie positief nie. Die kommissie lê dan weer eens klem op die noodroep vir beter bediening op die kleinhoewes en dat dit deur al die ringsgemeentes aangespreek behoort te word (Notule: Ring van Waterbron, 1996).

Daar word wel verslag gedoen van 'n evangeliekursus wat in die gemeente Waterbron aangebied is en dat daar alreeds daaruit 'n sendingbediening op die hoewes tot stand gekom het. Daar word dan ook gerapporteer dat die kerkraad oor die moontlikheid van 'n sendelingpos besin, maar dat daar groot weerstand van lidmate ondervind word wanneer nie net oor sending gepraat word nie, maar wanneer hulle gevra word om betrokke te raak (Notule: Ring van Waterbron, 1996). Dit blyk dan dat daar net 'n baie klein groepie of kern groepie lidmate was wat die sendingopdrag gehoorsaam het en dat daar 'n groot groep sendingonbetrokkenes was.

In die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering van 16/4/2000, word daar weer eens met ontsteltenis kennis geneem van

die gebrek aan belangstelling in sendingwerk, wat deur meeste gemeentes ervaar is. 'n Bevestiging van verdere probleme in die verloop van die verhouding, is die beroep wat die ring op ringsgemeentes gedoen het om nie sendingprojekte binne die grense van die NGKA aan te pak, sonder om die betrokke kerkraad te ken in die saak nie. 'n Probleem aan die kant van die NGKA is dat na 'n ondersoek deur die kommissie laat blyk het dat die geldsake van die NGKA Waterbron, sedert grootskaalse verstedeliking van lidmate, drasties agteruitgegaan het (Notule: Ring van Waterbron, 2000).

Ds. Viljoen bevestig dat mens nog al die jare by die NG Kerk-lidmate die kerngroep gehad het wat sendinggesind was, veral die Vroue-aksie se sendingdiensgroep. Anders is daar egter 'n totale onbetrokkenheid en 'n klein persentasie vyandigheid jeens die sending. Dit is egter hoe hy dit nog al die jare ervaar het en nie net in die NG Kerk Waterbron nie. Dwarsdeur die hele kerk het hy ervaar maar dat hy slegs op 'n klein groepie sendinggesindes kon reken.

Hy meen verder dat hul nooit regtig vaste preekpunte kon kry met twee of drie wit lidmate wat verantwoordelikheid kon neem daarvoor nie. Hy dink dat dit die politiek van daardie tyd is wat agter die negatiwiteit teenoor sending gesit het. Ook as hul projekte wou aanpak, het hul teenkanting gekry. Hulle het egter aangegaan daarmee en die mense het dit gewoond geraak. Volgens hom sal jy altyd jou groepie lidmate hê wat dit ondersteun en die wat daarteen gekant is. Hulle het egter nooit uit die kerk gegaan daaroor nie, al was dit dikwels amper die geval (P.J. Viljoen - 17/7/02).

Ouderling Smit van die NG Kerk Waterbron vertel dat wittes en swartes tot in die laat sestigs en vroeg sewentigs, apart geloop het maar mekaar gerespekteer het. Daarna het die probleme eers ontstaan. Hulle het volgens hom begin klippe optel en mekaar gegooi. Volgens hom het die mense van daardie tyd die kerk en gronde probeer wit hou. Hy verwys dan ook na die kerkinwyding te Bainsvlei in Maart 2002, waar net 'n handjievol NG Kerk-lidmate met die regte gesindheid was. Daar word volgens hom baie vergader, maar niks gedoen nie. Die lidmate wat wel iets geprobeer doen het, aldus ouderling Smit, het wyle ds. Leboea, die leraar van die NGKA in hierdie tydperk, in 'n baas-kneg situasie

geplaas en hom nie as 'n predikant gerespekteer nie. Op 'n stadium was daar nie eers sprake van 'n verhouding nie, elkeen het sy eie koers gegaan. Hy is voorts van mening dat daar in die ou tyd altyd sendingkommissies met verteenwoordigers was wat erns gemaak het, maar nie meer vandag nie (C. Smit - 3/7/02). Dit blyk dan dat politiek ook die verhouding negatief beinvloed het en dat daar tot tans weinig sendingbelangstelling onder NG Kerk lidmate is.

Vanaf die kant van die NGKA is die verhouding ook negatief beinvloed, so bevestig dr. Doubell. Toe hy as leraar in die NG Kerk Waterbron begin het was daar groot spanning tussen ds. Leboea en die boere. Wie die skuldige was, is nie duidelik nie (F.B. Doubell - 9/7/02). Dit is egter wel so dat ds. Leboea 'n verkeerde manier gehad het om met mense te werk, veral met wit boere. Die ou Suid Afrika is nog in 'n baie groot mate teenwoordig in hul omgewing. Die gevolg is dat die NGKA baie sterk daar onder gely het, deurdat hul geldsake al meer agteruitgegaan het. Ds. Leboea het vir drie of vier jaar sonder salaris gewerk. Te midde van dit alles het mense steeds gekla dat hy nie by sy mense uitkom nie (F.B. Doubell - 9/7/02).

Ds. P.J. Viljoen (17/07/02) bevestig verder dat hy, vanweë sy liefde vir die sending, hom voorgeneem het om te kyk hoeveel hy vir die sending kon doen, veral in daardie politieke jare. Hy kon egter nie die vooroordeel en weerstand wat die leraar van die NGKA teenoor die wit kerk en boere gehad het, afbreek nie.

Volgens hom het hy op 'n stadium, toe hul niks meer kon uitrig met die NGKA nie, besluit het om Sondaemiddae in die NG Kerk Waterbron se kerksaal, dienste gehou het ten spyte van baie boere wat nie ten gunste daarvan was nie. Hulle het dit egter gedoen, en selfs al het ds. Leboea hul verskriklik kwalik geneem daarvoor. Hul het op 'n skakelkommissie gesê het dat hul dit gaan doen, maar ds. Leboea het gesê dat hul besig was om sy werk te ondermyn. Hy het hulle dus as opposisie beskou. Ds. Viljoen is van mening dat dit 'n ruk lank goed gegaan het, maar hul teiken was nie die lidmaat van die NGKA nie, maar die manne van die straat af, die wat sokker speel. Ook het hulle die

werkers van boere by wie ds. Leboea nie kon uitkom nie, geteiken, maar ds. Leboea het selfs dit baie negatief ervaar.

Volgens ds. Viljoen het hy dus van die begin af beleef dat ds. Leboea hul as opponente gesien het en daarom nooit hande wou vat om saam met hul te werk nie, selfs al was hy nie in staat om self dinge te kon doen nie.

Ds. Viljoen dui voorts aan dat die verhouding net van die eenkant af gekom het. Daar was geen inisiatiewe volgens hom van die kant van die NGKA af nie. Oor die jare heen kan ds. Viljoen nie onthou of daar ooit een inisiatief op die agenda van die skakelkommissievergadering deur ds. Leboea geplaas is nie. Hy het dit net bygewoon omdat hy moes. Verder vertel hy dat hul ook baie jare by President Steyn Skoolkoshuis dienste gehou het en ook op die plaas "Pensioenplaas" (sien kaart). Dit was gerig op almal, nie spesifiek op lidmate van die NGKA nie, maar ds. Leboea het dit steeds gesien as opposissie en volgens Viljoen was dit vir hulle baie sleg.

Volgens ds. Viljoen het die NGKA-gemeente om die predikant gedraai. Die lidmate was eenvoudige arm plaas- of plotarbeiders en wat ja en amen op alles sê wat die dominee sê. Aangesien die NG Kerk Waterbron nie baie positiewe reaksie met die leraar van die NGKA Waterbron gehad het nie was daar nie goeie samewerking nie. Wat die lidmate van die NGKA betref, is hy van mening dat hulle feitlik geen sê het nie. Die NGKA-kerkraad sal volgens Viljoen nie standpunt inneem teen die dominee nie. Hy meld ook van gevalle waar slegs ouderlinge by skakelkommissievergaderings opdaag. Uiteindelik is dit net die wit leraars wat kommunikeer, want daar is geen inisiatief onder die swart ouderlinge nie (P.J. Viljoen - 17/7/02).

Ook dr. Doubell se ervaring van die NGKA Waterbron-gemeente is negatief omdat daar volgens hom vir 'n lang tyd nie veel aangegaan het nie. Hy wys daarop dat die NGKA 'n groot werk in hierdie omgewing het. Hy sou graag wou sien dat die probleme in die NGKA opgelos moet word, sodat dit beter kan gaan. Meer as een NG Kerk-lidmaat was al bereid om geld neer te sit sodat iemand opgelei kan word om te preek. Dr. Doubell het

dit probeer ontmoedig, omdat hier tog 'n NGKA-gemeente in hul omgewing is wat die werk kan doen. Hy wys dan ook daarop dat daar wel NG lidmate was wat geld wou gee vir hierdie opleiding en dat daar lidmate was wat 'n Sondagskool onder swartkinders wou begin het en ook eredienste by die kerksaal wou hou. Verder noem hy dat daar ook ander kerke was wat mense gestuur het om in hierdie omgewing te kom help. Hy is daarom van mening dat daar tog 'n behoefte by mense is om die evangelie aan hul werkers te bring (F.B. Doubell - 9/7/02).

Aansluitend hierby rapporteer die kerkvisitasieverslag van die NG Kerk Waterbron aan die ringsvergadering op 18/4/1999, dat die NG Kerk Waterbron bekommerd is dat die grootste deel van die sendingbegroting buite die gemeente gespandeer word, maar dat die sendingwerk binne die gemeente min simpatie kry. Die gemeente voel daarom dat die sendingbegroting eerder vir plaaslike behoeftes voorsiening moet maak (Notule: Ring van Waterbron, 1999).

Die ervaring van ouderling Smit aangaande die NGKA die afgelope tyd is redelik goed. Hy meen dat die gemeente tog aan die gang was met ds. Leboea. Hy wys daarop dat hy baie lank gepleit het by die plaaslike sendingkommissie dat die NGKA swaarkry en dat hul vir hulle finansiële ondersteuning moet gee, maar sonder sukses. Ouderling Smit vertel verder dat ds. Leboea nie 'n teenvoeter vir sy dienste wou hê nie, daarom was hy nie gelukkig met dienste wat op sekere punte deur die NG Kerk-lidmate gereël is nie. Volgens ouderling Smit het ds. Leboea weliswaar gesê dat hy nie wil hê dit moet met sy dienste bots nie, wat te verstane is.

Volgens ouderling Smit word ds. Leboea tot vandag toe nog drie jaar na sy dood, sleggesê as iemand wat niks gedoen het nie. Hy voel nie baie gelukkig hieroor nie. Hy meen dat hy al die stelling teenoor die wit leraars gemaak het dat hulle nie sonder 'n salaris sou werk soos wat ds. Leboea se laaste twee of drie jaar verloop het nie. Net soos baie teen ds. Leboea gesê kan word, kan mens ook teen die NG predikante sê wat nie hul werk doen nie (C. Smit 3/7/02). Uit die gegewens blyk dit dus daar twee kante van die saak is.

Ouderling Smit is verder van mening dat onkunde aan die kant van die NG Kerk die verhouding ook belemmer. Die NGKA-gemeente het 'n ander manier van geldinsameling en ook 'n ander kultuur. Wit lidmate weet nie hoe hierdie sisteem werk nie en maak dan uitlatings daaroor teenoor hul werkers, sodat hul dit nie moet ondersteun nie. Die gevolg is dat hul die hele sendingsaak of -sisteem in die voet skiet. (C. Smit - 3/7/02).

Vir ds. Stander is die NGKA-gemeente 'n groot uitdaging vir die NG Kerk-gemeentes in hierdie omgewing. Hy dink die NGKA Waterbron het 'n sterk gevoel oor 'n selfstandigheid en hulle verkies om hul eie leraarte hê, wat voltyds die bediening kan behartig. Dit is dus 'n groot uitdaging vir die NG Kerk-gemeentes om betrokke te raak in hierdie gemeente en hul te help (R. Stander - 12/7/02).

## 2.4 Kanale waardeur die verhouding ondersteun is:

### 2.4.1 Die Raad vir Sending en Samewerking

Volgens ds. C.R. Kok het die werk vooruitgegaan waar twee of meer gemeentes saamgewerk het om een sendeling te kry. Op die platteland het dit goed uitgewerk, maar nie in die stad nie. In die stad is daar 'n swart woonbuurt in 'n sekere gebied en dit val binne die grense van een moedergemeente en daar kan dus nie van hom verwag word om daardie hele gebied te bedien nie. Daarom het gemeentes gesamentlik begin werk om 'n sendinggemeente te ondersteun. In die jaar 1954, toe ds. C.R. Kok beroep is na die NGKA De Bloem, was dit so dat twee gemeentes, naamlik Waterbron en Bainsvlei saam een sendinggemeente gehad het, te wete die NGKA Waterbron-gemeente.

Volgens hom is daar besef dat in 'n gemeente soos Rodenbeck, waar 'n groot gedeelte van die swart woonbuurt binne die geografiese grense van Rodenbeck val, daar nie van 'n klein en finansieël swak gemeente soos Rodenbeck verwag kan word om daardie groot

gedeelte te behartig nie. Hulle het dus besef dat die gemeentes van Bloemfontein betrek moes word, anders sou dit nie werk nie (C.R. Kok - 2/7/02).

Daar is toe besluit om 'n sendingraad te stig wat verantwoordelik sou wees vir al die sendinggemeentes, afgesien van die grense, of dit ooreenstem of nie. Die Sendingraad is in 1961 gestig en daar is besluit dat 'n leraar beroep sal word vir Heitherdale, wat nie die verantwoordelikheid van bepaalde gemeente was nie. So het die sendingraad vir verskillende gemeentes voorsiening gemaak en ook geboue en pastorieë opgerig en is daar weer leraars beroep vir verskeie gemeentes (C.R. Kok - 2/7/02). Bylae B van die sendingverslag aan die ring bevestig ook dat die Sendingraad in 1961 totstand gekom het (Ring van Bloemfontein-Noord, 1961).

Ds. Kok meen dat die raad 'n gesonde uitkoms gehad het, want dit het nie swaar geleun op die geografie van die gemeente nie, maar elke gemeente het pro rata betaal, volgens sy finansiële staat. Hulle het byvoorbeeld as basis die sinodale aanslag van 'n moedergemeente gevat en volgens daardie proporsie is elke gemeente aangespreek om 'n sekere bydra te lewer vir die Sendingraad. Klein gemeentes soos Rodenbeck lewer 'n klein bedrag, terwyl sterker gemeentes soos Bloemfontein-Noord, groter bydraes lewer, sodat die verantwoordelikheid meer eweredig verdeel word. So is meer werkkragte in diens geneem en geboue opgerig. Die Sendingraad het dus bestaan uit die aantal moedergemeentes wat verantwoordelik was vir die aantal sendinggemeentes en die grense van die sendinggemeentes is getrek volgens die behoefte van die betrokke sendinggemeente (C.R. Kok - 2/7/02).

In 1986 verander die Sendingraad na die Raad vir Sending en Samewerking (Notule: Ring van Waterbron, 1986). Volgens dr. Doubell het die Raad vir Sending en Samewerking geld uitgedeel volgens die tekort van die begroting wat hul van die NGKA-gemeentes ontvang het. Dit is egter toe verander en hulle het besluit hulle om al die geld vir die NGKA te gee sodat dit onder hulle verdeel kon word. Die gevolg was dat die NGKA Waterbron toe baie minder as voorheen gekry het (F.B. Doubell - 9/7/02).

### 2.4.2 Die Skakelkommissie

In die jaarverslag van die Sendingraad word gerapporteer dat die ring kennis neem dat die Skakelkommissie van die Sendingraad aanbeveel dat gemeentes van die NGKA volgens geografiese grense ingedeel is vir skakeling met die vier ringsendingkommissies van die NG Kerk van Bloemfontein. Hierdie ringsendingkommissie en die verteenwoording van die gemeentes waarin hul skakel, vergader kwartaalliks om plaaslike aangeleenthede en probleme waarmee gemeentes te doen kry, te bespreek en hulle te help of met 'n aanbeveling na die Sendingraad via die kommissies te gaan. Die verslag wys dan daarop dat die Ring van Waterbron die verantwoordelikheid het vir die NGKA-gemeentes Bloemfontein-Suid en Waterbron (Notule: Ring van Waterbron, 1981).

Daar het reeds vroeg probleme na vore gekom. Dit word duidelik gestel in die verslag van die Ringsendingkommissie aan die ringsvergadering op 5/5/1985, waar die gemeentes opgeroep word om aktief en daadwerklik deel te neem aan hierdie skakelkomitees. Ook is dit duidelik dat daar geen koördinering in die gemeentes van die ring bestaan het, ten einde uitvoering aan hierdie uiters belangrike saak te gee nie (Notule: Ring van Waterbron, 1985).

Deur die Skakelkommissie het die NG Kerk die verhouding met die NGKA probeer goed hou in hierdie omgewing aldus dr. Doubell. Hy verwys hier na die NG Kerk Waterbron, Langenhovenpark, Bainsvlei en Kovsiekampus. Volgens hom word 'n Skakelkommissievergadering gehou om as Ring van Waterbron met die NGKA skakeling te hou en om te kyk waar die NG Kerk hulle kan help. Volgens hom was daar egter 'n permanente frustrasie om 'n vergadering te reël, aangesien daar gesukkel is om ds. Leboea op die vergadering te kry. Wanneer hy wel daar was, was hy kwaad, want hy sukkel om sy geld te kry. Hierdie vergaderings is ook spesifiek gehou om hom te help. (F.B. Doubell - 9/7/02).

Dr. Doubell vertel dat hy as voorsitter van die Skakelkommissie gekies is met sy eerste bywoning van die Skakelkommissievergadering. Dit het hom die idee gegee het dat dit

net iets was wat gevul moes word. Hy was twee jaar lank voorsitter en daar het volgens hom niks gebeur nie. Hy het 'n vergadering probeer reël, maar kon ds. Leboea net nie so ver kry nie (F.B. Doubell - 9/7/02).

Die gevolg was dat daar na baie jare weer eens gevra is hoe hierdie Skakelkommissie moet funksioneer. Die antwoord word gegee in die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering. Daarin word dit duidelik gemaak dat daar egter gewaak moet word dat die Skakelkommissie nie vasval in die bespreking van finansiële sake nie, maar dat die klem eerder moet val op die versterking van die bestaande werk deur gebed en toerusting en die vind van nuwe bedieningsmoontlikhede (Notule: Ring van Waterbron, 1997).

Ds. Stander meen dan dat daar op die ou end wel met die Skakelkommissie 'n goeie grondslag gelê is, deurdat daar toe uitgegaan is van die uitgangspunt dat dit nie help om te probeer klem lê op goed waaroor daar verskil word nie. Daar moet liefs 'n helpende hand uitgesteek word (R. Stander - 12/7/02).

# HOOFSTUK 3

# DIE STORIE VAN DIE NG KERK IN AFRIKA WATERBRON GEMEENTE

## 3.1 Die grense van die NGKA Waterbron

Wanneer daar afstigting kom, dit wil sê wanneer 'n nuwe NG Kerk-gemeente gestig word, word daar dan terselfdertyd 'n nuwe sendinggemeente gestig, met dieselfde grense waar die predikant van die moedergemeente vir al twee moet sorg tot hul later in staat is om hul eie sendeling te kry vir daardie betrokke gemeente. Dit het daartoe gelei dat die gedagte ontstaan het dat sendingwerk geografies gebonde is aan die moedergemeente, dit wil sê die sendinggemeente het dieselfde geografiese grense as die moedergemeente (C.R. Kok - 2/7/02).

So bevestig die Kerkbode van Julie 1949 dat daar op 18 Junie 1949 'n nuwe gemeente deur die Sendingring van Philippolis gestig is met dieselfde grenslyne as die van die moedergemeente Waterbron. Om die grenslyn korrek vas te stel moet daar onthou word dat die NG Gemeente Bainsvlei ook later weer van die NG Gemeente Waterbron afgestig het.

In die ondersoek na die grenslyne is probleme ondervind om dit op die kaart aan te bring, omdat daar ook op sekere plase deur die NGKA Waterbron gewerk word wat nie binne die grense van die NG Kerk Waterbron of Bainsvlei val nie. Daar was dan ook niemand wat kon help om dit aan te bring nie. Die konsulent van die NGKA Waterbron is genader om die grenslyne met die hulp van leraars van die aangrensende NGKA-gemeentes te bepaal en so is dit dan op die kaart aangebring (sien kaart).

### 3.2 Die ontstaan en geskiedenis van die NGKA Waterbron

Die ontstaan en geskiedenis van die NG Kerk in Afrika Waterbron gemeente kom al 'n ver pad. In die sendingverslag aan die Ring van Bloemfontein in die jaar 1935, skryf ds. G.J. Naudé dat Waterbron geen eie sendeling of 'n swart leraar of evangelis het nie. Ook antwoord hy nie of swart mense op plase in hul gemeente behoorlik bearbei word nie (Sendingverslag [vorm], 1935).

In die daaropvolgende jaar, 1936, rapporteer die Ring van Bloemfontein egter dat Bloemfontein-Wes en Waterbron nog nie vaste arbeiders het nie. "As hierdie twee jong gemeentes eers op koers is, sal hulle seker, so vertrou ons, na die nodige arbeiders uitsien." (Notule: Ring van Bloemfontein, 1936).

Die verslag aan die ringsvergadering van Bloemfontein oor die jaar 1937, skryf ds. G.J. Naudé dat hul een evangelis het. Ook meld hy dat die Sendingkommissie 'n vergadering gehou saam saam met 'n kommissie uit die sendingkerkraad en skryf hy dat swart mense behoorlik bearbei word en dat dit geskied deur weeklikse bearbeiding by buiteposte. Hulle kry volgens Artikel 10 van die Kerkwet elke ses of twaalf maande 'n volledige verslag van die sendingwerksaamheid in die gemeente (Sendingverslag [vorm], 1937).

In die byvoegsel van die plaaslike sendinggemeente of -werkkring aan die ringsendingverslag skryf ds. G.J. Naudé dat die getal lidmate van die sendinggemeente 150 is en dat die inkomste vir die jaar 123,6 pond was. Die sendinggemeente of -werkkring dra sy deel vir die evangelis en sy reiskoste by, maar nie vir die sendeling of kerkgebou nie. Die verslag sê dat dit veronderstel word dat die sendinggemeente self die gewone lopende koste van hul gemeente betaal (Sendingverslag [vorm], 1937).

Daar was aanvanklik onderhandelinge met Bloemfontein-Wes en Dealesville, om die dienste van 'n wit sendeling te verkry vir toesig en leiding oor twee of meer sendinggemeentes (werkkringe) wat deur evangeliste bearbei word. Die plan van samewerking het egter deur die mat geval. Die sendingwerkkring het ingestem om die

salaris van 'n evangelis, maar hulle fondse het uitgeput geraak. Eerw. Wessels, konsulent, is intussen genader om dienste waar te neem (Notule: Ring van Bloemfontein, 1947).

Aan die einde van 1948 het die kerkraad besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n sendinggemeente. Op 18 Junie 1949 is die werkkring Waterbron as 'n gemeente gestig. Soos reeds genoem, is die gemeente volgens die Kerkbode van Julie 1949, deur die Ring van Philippolis gestig met die naam, Die Ned. Geref. Sendinggemeente, Waterbron. Eerw. J.P.H. Wessels was konsulent van die sendinggemeente, vanaf Maart 1946 tot 15 Augustus 1953. In hierdie tyd het 'n bestendige groei plaasgevind. So het hy byvoorbeeld in 1946 geen enkele huweliksbevestiging waargeneem nie, maar van 1947 tot 1953 het hy 39 huwelike bevestig, 104 lidmate aangeneem en 199 kinders gedoop. 'n Hele aantal heidene het ook tot die kerk toegetree. Nadat eerw. Wessels op 13 September 1953 demissie ontvang het, het die aandeel van Waterbronkerkraad eintlik eers werklik begin. In 1953 toon P. de B Kock aan in die opgawe van die plaaslike sendinggemeente dat die getal lidmate 178 was en die jaarlikse inkomste uit kollektes 175 pond (Sendingverslag [vorms], 1948-1953].

Hieruit blyk dit dat vanaf 1937 tot 1953, 'n periode van 16 jaar, die lidmaattal slegs met 28 gegroei het en dat die inkomste uit kollektes vir die jaar slegs met bykans 52 pond gegroei het. Dit is 'n baie swak groei oor hierdie tydperk, maar in 1956 word verslag gedoen dat die getal lidmate 285 is met 'n inkomste van 338 pond vir die jaar. Die gemeente het dus 'n bestendige groei beleef oor 'n tydperk van drie jaar.

In Bylae B is die verslag van die sendingkommissie aan die ringsvergadering van Bloemfontein-Noord. Daarin rapporteer die skriba van die Sentrale Sendingkommissie oor die jaar 1965 aan ringe in sitting in 1966 dat uit die sensus van 1960 die getal persone van die inheemse bevolking by Waterbron 8 997 was en lidmaat getal van die NGKA Waterbron 302 was in 1964 en dat dit in 1965, 378 was met 'n inkomste onderskeidelik van R 594 en R 536 vir die jaar. Daar is verder 'n besorgdheid oor die daling in inkomste ten spyte van konferensies oor die saak. Twee sake word as rede gegee, naamlik dat dit

die eerste jaar was dat gemeentes sonder kollektelyste in die stad moes deurkom en tweedens die droogte van die afgelope jaar. By arbeidskragte word gesê dat ds. D.M. Taioe en evangelis J. Mothupi by Waterbron werksaam is (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1966).

Volgens ouderling H. Leeuw het ds. Taioe in die pastorie te Byelkanderkoms gebly (sien Bylae 1 foto 6b) en evangelis Mothupi by Waterbron (sien Bylae 1, foto 1a), laasgenoemde het ook ouderling Leeuw aangeneem en voorgestel. Die konsulent was, volgens hom, in daardie tyd 'n wit sendeling en hy het 'n swart evangelis as helper gehad. Ds. Taioe was hier tot omtrent 1975, waarna die gemeente volgens ouderling Leeuw vir vier jaar sonder herder was, met slegs een ouderling, J. Golowane, wat al die werk behartig het. Hul konsulent was die leraar van die NGKA Bloemfonteingemeente. Verder berig ouderling Leeuw dat ds. Taioe die Woord en sakramente bedien het en ook die tug toegepas het in die verskillende wyke, te wete Waterbron, Byelkanderkoms, Bainsvlei en Leeuvlei (H. Leeuw – 3/7/02) (Sien Bylae 1, foto's 1-4).

Ds. O.I. Leboea het in 1980 in hierdie gemeente begin. Dit word bevestig deur sy vrou, Mev Leboea. Hier het hy gearbei tot en met sy dood in die jaar 2000 (Mev. Leboea – 9/7/02). Behalwe die vier wyke wat ds. Taioe bearbei het, het ds. Leboea volgens Viljoen ook preekpunte gehad by Die Vlakte, Paardekraal, Rosarum en Samensuiping by private grond wat tot niet gegaan het, en voorheen deur, ds. Leboea besoek is [sien kaart]. Die dinge het egter alles agteruit gegaan: brandstofprys het duurder geword, reiskoste het nie tret gehou met wat van hom verwag is nie, die gesindheid tussen die boere en ds. Leboea was ook nie altyd van die beste nie (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Ds. Leboea het sonder salaris voortgegaan tot die dag toe hy dood is. Op daardie stadium was die finansies van die gemeente so sleg dat hul nie eers kon dink om iemand te beroep nie. Daarna het die boedeleis gevolg. Met sy dood het sy weduwee 'n groot eis teen die gemeente ingestel. Die gemeente kon nie eers self iemand beroep nie, wat nog te sê die skuld af betaal (F.B. Doubell – 9/7/02).

Volgens ds. Stander het ds. Leboea tog swaargekry. Daar is eers later besef hoe baie van sy salaris agterstallig was. Toe het hul met 'n skok besef dat hy onder baie moeilike omstandighede gewerk het. Volgens ds. Stander het ds. Leboea die laaste jare net 'n instandhoudingsbediening gehad as gevolg van finansies (R. Stander – 12/7/02).

Volgens die kassier van hierdie gemeente kon hy sien aan die geldjies wat ingekom het en aan alles wat gebeur het vandat ds. Leboea oorlede is, hoe die gemeente agteruitgegaan het. Hy sê dus asof die gemeente doodgeloop het (C. Smit – 3/7/02).

Tydens die ringsvergadering van Waterbron, in sitting op 16/4/2000 en die daaropvolgende dae, het die vergadering gesê dat die nood wat in die gemeente van die NGKA Waterbron ontstaan het na die afsterwe van ds. Leboea, as 'n geleentheid beskou moes word om die NG Kerk se besluit en belydenis oor die eenheid van die kerk in praktyk gestalte te gee. Daarom het hul ook 'n versoek gerig aan ringsgemeentes om daadwerklik verantwoordelikheid te aanvaar vir die voortgaande bediening in die NGKA Waterbron. Veral rig hul 'n versoek aan die gemeente van Langenhovenpark om leiding te neem in die proses om verantwoording tot uitvoering te bring en die proses moet geskied in oorleg met die NGKA en die NGKA Ring van Bloemfontein (Notule: Ring van Waterbron, 2000).

Ds M.J. Kofa het vanaf Augustus 2000 as konsulent van hierdie gemeente opgetree. Eerstens het hy besef dat daar nie 'n skriba van die kerkraad was nie. Verder het Kofa ook opgemerk dat hul glad nie 'n kwitansieboek het nie. In daardie selfde jaar het hy 'n kerkraad gekies en het hy hul geleer hoe om met hierdie kwitansieboeke te werk. Tans het die gemeente 20 kerkraadslede, maar toe Kofa hier as konsulent begin het was daar slegs drie of vier kerkraadslede (M.J. Kofa – 19/7/02).

Hulle het daarom besluit om ds. Stander, leraar van die NG Kerk Langenhovenpark, te vra om hul te help om as skriba van hierdie gemeente op te tree. Langenhovenpark het toe wel leiding geneem met die verantwoordelikheid om die bediening in hierdie gemeente daadwerklik te laat voortgaan deur middel van hul leraar as skriba en 'n sotho-

sprekende persoon wat predikant was in die NGKA. Ds. Stander het dan ook verantwoordelikheid geneem om te sorg dat daar gereeld 'n leraar by die verskillende preekpunte uitkom.

Ds. P.J. Viljoen meen ook dat toe hy in 1983 begin werk het in die NG Kerk Waterbron, daar min aangegaan het in die NGKA Waterbron en in die jaar 2000 nog minder. Verder meen hy ds. Leboea het op 'n stadium periodiek by die 13 plaasskole uitgekom, maar op hierdie stadium weet hy nie of daar meer as vier plaasskole in die hele NGKA Waterbron is nie. Die plaasskole is uitgefaseer en so ook die betrokkenheid van die kerk by die swart jeug. Iets wat daardie tyd prominent was en die nodige reaksie ontlok het, was jeugkampe. Dit het later jare heeltemaal tot niet gegaan (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Uit die bestudering van die geskiedenis van hierdie gemeente kan afgelei word dat die gemeente wel agteruitgeboer het. Van die preekpunte bestaan slegs Waterbron, Bainsvlei, Byelkanderkoms, Vergezocht en Leeuvlei (sien Bylae 1, foto's 1-5). Die Jeugaksie, Vroue-aksie en selfs die kollektes het verdwyn. Deur uitstekende werk deur die konsulent, die Ring van Waterbron se belangstelling en veral ds. Stander se bydrae, is die gemeente weer besig om op koers te kom.

### 3.3 Die infrastruktuur van die NGKA Waterbron

Volgens die Gedenkalbum van die NG Gemeente Waterbron (1984:37-38) was daar reeds in 1954 'n sendingpastorie en 'n sendingkerk te Oranjeweg (sien Bylae 1, foto 1). Nog 'n pastorie is gebou vir 'n wit sendeling en 'n tyd lank aan wittes verhuur. Hierdie eiendom het later 'n skoolkoshuis vir President Steynskool geword. In 1962 kry die NG Kerk Waterbron 'n berig dat 'n kerkie en pastorie by Byelkanderkoms gebou is (Bylae 1, foto 3) deur mnr. N.J. van Rensburg. In 1960 het die kerkraad van die NG Kerk Waterbron besluit om 100 pond aan Bainsvlei te skenk vir die oprigting van 'n plek van aanbidding (sien Bylae 1, foto 2). In 1971 het die NG Kerk Waterbron se kerkraad besluit om die skool by Leeuvlei vir swart leerlinge op te knap en in 1975 is besluit om te help met die oprigting van 'n kerkgebou aldaar (sien Bylae 1, foto 4). In 1977 het die

kerkraad weer besluit om te help toe die gemeente onder finansiële druk verkeer het. Met die afstigting van Bainsvlei sou alle sendingbates herregistreer word as gesamentlike eiendom van Waterbron en Bainsvlei, op voorwaarde dat die voortsetting van sendingwerk in die gemeentes die gesamentlike verantwoordelikheid van al twee gemeentes sal wees.

Ds. Viljoen meen dat daar van die begin af probleme was met die geboue en gronde, want drie van die eiendomme behoort aan die NG Kerk. Die by Byelkanderkoms en Oranjeweg is deur mnr. Nico van Rensburg geskenk, maar omdat dit in die ou Suid Afrika was kon die swart kerk nie eiendomsreg kry nie en het hy daarom dit aan die NG Kerk Waterbron geskenk, maar vir gebruik deur die NGKA. Die gevolg hiervan was egter dat die NG Kerk Waterbron glad nie na die geboue gekyk het nie. Hulle het gesê dit is die verantwoordelikheid van die NGKA, maar die NGKA het nie die vermoëns gehad om daardie geboue in stand te hou nie en die geboue het totaal verval, soveel so dat die NG Kerk Waterbron se kerkraad die moontlikheid ondersoek het om die skool te Oranjeweg aan die Departement van Onderwys te skenk, met die voorwaarde dat die NGKA geleentheid sou kry om daar dienste te hou.

Dit het 'n paar jaar geneem, maar hulle het uiteindelik geslaag en die Departement het 'n nuwe skool gebou (sien Bylae 2, foto b) waar die NGKA hul dienste kon hou. Ds. Leboea het die NG Kerk Waterbron baie kwalik geneem, want het hy gesê dat hul die grond van die NGKA weggeneem het. Dit was egter nooit die grond van die NGKA nie, aldus ds. Viljoen (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Volgens ds. Viljoen het die kerkraad van die NG Gemeente Waterbron daardie tyd vir die NGKA Waterbron belowe dat as dit sou gebeur dat hul die grond verloor, die NG Kerk vir hul grond en 'n gebou sou gee. Op die ou end het die NG Kerk Langenhovenpark die ou skooltjie reggemaak as 'n kleuterskool (Bylae 2, foto i). Dit was uit en uit die NG Kerk Langenhovenpark se inisiatief. Hulle het die fondse daarvoor verskaf, terwyl die NG Kerk Waterbron die minimum ingesteek om enige iets daar reg te maak.

Dieselfde geskiedenis word aangetref by Byelkanderkoms, volgens ds. Viljoen. Die enigste persoon wat gesorg het dat die gebou daar in stand gehou word was die boer van die plaas Annasrust. Hy het egter later die grond verloor. Toe hulle weer by geleentheid by Byelkanderkoms kom, het die Departement van Onderwys 'n skool daar gebou ( sien Bylae 2, foto c ), sonder die toestemming van die NG Kerk Waterbron. Volgens die Departement is dit die eiendom van die NG Kerk Waterbron en tot vandag toe nog behoort dit aan die NG Kerk Waterbron. Intussen het die werkers daar rondom omtrent almal weggetrek. Die NG Kerk Waterbron wou dit ook skenk aan iemand, maar hul kon nie die geskikte persoon kry nie.

Leeuvlei se skool het volgens ds. Viljoen met 1988 se vloed inmekaargeval, maar die assuransie het sodanig uitbetaal dat hul dit kon herstel as 'n kerkie. Die Departement van Onderwys het toe oorkant by Sannasrus 'n nuwe skool gebou (sien Bylae 2, foto e ), maar die kerkraad het die kerkie aan die boer, mnr. H. Theron verkoop, met die voorwaarde dat dit aan die NGKA oopgestel word vir dienste (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Tydens 'n ondersoek het dit geblyk dat hierdie geboue in baie slegte toestand, as gevolg van die besluit dat die NG Kerk in Afrika hierdie geboue in stand moet hou.

### 3.4 Die bedienings styl en bedienaars van die Woord van die NGKA Waterbron tot en met die hede

Soos reeds genoem rapporteer die verslag uit die hand van ds. G.J. Naudé aan die Ring van Bloemfontein in die jaar 1937 dat hul een evangelis het (Sendingverslag [vorm], 1937).

Eerw. J.P.H. Wessels was konsulent van die Sendinggemeente vanaf Maart 1946 tot 15 Augustus 1953. Hy het inderwaarheid heelwat meer as konsulentwerk gedoen. Hy het elke jaar basaar gehou, siekes besoek, die sakramente bedien, gesorg vir die behoorlike insameling van gelde en hy het ook al die administratiewe werk in verband met die skole behartig (Sendingverslag [vorms], 1946 - 1953).

Ouderling Leeuw het die evangelis Mothupi goed geken. Hy het voor hom groot geword en vertel dat hy die evangelis goed geken het, terwyl hy nog Sondagskool toe met die voet geloop het. Hy was tussen 12 en 16 jaar oud, om en by 1957. Hy het ook by ds. Taioe klas geloop. Laasgenoemde het hom dan ook aangeneem en voorgestel. Ds. Taioe was hier tot omtrent 1975, waarna hul vir vier jaar sonder 'n herder was, met net een ouderling, J. Golowane. Hy het al die werk behartig, soos reeds genoem is. Ds. Taioe het die Woord en sakramente bedien en ook die tug toegepas volgens Leeuw (H. Leeuw – 3/7/02).

Die afleiding wat gemaak word is dat ds. Taioe 'n goeie verhouding met die NG Kerk Waterbron gehad het, want hy het altyd die nagmaalservies van die moedergemeente gebruik. Die Sendingraad het ook sy salaris betaal meen ouderling Leeuw (H. Leeuw – 3/7/02).

Ds. Leboea het ná ds. Taioe hier aangekom. Hy het 1980 hier begin en het ook die Woord en sakramente bedien en die tug toegepas. Die mense het daarvan gehou dat hy altyd met die dood van iemand wat nie aan die kerk behoort het nie, bereid was om te ondersteun en te help. Hy het ook die kerkraad, een of twee van hulle, aangemoedig om na die mense te gaan, met hul te gesels en hulle aan te moedig om aan die kerk te behoort. Ds. Leboea was egter 'n kwaai man volgens ouderling Leeuw. Hy wou hê alles moes reg verloop (H. Leeuw – 3/7/02).

Ouderling Lichaba dui aan dat ds. Leboea altyd hard met die gemeente gepraat het oor kerkbywoning en dat hul nie net in slegte tye van die kerk afhanklik moes wees net om daarna weer te verdwyn nie. Hy moes soms vir lidmate geld leen om hul kaartjies te betaal en dan betaal hul hom nie terug nie. Hy het ook gekla omdat hul nie kerk goed bygewoon het nie (J. Litchaba – 3/7/02).

Ds. Leboea het voor 1983 in die pastorie te Byelkanderkoms gebly en daarna het hy vir die kerkraad gevra of hy in Bainsvlei kon gaan woon (sien Bylae 1, foto 6a), sodat sy

kinders nader aan hul skool kon wees. Die pastorie is toe daar gebou of reggemaak sodat hy daar kon gaan woon. Met sy wegtrek het die plaaswerk te Byelkanderkoms ook platgeval meen ds. Viljoen (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Hy het ook huisbesoek gedoen, die Vroue-aksie en die Jeugaksie het goed gefunksioneer, maar ongelukkig nie die Kinderaksie nie. Slegs by Leeuvlei het dit goed gefunksioneer (Mev. Leboea – 9/7/02). Ds. Stander bevestig dat die Vroue-aksie en die Jeugaksie goed op dreef was in daardie tyd (R. Stander – 12/7/02).

Ds. Leboea het volgens ouderling Leeuw kerk gehou by Waterbron, Bainsvlei, Byelkanderkoms, Leeuvlei en Vergezocht en ook by ander preekpunte wat later doodgeloop het, naamlik Samensuiping, Rosarum, Die Vlakte en Paardekraal soos ook reeds genoem deur ds. Viljoen. Ds. Leboea het ook katkisasieklasse gegee en ook onderwysers opgelei daarin (H. Leeuw – 3/7/02) (Sien ook Bylae 3, die kalender van eredienste vir die jaar 1995 as 'n bevestiging van die verskillende preekpunte).

Volgens dr. Doubell was ds. Leboea 'n moeilike en kwaai leraar, maar sy mense het baie van hom gehou. Alhoewel sy mense baie van hom gehou het, is baie lidmate ook uit sy kerk uit.

Dr. Doubell het ook iets interressants waargeneem. Baie boere hetds. Leboea gesien het as 'n man wat hul plase besoek het en al wat hy wou hê was 'n hoender of 'n skaap by sy lidmate. Die gemiddelde lidmaathet egter 'n swak inkomste ontvang. Die gemiddelde inkomste van werkers in hierdie omgewing is dit baie minder as in die stad. Dr. Doubell het daarom begrip vir sy probleem gehad: hy moes 'n gemeente aan die gang hou met lidmate wat bitter min verdien het. Dit was maklik vir NG Kerk-lidmate om te sê hy kom nou net geld haal, maar dit was nodig om die gemeente aan die gang hou.

Ds. Leboea het per geleentheid teenoor dr. Doubell opgemerk dat 'n arme man, een van sy ouderlinge, net R60 per maand verdien. Dit is nou so drie of vier jaar terug. Wat jy tog by hom gevind het was dat hy 'n hart gehad het vir sy mense en hul swaar kry. Die

beskouing dat hy slegs geld gekollekteer het teken nie die volle prentjie nie (F.B. Doubell - 9/7/02).

Dr. Doubell onthou verder dat hul sendingdienste gehou het, waartydens hul 'n Jesus-film vertoon het. Hiermee saam hou hul tentdienste met ds. Leboea as prediker. Nadat alle reëlings getref is en bevestig is, het hy dan net laat weet dat hy nie daar kan wees nie, aangesien hy op 'n ander plek preek. So was daar ook ander geleetnhede waar hulle hom probeer help het, maar hy het dit baie moeilik gemaak vir hulle (F.B. Doubell - 9/7/02).

Ds. Leboea het egter ook gesondheidsprobleme gehad en hy het party maal baie gesukkel om te loop. Hy het gereeld maandeliks 'n lidmaat by ouderling Smit besoek voor hy so siek geword het (C. Smit - 3/7/02). Volgens ouderling Leeuw het ds. Leboea altyd self die administrasiewerk gedoen, maar na sy dood moes hul leer om dit self te doen (H. Leeuw - 3/7/02).

Soos reeds aangedui deur ds. Stander het ds. Leboea die laaste jare net 'n instandhoudingsbediening gehad het as gevolg van finansies. Na sy dood moes hul hoor dat die Raad vir Sending en Samewerking laat blyk het dat hulle dit moes bygedra het.

### 3.5 'n Bedieningsanalise: die kerkraad, die kategese en die verenigings van die NGKA Waterbron

Volgens ouderling Leeuw het hulle baie goed saam met ds. Leboea gewerk, hy (Leeuw) was voorsitter van die Jeugaksie (MBB) en Plaatjie voorsitter van die kerkraad. Mnr. Ntshou was die skriba en is later gekies as voorsitter van die kerkraad. Ook hy vertel dat die Vroue-aksie en Jeugaksie baie aktief was in daardie tyd. Die Vroue-aksie het hul eie rekening gehad wat nie aan die kassier gelewer is nie, maar daar is altyd verslag gedoen oor hul sake by die kerkraad (H. Leeuw - 3/7/02).

Die gevolgtrekking word gemaak dat die Vroue-aksie na die dood van ds. Leboea basies doodgeloop het; so ook die Sondagskool en die Jeugaksie. Ds. Viljoen is egter van

mening dat die betrokkenheid van die gemeente reeds voor sy dood by die swart jeug uitgefasseer is. Dit word efgelei uit die jeugkampe wat later jare heeltemaal tot niet gegaan het. Die ring van die NGKA het dr. Ben Jackson met sy jeugspan genooi wat dan sy tent by Byelkanderkoms opgeslaan het. Hulle het dan in die kerk geslaap, of in die ou plaasskool, en in die tent het hy dan 'n evangelisasiewerk gedoen met sy jeugspan. Ook op die plaas Highlands (sien kaart) is 'n kamp gehou en het die NG Kerk Waterbron die logistieke steun en kos voorsien. Hulle het partykeer tot oor die 200 bymekaargekry vir so 'n naweek. Later jare het dit al minder geword. Die NGKA Waterbrongemeente kon nie altyd 'n datum kry nie en kon ook nie altyd die kontakte met die ringsjeugwerk aan die gang hou nie en later het dit maar doodgeloop (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Hierdie verenigings begin nou geleidelik weer op dreef kom, asook die Sondagskool. Wat die bediening verder betref word eredienste nou weer elke Sondag by die verskillende preekpunte, te wete Waterbron, Bainsvlei, Byelkanderkoms, Vergezocht en Leeuvlei gehou en word die sakramente ook kwartaalliks by die preekpunte bedien. Die Sondagskool by die verskillende wyke het onlangs weer aan die gang gekom, behalwe by Vergezocht waar dit nog nie op dreef is nie. Die katkisasieklasse is ook weer op dreef. Verder help die kerk die limate in enige behoefte wat hul het. Lidmate help mekaar ook in tye van sterftes, siektes, ensovoorts. In die week gaan daar egter glad nie iets aan by die kerk nie (H. Leeuw - 3/7/02).

Ouderling Leeuw is verder van mening dat daar ook probleme in die kerkraad is: ouderlinge wat altyd laat die kerk oopsluit, ensovoorts. Dit bring mee dat lidmate na ander kerke gaan, want hul sien nie dat die kerk vooruitgaan nie (H. Leeuw - 3/7/02).

Wat groei in die gemeente betref, het ds. Stander beleef, dat daar eerder 'n afname was as gevolg van die wegtrek van lidmate na die stad toe. Sy ervaring was ook dat daar diegene was wat betrokke was en die wat onaktief was. Sy aanvoeling was dat die meerderheid net aan die kerk behoort het oor die oorweging dat die kerk hom moet begrawe (R. Stander – 12/7/02).

Daar is ook reeds kennis geneem van ds. Viljoen se opmerking dat daar in 1983 min aangegaan het en in die jaar 2000 nog minder. Dit is duidelik dat die bediening van die NGKA Waterbrongemeente baie oneffektief was. Ook wat betref die betrokkenheid van die swart jeug by die kerk is probleme aangedui. Volgens die navorser se opservasie blyk dit ook dat daar baie min jeug in hierdie gemeente is. Dit is asof die jeug verdwyn het. Verder het kollektegelde te lank in kerkraadslede se hande gebly voordat dit by die kassier uitgekom het. Die kerkraad het ook mense na hom toe gebring wat wil doop wat nie eers volle lidmate was nie. Volgens ds. Kofa was die kerkraad dus baie oningelig (M.J. Kofa - 19/7/02).

### 3.6 Die belydenisgrondslag van die NGKA Waterbron

Hierdie is 'n gemeente met dieselfde belydenisgrondslag as die NG Kerkgemeentes, soos saamgevat in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikels 29-32.

Wat die uitleef van hul belydenis betref, meen ouderling Leeuw dat daar lidmate van hierdie gemeente is wat nie reg leef nie. Dit is soos 'n kaart spel. Daar moet gereeld tussen twee kaarte gekies word. Om kerk toe te gaan of om te drink, met laasgenoemde kaart wat baie meer gespeel word as die ander kaart. Wat die keuses betref word huisgodsdiens dan ook gevolglik nooit gekies nie. Dit is hier waar die probleem van agteruitgang begin (H. Leeuw – 3/7/02).

Volgens ds. Kofa is dit omtrent 80% van die lidmate wat leef wat hul bely en dat daar slegs 'n klein getal lidmate is wat drank misbruik (M.J. Kofa -19/7/02).

Ouderling Smit glo ook dat daar toewyde lidmate onder hulle is. Hy vertel van arm mense wat op hul fietse ry om geld na hom toe bring, party keer twee maal: die eerste keer om eers 'n afspraak te kom maak. Dit is tekenend van hul toewyding (C. Smit – 3/7/02).

# HOOFSTUK 4

# DIE IDENTIFISERING VAN PROBLEME

Odendaal (1970:74) maak die gevolgtrekking dat 'n mens nie van plaaslike sending van die NG Kerk in die Vrystaat kan praat tussen 1842 en 1864, omdat dit die aanvangsjare van plaaslike sendingwerk in die Vrystaat was wat nie op vaste voet georganiseer was nie. Moontlike oorsake daarvoor was die uiters moeilike landsomstandighede; ontoereikende geestelike versorging van wit lidmate; die verwaarlose toestand van die gemeentes en die totale gebrek aan sendingarbeiders. Vandag, na baie jare, moet ons onsself afvra of daar vordering gemaak is in die plaaslike sending en ook hoeveel vordering gemaak is? Lyk die probleme nog dieselfde as die van die aanvangsjare of het ons vandag heelwat minder probleme in die plaaslike sending? Is daar dan op 'n gehoorsame manier effekiewe uitvoering gegee aan hierdie sendingverantwoordelikheid van elke gemeente? Vervolgens word probleme in die plaaslike sending geïdentifiseer en word daar spesifiek na die NG Kerk in Afrika Waterbrongemeente gekyk en dan ook na sy naaste moedergemeente met dieselfde belydenisgrondslag, die NG Kerk Waterbron.

## 4.1 Probleme geïdentifiseer aan die kant van die NG Kerk in Afrika Waterbrongemeente

'n Gebrek aan finansies in die NGKA Waterbron is 'n probleem wat hierdie gemeente van die Here Jesus Christus se bediening verhoed om effektief te kan funksioneer. Finansiële onselfstandigheid is een van die vernaamste probleme in die NGKA.

Daar is dan selfs 'n gebrek aan finansies om iemand by die argief van die NGKA aan te stel wat kan sorg dat argiefmateriaal in orde gehou word en ordelik ingevorder word. In aansluiting hierby herhaal die ring die versoek van die Sinodale Sendingkommissie aan die kerkrade om 'n hart te hê vir die finansiële nood van gemeentes van die NGKA en, waar moontlik, ondersteuning te bied, sodat die leraars en evangeliste in die gemeentes hulle werk na behore kan verrig. So bevestig die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie ook dat die NG Kerk in Afrika finansieel swaarkry. Armoede

en plakkery het deel geword van hul daaglikse bestaan en sommige leraars diens lewer soms maande sonder salaris (Notule: Ring van Waterbron, 1993).

Ten einde 'n beter perspektief te kry, is dit volgens Kritzinger (1982:12) belangrik om eers na hierdie mense se sosio-ekonomiese situasie te gaan kyk. Dit is onmoontlik om in hierdie studie in te gaan op die oorsaak en gevolg van armoede, maar 'n paar sake verdien aandag. Eerstens is die afwesigheid van werksgeleenthede as gevolg van toenemende meganisasie die eerste oorsaak van die nood. Tweedens is die afwesigheid van mans en vrouens wat wegtrek as gevolg van werkgeleenthede, ook weens die oorsaak van maatskaplike nood op die vlak van die gesin en gemeenskap. Dissipline, opvoeding tot volwassenheid en leierskap is dinge wat daaronder lei. Derdens is daar tradisionele remminge, wat vooruitgang in die moderne wêreld met sy eise feitlik onmoontlik maak. Vierdens skep die geweldige bevolkingsaanwas 'n byna onoorkombare probleem. Vyfdens word op gebiede soos gesondheid (higiëne, onkunde, siektes) en die onderwys groot behoeftes gevoel.

Kritzinger (1979:26) noem 'n paar gevolge van die finansiële onselfstandigheid van gemeentes:

(a) 'n Bedelmentalitiet ontwikkel met 'n gepaardgaande verlies aan liefde en trots onder die lidmate jeens hulle kerk.
(b) Goeie verhoudings met die subsidiërende instansie kan nie gehandhaaf word nie. Die rede daarvoor is dat 'n skuldgevoel ontwikkel, asook 'n magteloosheid omdat jy ontmens word deur skenkings; of daar ontwikkel 'n hartelose aanspraak wat altyd meer en meer vra.
(c) Die gevoel wat ontstaan dat, "hulle wat daarvoor betaal word", die werk moet doen, het 'n negatiewe invloed op die gemeente se getuienisdiens.
(d) Omdat die gesprek oor geld begin gaan en nie mense nie, is ook die missionêre aktiwiteit van die kerk nadelig beïnvloed.
(e) Die leraar self word feitlik uitgeskakel as sendingmiddel omdat die oorgelewerde struktuur van hom 'n man gemaak het met status en 'n ekonomiese posisie. Gevolglik ontwikkel daar 'n kloof tussen hom en sy gemeente. Versterkend hierby het hy 'n

ander denkskema ontwikkel met sy lang universitêre opleiding. Die leraar is net nie meer tuis in sy gemeente se leefwêreld nie.

(f) Evangeliste word as goedkoop arbeid benut.

(g) Die groot finansiële opset maak hantering van die fondse moeilik en dit neem baie tyd van die leiers in beslag.

Probleme word ondervind omdat heelwat lidmate van die NGKA Waterbrongemeente nie leef wat hul bely nie. Hul kies gedurig tussen twee kaarte, meen ouderling Leeuw, naamlik watter een om te speel (H. Leeuw - 3/7/02).

Meintjies (1987:60) bevestig ook dat daar 'n swak nakoming van Christelike verantwoordlikheid is. Hy skryf dat slegs veertig persent van alle lidmate as aktief beskou word. Verder skryf hy dat huisgodsdiens geen plek in swart huishoudings het nie, dat maatskaplike euwels toeneem onder lidmate en dan veral Sabbatontheiliging. Buite-egtelike kinders en drankmisbruik kom volgens sy bevindings algemeen voor.

Volgens ouderling Leeuw het die kerkraad en gemeente 'n probleem, want dit gaan nie vooruit nie. Vir hom is die probleem geleë in die kerkraad wat nie sy verantwoordelikheid nakom en tot gevolg het dat die gemeente na ander kerke moet gaan. Nog 'n probleem is die bydraes; die feit dat mense nie geld het nie (H. Leeuw - 3/7/02). Mnr. Smit sluit hierby aan dat daar as gevolg van geen bediening, daar ook geen kollektegelde is nie (C. Smit - 3/7/02).

Ds. Kofa is van mening dat die gemeente byna dood geloop het. Die kerkraad was nie eers bewus van hul plig as kerkraad nie (M.J. Kofa - 19/7/02). Hulle het byvoorbeeld mense gedoop wat nog nie volle lidmate van die gemeente was nie. Dit is dan duidelik dat hier nie groei in hierdie gemeente was nie, maar 'n duidelike afwaartse beweging wat betref die kwaliteit van bearbeiding onder die mense.

Baie keer het hul ook al probleme gehad met transport. Volgens ouderling Leeuw, sou 'n boer 'n voertuig aan sy werker leen om lidmate na 'n punt te vervoer, maar die drywer

dan eers stop om drank te koop (H. Leeuw - 3/7/02). Hierdie probleem dra ook by tot die problematiese verhouding tussen die NG Kerk Waterbron en NGKA Waterbron.

Van die grootste probleme onder eie lidmate, wat deur ds. Stander uitgewys is, is armoede, werkloosheid, tienerswangerskappe, gebrek aan vervoer, gebrek aan skoolfasiliteite en gebrek aan leierskap. Van die lidmate het ingetrek na woongebiede en die wat nie beter werk kon kry nie het agtergebly. Probleme ontstaan ook wanneer vrouens en kinders intrek na woongebiede en die man dan agterbly op die plaas. Dit bring 'n verdere verskeuring van die gesinslewe mee, maar die kern probleem is armoede en die swak infrastruktuur in die swart gemeenskap. Dit het 'n groot impak op die kerk: daar is nie goeie bydraes nie en hul kan nie 'n eie leraar bekostig nie (R. Stander – 12/7/02).

Wat die drankprobleem betref, is ds. Stander van mening dat dit 'n hele netwerk van sosiaal - maatskaplike faktore is. Hoekom sal iemand wat 'n gesonde lewenstyl en omgewing het drink? Ds. Stander is van mening dat daar na enige gemeenskap gekyk kan word en dieselfde probleem ervaar sal word. Dit is 'n lewenstyl wat gevestig word en niemand weet wat die rede daarvoor is nie. In Suid-Afrika se breër konteks sien 'n mens ook die groot drankprobleem in die agtergeblewe gemeenskappe en dan besef 'n mens daar is ander faktore wat aandag moet geniet (R. Stander - 12/7/02). Drankmisbruik strek dus verder as net die lidmate van die NGKA Waterbrongemeente. Dit is ook 'n probleem in Bainsvlei se swart gemeenskap. Dr. Doubell bevestig dan ook dat dit 'n arm gemeenskap is en dat drank 'n baie groot probleem is. Hy beweer dat so lank as wat hy hier woonagtig is, al vyf van sy lidmate iemand doodgery het wat dronk in die pad was (F.B. Doubell - 9/7/02).

Volgens Odendaal (1970:116) word daar reeds in 1889 se verslag vanaf Betlehem se sendinggemeente verneem van die toenemende drokenskap onder die swartes.

Ook ouderling Lichaba is van mening dat die probleem in verband met kerkbywoning aan drank te wyte is. Lidmate kies om te drink: "Hier by die winkels kry jy hulle waar

hul Sondae kuier", sê hy. Volgens ouderling Lichaba is dit 'n groot probleem vandat die winkels drank mag verkoop. As gevolg van drankmisbruik beskou mense kerkbywoning as tydmors. Hul kies dan eerder om te drink. Dit veroorsaak ook dat die mense se geld opraak. Volgens hom kom daar maar min in die kerk, die laaste Sondag van die maand.

Wat die swak kollektes betref meen ouderling Lichaba dat baie mense hul daaglikse loon soek om drank te koop. Aan die einde van die maand is hul geld dan op. Boere gee aan werkers die nodige daaglikse behoeftes soos meel, melk en kruideniersware en daarom spandeer hulle hul geld op drank. Mense speel ook "lotto", maar nie so erg dat dit 'n probleem is soos die drank nie (J. Lichaba - 3/7/02). Ouderling Leeuw bevestig ook dat die "lotto" die mense se geld insluk (H. Leeuw - 3/7/02).

Volgens Odendaal (1970:124) is daar reeds in 1895 se verslag gerapporteer dat die enigste probleem is om die swartes te leer om vir die saak van die Here te gee, aangesien dit die beskouing van die swarte en die Koranna is dat die godsdiens niks met sy sak te make het nie. Sy geld is sy eie saak.

Ds. Viljoen beklemtoon ook dat aandag gegee moet word aan armoede en al die ander goed wat daarmee saamgaan, soos drankmisbruik. Hy vertel dat hul 'n voorstel gehad het by die kerkraad dat mense die kerkwerkers se salarisse 'n bietjie moes opstoot van R20 na R25 per maand in 1985. 'n Ouderling het opgestaan en gesê het dat hierdie werkers eintlik koninklike salarisse in vergelyking met die arbeiders op die plotte kry. En op daardie stadium sou geen wit mens volgens ds. Viljoen vir homself kon kos koop met minder as R100 per maand nie. Hoe kan 'n mens 'n gesin met R20 per maand onderhou? Op daardie stadium was wit mense se gemiddelde salarisse seker tussen R 1500 en R 2000 per maand. Viljoen wys in bogenoemde op die persepsie van mense: hulle gee min, want wittes kom uit so 'n kultuur van min gee vir 'n swart mens. 'n Ander voorbeeld wat hy noem is allementasie. Wit lidmate wat minder as R500 per maand inkomste kry, word dan beskou as 'n allementasie-geval. Dan moet die kerk help met kos, maar werkers wat ses dae in diens is van die kerk het op daardie stadium slegs tussen R200 en R300 per maand gekry. Hy wys daarop dat mense met verskillende "brille" na wit en swart lidmate

kyk. Hy voeg egter by dat hul gratis huisvesting gehad het en later ook elektrisiteit. So glo ds. Viljoen dat die swartes te min kry, en uit dit wat hul kry soek hul ook net 'n bietjie plesier. Hul koop dan nie kos nie, maar drank (P.J. Viljoen – 17/07/02).

Ds. Stander dui egter aan dat daar nie veel inisiatief van die NGKA kom nie. Dit is dan ook vir hom 'n probleem (R. Stander - 12/7/02). Waar hierdie inisiatiewe ook navore moet kom is veral by die Skakelkommissievergaderings. Dr. Doubell sluit hierby aan dat daar veel meer gedoen kan word as daar van hul eie kant af voorstelle of behoeftes na vore gebring word, soos op die Skakelkommissievergaderings (F.B. Doubell - 9/7/02).

Aansluitend hierby meen Meintjies (1987:60) dat weinig swart lidmate dit sal waag om 'n evangelis of leraar teë te gaan in 'n besluit. Dit skep die probleem dat lidmate nie insiatief wil neem nie, maar slaafse navolgers is. So mag lidmate byvoorbeeld nie die kerkraadslede teëgaan nie. Voordat hierdie tendens nie gebreek word nie, kan die swart kerk volgens hom nie tot volwassenheid en selfstandigheid groei nie. Hy skryf verder dat die kerk ook deur talle as 'n formalistiese instelling gesien word, eerder as 'n gemeenskap van gelowiges. Dit is net belangrik om aan die kerk te behoort, ten einde te verseker te wees dat hy gedoop, getroud en uiteindelik begrawe sal word. Dankoffers word in baie gevalle betaal omdat 'n lidmaat vrees dat die leraar hom hierdie voorregte sal ontsê. Dit is hierdie tendens waarteen Bosch (1979:27-28) waarsku as hy pleit vir 'n gebalanseerdheid tussen die statiese en die dinamiese, tussen die instituut en kerk as beweging. "Instituut" sonder "gebeurtenis" word gaandeweg 'n museum of 'n versorgingsinrigting, "gebeurtenis" sonder "instituut" verdwyn na 'n korte tyd.

Die grootste probleem vir ds. Viljoen was die predikant van die NGKA. Die predikant waarna verwys word is ds. Leboea. Ds. Viljoen dink dat as hul sonder 'n predikant was, meer vir hul gedoen kon word. Hulle het volgens ds. Viljoen 'n beeld of persepsie gehad van die NG Kerk wat in praktyk verander het, maar wat hulle glo nie verander het nie. Dit is nog al die jare die probleem met die NGKA. Hy kon hulle negatiewe beeld van die boerekerk nie swaai nie. Die boere het volgens hom later aangedring op iemand met 'n ander gesindheid (P.J. Viljoen – 17/7/02). Ds. Kofa sluit hierby aan deur te sê dat toe hy

in Augustus 2000 as konsulent begin werk het in die NGKA Waterbron en hy die witmense besoek het om hom aan hul bekend te stel vir samewerking, hul vir hom gesê het dat hul nie met die vorige predikant saamgewerk het nie. Hy het hul toe laat verstaan dat dit in die verlede is en dat hul moet saamwerk, ter wille van hul werksmense (M.J. Kofa - 19/7/02).

Vir ds. Kofa is die samestelling van hierdie gemeente 'n verdere probleem omdat elke wyk, Waterbron, Leeuvlei, Vergezogt, Byelkanderkoms en Bainsvlei, eintlik op hul eie elk 'n gemeente is met 'n eie kerkgebou. Verder het van die wyke ook hul eie pastorie, soos Bainsvlei en Byelkanderkoms. 'n Verdere probleem is dat hierdie gemeente 'n permanente leraar nodig het. Iets wat hom opgeval het en soos in vroeëre hoofstukke genoem is, is dat hierdie gemeente onderrig moet word, en dat die kerkraad veral opleiding nodig het (M.J. Kofa - 19/7/02). Uit die navorser se waarneming, soos ook op die kaart gesien kan word, lê hierdie preekpunte baie ver uit mekaar en is dit 'n probleem dat lidmate so ver te voet moet loop na die naaste preekpunt. Verder is die kommunikasie ook 'n probleem, as gevolg van die primitiewe toestande waarin mense leef. Die area wat bearbei moet word is groot en dit beïnvloed die effektiwiteit van 'n bediening negatief. Na bestudering van die kaart, is die navoser van mening dat daar heelwat meer wyke moet wees en dan ook preekpunte om hierdie omgewing effektief te kan bearbei. Ander sake soos preekhulp en brandstofgeld moet ook aandag geniet. Uit die geskiedenis blyk dit dat daar al in 1985 deur die leraar van die moedergemeente gekla is oor reiskostes, wat nog te sê van 'n sendinggemeente met 'n gebrek aan finansies wat nie eers 'n leraar kan beroep nie. So rapporteer die verslag oor kerkvisitasie by die NG Kerk Waterbron op 28/10/1985, dat die leraar vanweë die afstande in die gemeente en die afstand vanaf die stad, finansieel swaarkry wat reiskoste betref (Notule: Ring van Waterbron, 1986).

Ook bevestig Kritzinger (1982:12) dat die verspreidheid van die lidmate 'n groot probleem skep, want nêrens is daar werklik 'n saamtrek nie. 'n Gebrek aan vervoermiddele maak dit vir lidmate onmoontlik om eredienste by te woon. Die kerklike leiers moet letterlik van plaas tot plaas beweeg. Hy kom dan ook voor die probleem te

staan dat die plaaswerkers slegs beperkte ure ontmoet kan word, vanweë hul lang werksure.

Volgens mev. Leboea is die lidmate van die NGKA Waterbron nie aktief nie, werk hul nie vir hul kerk nie en is dit vir haar 'n bekommernis dat hul nie werklik weet hoekom mense nie kerk toe kom nie (Mev. Leboea – 9/7/02). Hierby aansluitend het die ring al in die tagtigerjare onder "Sondagheiliging" vanweë praktiese probleme in die NGKA gevra dat daar 'n beroep op kerkrade en vroue-aksies gedoen moet word dat werkgewers hul werknemers, en in besonder die jeug, in die posissie sal stel en om Sondae eredienste by te woon, asook Sondagskool en jeugbyeenkomste (Notules: Ring van Waterbron, Verslae:1981-1984).

Dit is verder kommerwekkend dat die jeug van die NGKA Waterbron "verdwyn" het. As daar gelet word op die klomp verskillende swart skole wat binne die gemeentegrense val (sien Bylae 2, foto's a tot g), asook die verskillende kleuterskole, dan is dit kommerwekkend dat daar so 'n klein getal van die jeug aktief betrokke is in die NGKA Waterbrongemeente. Meintjies (1987:62) skryf ook in aansluiting hierby, dat die algemene klagte onder leraars is dat die swart jeug as't ware belangstelling in die kerk verloor het. Dit kan aan baie faktore toegeskryf word, maar dit beklemtoon nietemin die feit dat die swart kerke nie werklik 'n bearbeidingstruktuur vir die jeug het nie.

### 4.2 Probleme geïdentifiseer aan die kant van die NG Kerk Waterbron rakende die sendingverantwoordelikheid van die plaaslike gemeente

Daar was 'n tyd toe lidmate 'n sendingstasie wou begin vir hul mense en die verantwoordelikheid daarvoor geneem het. Volgens dr. Doubell het dit toe gewerk, omdat dit 'n roeping van die Here was (F.B. Doubell - 9/7/02).

Dr. Doubell vertel dat toe die sendinggemeente egter deur die amptelike kanale gestuur is, het dit die amptelike kanale s'n geword. Die gevolg was dat lidmate van die NG Kerk in hierdie omgewing nie eintlik iets daarmee te doen gehad het nie. Toe kom die

amptelike leraar en hy kom toe ook nie eintlik met die NG Kerk lidmate reg nie. So meen hy het die negatiwiteit gegroei. Wat nou gebeur is dat die amptelike kanaal dood gegaan het en nou is daar weer niks. Die gevolg is dat die mense in hierdie omgewing nou agtergekom het dat dit sleg is dat dit dood geloop het. Dr. Doubell meen dus dat dit vir die werkgewers sleg was en vir hulle werkers, want hul wou hê dat daar weer goed moet gebeur. En dinge begin toe gebeur en dit begin weer aan die gang kom (F.B. Doubell - 9/7/02).

Die NG Kerk Waterbron het nou aangedui dat hulle bereid is om te help om iemand te kry. Hulle sal die geld gee, maar dan moet dit weer deur die amptelike kanale gaan, te wete die Raad vir Sending en Samewerking, ensovoorts. Dr. Doubell is van mening dat mense vandag nie meer lus is om deur die amptelike kanale te werk nie. Lidmate is van mening dat hulle geld na 'n bodemlose put gaan (F.B. Doubell - 9/7/02). Hierdie is van die belemmeringe in die uitleef van die sendingverantwoordelikheid van die NG Kerk Waterbron, maar ook van die probleme in die verhouding tussen die NG Kerk en NG Kerk in Afrika.

Die behoefte wat altyd by die Skakelkommissie en die Raad vir Sending en Samewerking bespreek is, volgens ouderling Smit, is dat hul sit met mense wat die sendingwerk in hierdie omgewing kan doen en wat selfs in hul taal kan kommunikeer, maar waar daar daadwerklik niks gedoen word nie. Met die gevolg is, jare gaan verby en niks word daaraan gedoen nie. Sending het, volgens ouderling Smit, 'n vloekwoord geword in hierdie land (C. Smit - 3/7/02).

Van vroeg reeds is dit duidelik dat daar ook van die kant van die NG Kerk leemtes met betrekking tot plaaslike sending in hierdie omgewing was. In 1983 se verslag van die Ringsendingkommissie oor sendingwerksaamhede in gemeentes word rondom 24/4/1983 gerapporteer dat plaaslike sendingwerk van al die gemeentes, deur die NGKA self gedoen word. In die verslag van die Ringsendingkommissie aan die ringsvergadering van 6/5/1984 word 'n oproep gedoen, dat hulp verleen moet word aan sendinggemeentes ten opsigte van geestelike bearbeiding (Notules: Ring van Waterbron, 1983 en 1984).

Dit blyk dat die sendingopdrag grootliks nagelaat word. Al die gemeentes rapporteer dat daar een of ander rede bestaan waarom die sendingopdrag nagelaat word. Daar word dan ook deur die ring aanbeveel dat kerkrade en plaaslike sendingkommissies versoek moet word om ernstig aandag aan die uitvoering van die sendingopdrag te gee, soos vervat in die Kerkorde, Vrystaat Sendingreglement vir die NG Kerk in 1985 (bl. 92 en 95 e.v.) (Notules: Ring van Waterbron, 1984 -1985 en ook Notule: Ring van Waterbron, 1989).

Ook rapporteer die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Samewerking (23/4/1989), dat die onbetrokkenheid van die meeste lidmate 'n probleem bly en dat dit slegs 'n groepie sendingentoesiaste is wat by die projekte betrokke is (Notule: Ring van Waterbron, 1989).

Verder rapporteer die verslag van die kerkvisitasie by die NG Gemeente Waterbron op 24/10/1988 dat die kerkraad min werklike belangstelling ondervind vir sending by die gemeente en dat die plaaslike sendingkommissie nie die gemeente betrokke kan kry nie (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

Dit strek egter verder as die NG Kerk Waterbron en kom ook voor te Langenhovenpark, waar die verslag van die kerkvisitasie by die NG Gemeente Langenhovenpark op 13/11/1988 rapporteer dat hulle ook sukkel om lidmate betrokke te kry. Hulle is van menig dat die behoefte van die NGKA en die NGSK sosio-ekonomies is en daarom is dit vir die gemeente 'n probleem om daarmee te help (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

Op die vraag oor die sendingverantwoordelikheid van NG Kerklidmate in verband met plaaslike sending, meen ds. Stander, dat politiek tog 'n groot rol speel. Mense se politieke oortuiging reël eintlik hul betrokkenheid. Mense het op grond van die hele beleid van apartheid ook 'n apartheidstipe idee met betrekking tot kerkbywoning. Hulle is bereid om geld te gee, solank hulle net die mense op 'n afstand kan hou. Hulle bou vir hulle kerke en gee vir hulle alles wat hulle nodig het, solank hulle nie hul voete in dieselfde kerk sit nie. Sedert die politieke verandering vanaf 1994, is ds. Stander se

ervaring dat mense meer negatief geraak het oor projekte wat op hulpverlening gebaseer is. Mense is van mening dat die swart mense in beheer van die land is en dus na hul eie mense kan kyk. Dit is nie meer nodig om te help nie. Mense is deesdae baie meer geneig om te vra vir wie die geld gaan (R. Stander – 9/7/02). Dit word bevestig in die kerkvisitasieverslag van die NG Gemeente Waterbron (Notule: Ring van Waterbron, 1987).

Wat hierdie politieke negatiwiteit betref, vertel ds. Viljoen dat hy een keer by 'n sinode in die sewentigerjare in die Oos-Kaap was, waar 'n swart leraar opgestaan het en gesê het dat plaasboere meer omgee vir hulle skape in die winter, wanneer dit sneeu, as vir hulle werkers. Dit was die gesindheid wat maar al die jare ondervind is.

Ds. Viljoen beskou dit as een van die redes waarom hy baie teenkanting, veral in die begin, by die NG Kerk Waterbron gekry het. Sy standpunt was dat as gelowige jy die verantwoordelikheid het tot sending en dit begin binne-in jou huis, op jou plaas. Mense wil dit egter nie aanvaar nie. Hulle het 'n ander persepsie, 'n ander politiek-godsdienstige oriëntasie. Gelukkig was daar die klompie wat hom tog ondersteun het. Volgens hom gaan dit vandag nog beter as wat dit 15 of 20 jaar gelede gegaan het wat dit betref, maar dit is nog nie naastenby wat dit moet wees nie (P.J. Viljoen – 17/7/02).

In die verlede was sending 'n werksaamheidjie van die kerk en het hulle nie besef dat dit 'n basiese opdrag van die Here aan die kerk is om die evangelie uit te dra aan almal nie. In die ou kerk waarin hy groot geword het, het dit gegaan oor die opbou van die kerk, maar die uitbou van die kerk het heeltemaal agterweë gebly en dit is oorgelaat aan die ou Vroue Sendingbond. Hier en daar was 'n man betrokke. Op 'n stadium was daar 'n Manne Sendingbond, maar dit het tot niet gegaan. Die gedagte dat elke gelowige 'n sendeling is, het eers in die latere jare in die prediking uitgekom. Dit het ook maar van dominee tot dominee, of van gemeente tot gemeente, afgehang (P.J. Viljoen - 17/7/02).

Ouderling Smit was jare terug voorsitter van die Sendingkommissie en het ook sy hele lewe lank op die Sendingkommissie gedien en dié wat tans op die kommissie dien luister nie na die terugvoer vanaf die skakelkommissievergadering nie en het ook nooit tyd vir

vergaderings nie. Tot vandag toe nog, waar hy self op die Sendingkommissie dien, is hy van mening dat die kommissie in die NG Kerk se kerkrade, 'n groot lastigheid is wat daar moet wees, ter wille van inkomstebelasting wat betaal moet word. Hy is van mening dat daar nie regtig nie mense is wat die hart daarvoor het nie. Hulle het ook nooit tyd vir 'n vergadering nie. Volgens ouderling Smit, het die vorige leraar altyd geld benodig vir sy gemeente, maar hulself wou nooit iets daaraan doen nie (C. Smit - 3/7/02). Dr. Doubell se kommentaar in verband met die Sendingkommissie is dat die kommissiestelsel volgens hom 'n fout is. Hy is nie seker waar dit vandaan kom nie en hoekom dit voortgaan nie (F.B. Doubell – 9/7/02).

Aansluitend hierby, meen ds. Viljoen, dat die Skakelkommissie suksesvol kan fungeer as dit teruggevoer word na die Sendingkommissie- en kerkraadsvergaderings. Dit gebeur egter nie (P.J. Viljoen – 9/7/02).

'n Probleem wat ds. Leboea gehad het en waaroor hy sterk gevoel het was die verhouding met die NG Kerk. Hy wou nie hê dat die NG Kerk dinge moet reël en optree in sy gemeente, sonder sy medewete. Ds. Stander beweer dat daar ouderlinge uit die NG Kerk daar gaan optree het en swart mense van charismatiese kerke saamgevat het. Dit was 'n bedreiging vir ds. Leboea se bediening, aagesien lidmate afgerokkel is. Daaroor was hy baie negatief en het hy gesê dat die NG Kerk nie in sy wyke betrokke mag wees nie. Op 'n stadium het mense aan die kant van die NG Kerk vrae gevra oor die geld wat hy via voedselskemas gekry het, aangesien daar nie toesig daaroor was nie. Daar was egter volgens ds. Stander 'n groot sensitiwiteit aan ds. Leboea se kant. Hy wou nie hê dat mense moes dink dat hy nie die finansies self kon hanteer nie (R. Stander - 12/7/02).

Die probleme soos uitgespel hierbo het dan gelei tot 'n slegte verhouding tussen die twee kerke. 'n Verdere probleem wat die verhouding belemmer het is dat sending in Waterbron vir baie jare gefokus het op Boesmansending. Volgens dr. Doubell is die gemeente, op die stadium, moeg vir sending, veral Boesmansending (F.B. Doubell – 9/7/02).

Ook die verslag van die Ringsendingkommissie aan die ringsvergadering op 4/5/1986, lig probleme uit, naamlik die vooroordeel by lidmate en ook die onrussituasie. Die verslag dui aan dat van die probleme waaraan kerkrade aandag moet gee die feit is dat sendinginligting wat aan leraars en vroue-aksies gestuur word nie by lidmate uitkom nie (Notule: Ring van Waterbron, 1986).

Aansluitend hierby plaas die verslag van die Ringsendingkommissie oor sending in gemeentes ook weer verdere probleme op die tafel, naamlik die gebrek aan kennis en meelewing van lidmate, fondse en tyd (studente); skakeling wat ontbreek; gebrek aan strukturering en te min persoonlike kontak; die onrussituasies en laastens om lidmate van die sendingsaak te oortuig (Notule: Ring van Waterbron, 1986).

Ook die verslag van die Ringsendingkommissie aan die ringsvergadering van 1988, rig sake vir aandag. So vra Kovsiekampus aandag vir 'n ware sendingbegrip by baie gemeentelede en Universitas rapporteer dat Skakelkommissievergaderings moeilik saans deur leraars bygewoon word. Ook uit visitasieverslae te Waterbron word gerapporteer dat tolke en kommunikasie soms 'n probleem is (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

Die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering, in sitting op 26/4/1992, lig nog ‘n probleem uit. Daar word gevoel dat die praktyk binne die kerk van verpligte pro rata's en sinodale kollekte vir projekte van die sinode, die betrokkenheid van gemeentes demp (Notule: Ring van Waterbron, 1992).

Omdat daar nie spesifieke visitasievrae tydens die kerkvisitasie oor die jaar 1992 was in verband met die sending nie, het die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie, 'n vraelys aan al die gemeentes uitgestuur (Notule: Ring van Waterbron, 1992). Dit is kommerwekkend dat selfs die ring so ‘n fout kon begaan, aangesien sending ons elkeen se groot opdrag is.

Daar is ongelukkig 'n neiging by party gemeentes om ontslae te raak van die koninkryksverantwoordelikheid ten gunste van eie opbou. So word dan groot bedrae

geld bestee aan lukrake, avontuurlike en korttermyn sendingprojekte, wat nie gekoördineerd enduit deurgevoer word nie. Om hierdie rede waarsku die Ringkommissie vir Sending en Evangelisasie dan ook die ring in hul verslag (Notule: Ring van Waterbron, 1993).

Breër gesien is daar al lankal gewys op 'n groot probleem in plaaslike sending. By die ringsvergadering van Bloemfontein-Noord rondom 18/4/1966, vra dr. Lombaard in sy verslag dat die Ringsendingkommissie aandag sal gee aan die verskynsel dat soveel sendelinge beroepe na wit gemeentes aanvaar. Ook word bekommernis uitgespreek oor die feit dat van die sendelinge en swart leraars nie huisbesoek wil doen nie (Notule: Ring van Bloemfontein-Noord, 1966).

Verder word daar ook gevoel dat die Skakelkommissie kan slaag as dit teruggevoer word na die Sendingkommissie- en na kerkraadsvergaderings. Dit gebeur egter nie, aldus dr. Doubell. Ook as die NGKA sy behoeftes by die Skakelkommissie kan noem kan dit moontlik verder gevoer word (F.B. Doubell - 9/7/02). Die ringgemeentes het na baie jare, in 1997, weer eens navraag gedoen oor hoe hierdie Skakelkommissie moet funksioneer. Dit word dan ook beantwoord in die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ring. Daarin word dit duidelik gemaak dat gewaak moet word dat goeie skakeling deur die Skakelkommissie nie daartoe moet lei dat hul vasval in die bespreking van finansiële sake nie, maar dat die klem eerder moet val op die versterking van die bestaande werk deur gebed, toerusting en die vind van nuwe bedieningsmoontlikhede (Notule: Ring van Waterbron, 1997). Na vyf jaar word daar egter deur die leraar van die NG Kerk Waterbron aangedui dat dit nog steeds nie reg funksioneer nie.

Dit is verder ook belangrik om te gaan kyk na die redes vir swak sendingbelangstelling in die plaaslike gemeente. Wanneer 'n mens na die geskiedenis en die hede kyk, is dit duidelik dat daar verskeie redes bestaan het, en steeds bestaan, wat aanleiding gee het tot die swak sendingbelangstelling in die plaaslike gemeente.

Hierdie redes moet in ag geneem word as daar na die toekoms gekyk word, nie net in die opstel van 'n nuwe sendingparadigma nie, maar ook met die implementering daarvan in die gemeentes.

Williams (1986:32-36) en Mott (1993:49) dui ook 'n paar redes waarom daar 'n gebrek aan sending, of 'n misverstand oor die belangrikheid van sending, in plaaslike gemeentes bestaan:

- Die spirituele dekadensie word as een van die grootste redes vir die swak sendingbewussyn gegee. Die groot getalle nominale Christene in al die groot kerke en gemeentes maak die werk van die sending baie moeilik. Die oorgrote meerderheid vra "wat" die kerk vir hulle kan doen, en nie wat God behaag en sy wil is nie. Die kerk weet nie meer hoe om te bid, te gaan en te gee nie.
- Leiers wat nie Geesvervuld is nie kan nie die werk van die Here uitvoer nie. Hulle ken nie die wil van die Here nie en is nie beskikbaar om te luister nie. Mott praat ook van hoogmoedigheid en 'n gejaag na status onder die leierskap en gemeentelede. Die predikant en leiers van die gemeente is die sleutel van die sending en behoort dus Geesvervuld na die Woord te luister, asook na die beweging van die Gees.
- So word ook die strak strukture genoem as een van die struikelblokke in die weg van die gemeentelike sending. Gemeentes weet nie hoe om met sendingorganisasies saam te werk nie. Hulle word soms deur onnodige en strak strukture verhinder om hul sendingywer uit te leef, of hulle het geen strukture waarbinne die sending kan inpas nie.
- Strukture staan gewoonlik ook in die weg van hervorming en groei, en sal dus aangepas moet word om by die leiding van die Gees, die doel van die kerk en die omgewing se eise aan te pas.

Kritzinger (1992:41-55; vergelyk ook Kritzinger 1991:5-14) het 'n paar jaar gelede 'n steekproef gedoen oor die sendingbetrokkenheid van die lidmate in die NG Kerk. Hy het bevind dat die sendingbetrokkenheid van 'n lidmaat saamhang met 'n paar faktore:

- Ten opsigte van sendingbelangstelling maak dit 'n groot verskil as iemand lank reeds 'n oortuigde Christen is.
- Ten opsigte van sendingbelangstelling en deelname is daar 'n besliste verskil tussen die mees getroue kerkgangers en die minder getroues.
- Daar is 'n verskil tussen hulle wat by Bybelstudies ingeskakel is en ander.
- Dit maak 'n verskil as iemand prakties betrokke is by geestelike werk.
- Huisgodsdiens maak 'n verskil.
- Dit maak beslis 'n verskil as daar gereeld oor die sending gepreek word. Die wat reeds 'n besoek aan 'n sendingstasie afgelê het, toon 'n meer positiewe houding.
- Hoe meer 'n persoon teen "politiek in die kerk" gekant is, hoe minder is hy/sy entoesiasties oor die sending.
- Daar is 'n sterk korrelasie tussen sendingbelangstelling en simpatie vir 'n "oper" kerk.
- Sendingbelangstelling hou beslis verband met partypolitieke voorkeure.

Bogenoemde redes kan dus ook as probleme wat die plaaslike sendingwerk belemmer aangehaal word. Hierdie redes kan ook geïdentifiseer word in die verhouding NG Kerk Waterbron en die NG Kerk in Afrika Waterbron.

Van der Watt (1987:66-69) sluit aan by die reeds geïdentifiseerde probleme as hy sê dat die NG Kerk-gemeentes 'n onsekere sendingdefinisie het. Sending word veral gekoppel aan 'n "kleurkomponent", en sending word verskraal tot 'n "piëtistiese" wen van siele. Gemeentes se kerkbegrip stagneer en hulle het nie 'n toekomsvisie nie. 'n Belangrike element wat ook na vore tree, is dat die verantwoordelikheid van die sendingwerk op sinodale-, en nie gemeentevlak, bedryf word. "In die praktyk bedryf die Sendingsekretaris dan die sendingwerk, terwyl die gemeente hulself tevrede stel met 'n pro rata finansiële bydrae, sonder om werklik betrokke te wees of selfs behoorlik kennis te dra van die kerk se sendingwerk". Smit (1993:496) bevestig dit wat na vore gekom het in die verloop van die verhouding NG Kerk en NGKA Waterbron, dat as gevolg van die werk wat die sinodes doen, daar slegs "sendingvriende" in die gemeentes gevind word, en dat alle gemeentelede nie betrokke is nie. Hy verklaar ook dat daar selfs

"sendingvyande" in sommige gemeentes gevind word. Dit is presies die probleme wat in die moedergemeente, Waterbron, geïdentifiseer is.

# HOOFSTUK 5

## PRAKTIESE VOORSTELLE VIR 'N MOONTLIKE OPLOSSING

### 5.1 Voorstelle aan NGKA-gemeentes uit vroeëre navorsing

Verskeie studies, die van Meintjies (1987:58 e.v.) en Kritzinger (1979:198 e.v.) het in die verlede reeds besin oor die probleme, spesifiek aan die kant van die NGKA-gemeentes. Hulle het met sekere voorstelle na vore gekom, naamlik:

a) Meer erkenning moet aan lidmate gegee word vir die werk wat hulle doen (Meintjies 1987:58).
b) Meer aandag moet gegee word aan die plek van die vrou in die bediening. Tradisionele denkpatrone sal moontlik hier deurbreek moet word. So byvoorbeeld hoef die plafon vir die vrou nie by 'n diaken te eindig nie (Kritzinger 1979:198).
c) Meintjies wys verder op die inskakeling van hierdie vrouens by gemeentebasare. Behalwe dat dit iets beteken vir die kerk se finansies, dien dit ook as indirekte opvoedmiddel tot selfstandigheid. Boervrouens kan hier 'n geweldige hulp wees en sodoende skep dit ook geleentheid vir kontak tussen werkgewer en werknemer (Meintjies 1987:59)
d) Lidmate sal gelei moet word om te besef dat bediening nie net na binne gerig is nie, maar ook na buite. Die kerk sal hierdie gelowiges moet toerus om self as sendelinge uit te gaan (Kritzinger 1979:198).
e) Baie aandag sal aan voortgesette kategese gegee moet word. Hos 4:6 is ook waar van hierdie gemeentes: "My volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis." Die struktuur moet dit moontlik maak dat leraars afgesonder kan word vir skoling en opleiding van tentmakerleraars, leiers en leidsters, en die kerkvolk as geheel (Kritzinger 1979:202).
f) Daar sal meer op die jeug gekonsentreer moet word. Kategese, Bybelonderrig op skool, kampe en Christelike ontspanning, is fasette wat baie meer aandag behoort te geniet.

g) Plaasskole as die sentrum van gemeente-aktiwiteite moet oorweeg word. Dit sal ook help op die terrein van geletterdheid, sodat daar metteryd meer skoling onderneem kan word.

## 5.2 Voorstelle aan die NGKA Waterbrongemeente

Uit die navorsing het dit geblyk dat die grense van die NGKA-gemeentes van Bloemfontein, nie duidelik opgeteken is nie en dat min mense werklik kan help om hierdie inligting op te spoor. 'n Voorstel word dus gemaak dat die grense van hierdie sendinggemeente duidelik vasgestel moet word en dat die NG ringsgemeentes ook moet kennis dra van die bepaalde area wat bearbei word of moet word. Op die kaart hierby aangeheg is die grense deur die navorser ingeteken. 'n Korrekte bepaling van die grense is ook nodig vir sinvolle strategiese beplanning vir 'n effektiewe bediening.

Volgens ouderling Smit moet die sendinggemeente weer 'n herder hê. Dan sal die mense sien dat daar iets aangaan en sal mense bereid wees om te gee. Wanneer mense sien daar word gewerk en dinge gebeur, sal mense meer toegewings maak. Volgens ouderling Smit, sal daar meer vir die saak gegee word as daar onder die swart lidmate geestelike groei plaasvind. Mense wil sien dat iets daadwerklik aan die gebeur is en dat daar ware verandering onder die swart lidmate is. Wanneer die lidmate geestelik gevoed word, sal hul hart aangeraak word en ook die regte gesindheid ontwikkel. Hulle moet evangeliseer word en drankprobleme moet aangespreek word. Lidmate moet ook onderrig word oor die gee van hul tiende (C. Smit – 3/7/02). Aansluitend hierby sê dr. Doubell dat daar van die boere is wat aangedui het dat daar mense is wat goeie geld verdien en meer kan gee vir die kerk (F.B. Doubell – 9/7/02).

Volgens ds. Viljoen kan die omstandighede net verbeter, spesifiek by NGKA Waterbron, indien daar 'n wit predikant is. Dit is belangrik dat hierdie persoon weer die vertroue van die boere sal kry, sowel as die van swart lidmate. Ook moet die vertroue van werkgewers wat op grondvlak werk en verantwoordelikheid neem vir die mense wat vir hom werk, gewen word. Hy dink nie dat dit effektief deur die NG Kerk-leraars deurgewerk kan

word nie, maar dit kan dalk van die NGKA se kant af kom. Daar moet klein begin word en wanneer een of twee of drie boere dalk eienaarskap vir die geestelike werk op sy plaas aanvaar en die verandering sien, kan dit deursuur na ander toe (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Wat die probleme rakende armoede en drankmisbruik betref, stel ds. Stander voor dat die betrokke lidmate genooi word ten einde uit te vind wat hul grootste probleem is. Opleiding moet gegee word en die boere moet ingelig word aangaande die hantering daarvan. Hulle kan ook iemand kry om by 'n preekpunt meer te kom vertel oor besparing, byvoorbeeld om 'n sakeman te kry wat hul taal kan praat en hul kultuur ken. 'n Ander moontlikheid is "Walk thru the Bible" se films oor finansies. Daar moet gepoog word om hierdie mense geestelik te bemagtig, soos hoe moet ek beplan en hoe moet ek met my geld werk (R. Stander – 12/7/02). Ds. Kofa stel ook voor dat die sendinggemeente en veral ook die kerkraad goeie onderrig en opleiding moet kry (M.J. Kofa – 19/7/02).

Ouderling Lichaba stel voor dat dit dalk kan help as winkels nie drank op Sondae verkoop is nie. Dit sal bywoning van eredienste verbeter (J. Litchaba – 3/7/02). Hierdie voorstel is ook reeds soos vroeër genoem toe die NGKA die NG Kerk-ringsgemeentes genader het om hul hierin te help.

Die verslag van die Sinodale Sendingkommissie aan die ring waarin aangedui word dat die groot getal plaasskole in die Vrystaat 'n besondere geleentheid bied vir evangelieverkondiging, is 'n standpunt wat daadwerklik tot uitvoering moet kom (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

In 'n studie wat Meintjies (1987:58-59) in die Oos-Vrystaat gedoen het, het hy die bedieningspatroon in die praktyk so beskryf: "Plaasbearbeiding sentreer hoofsaaklik rondom die plaasskooltjies. Op Sondae stel die boere hierdie skooltjies tot die beskikking van NGKA-leraars om dienste waar te neem. Dit word oor die algemeen goed bygewoon. Weens die hoeveelheid buiteposte, neem dit 'n leraar gewoonlik 'n paar weke om by almal uit te kom. Die bearbeiding word voorts uitgebou deur huisbesoeke, in

groepe of individueel. Kerkraadslede stel dit hoog op prys om verantwoordelikheid te ontvang. Evangelisasietente blyk 'n geweldige aantrekkingskrag op die swart mense te hê. Kampe, van welke aard ook al, is ook iets wat groot byval vind onder Swart lidmate.

Dit is dan ook die navorser se voorstel dat die probleem onder die jeug in die NGKA Waterbron aangespreek moet word deur effektiewe bearbeiding onder die swart mense in hierde omgewing en dat daar daadwerklik met 'n effektiewe jeugbediening in die verskillende swart skole begin moet word. Daar is baie potensiaal, gesien in die lig van die klomp skole wat reeds bestaan (sien Bylae 2, foto's a-g ). Die ring het ook 'n beroep gedoen op kerkrade om die geleenthede wat plaasskole bied, te gebruik, byvoorbeeld godsdiensonderrig, lektuurverpreiding, ensovoorts (Notule: Ring van Waterbron, 1992).

### 5.3 Voorstelle vir die verhouding NG Kerk en NGKA

Die verhouding moet so wees dat daar gereeld na mekaar se probleme geluister word. Die verhouding moet eintlik deur predikante en kerkrade geïnisieer word. Dit moet vanuit die Skakelkommissie gedoen word en terugvoering na die sendingkommissies moet plaasvind. Verder is dit belangrik dat die Here die pad moet wys (C. Smit - 3/7/02).

Om aan te sluit by ouderling Smit is gebed en ons totale afhanklikheid van die Here se wil en plan vir plaaslike sending, en dan spesifiek die bediening van die NGKA Waterbron, baie belangrik. Dit is dan ook waarom die Skakelkommissie 'n plek is waar die NG Kerk en die NGKA saam kan bid oor die bediening in die plaaslike sending. 'n Verdere voorstel is dat die plaaslike sendingkommissie ook met die kerkraad van die sendinggemeente moet skakel en dan spesifiek saam die wil van God moet soek deur gebed. Net so belangrik soos wat dit is om te bid vir die sending, is dit belangrik om ook vir die sending te gee. "Sendingvisie behels ook altyd weer die besef dat ons God se rentmeesters is. Rand en sent is een van die kernprobleme van die sending." (Odendaal 1988:209).

Ouderling Leeuw stel voor, dat wanneer die NG Kerk hul help hul tog ook moet raaksien wat die NGKA doen en erkenning gee vir dit wat wel gebeur (H. Leeuw – 3/7/02). Hierdie voorstel is belangrik, want dit kan ook 'n oplossing wees vir sekere probleme in die verhouding NG Kerk en NG Kerk in Afrika. Wanneer die NG Kerk hulp verleen moet dit nie die verantwoordelikheid van die sendinggemeente of lidmate van die sendinggemeente wegneem nie.

Meintjies (1987:54) is ook van mening dat hoe goed en opreg die bedoeling van die NG Kerk ook al was, dit tog aanleiding gegee het tot paternalisme oor "sendingkerke". Die sendinggemeente het nooit geleer om selfstandig te word nie, aangesien alle besluite vir hulle geneem is. Dit wat hulle kortgekom het, het hulle eenvoudig van die moedergemeente gekry en sodoende nooit geleer wat dit beteken om self opofferings te maak nie.

In hierdie verhouding moet die NG Kerk dan met kundigheid betrokke wees en met die regte benadering, nie voorskriftelik of baasspelerig nie. So moet die NGKA ook in hierdie verhouding met inisiatief na vore kom, sodat die verhouding nie slegs van een kant af kom nie.

Ds. Kofa meen dat hy as predikant nie kan werk sonder die samewerking van die boere nie en daarom stel hy voor dat die sendingleraar ook moet streef na 'n goeie verhouding met die boere met die oog op goeie samewerking (M.J. Kofa - 19/07/02).

Die voorstel word gemaak in die verslag van die Ringsendingkommissie aan die Ring van Waterbron, dat verteenwoordigers van die NG Kerk-familie (leraars van die NGKA waarby ringgemeentes betrokke is), tydens ringsittings genooi word na die ringsvergaderings wanneer die sendingverslag ter tafel kom. Dit is 'n baie goeie voorstel wat moontlik die oplossing is vir sekere probleme (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

As 'n verdere voorstel pleit die Sindole Sendingkommissie vir 'n gebalanseerde benadering. Hul meen dat kerkwees oor meer as plaaslike gemeentes gaan. Ook die verband van gemeentes is kerk met 'n roeping (Notule: Ring van Waterbron, 1997).

Volgens die verslag van die Ringskommissie vir Sending en Evangelisasie aan die ringsvergadering op 19/4/1998, moet gewaak word teen betrokkenheid by allerlei lukrake, ongeordende en korttermyn projekte, ten koste van historiese werk waarby gemeentes gesamentlik betrokke is. Daar moet ook gewaak word teen 'n betrokkenheid by avontuurlike projekte "daar ver", wat inderwaarheid 'n ontvlugting is van die moeilike werk "hier naby" (Notule: Ring van Waterbron, 1998). Daar moet 'n balans wees tussen sending "hier naby" en "daar ver".

## 5.4 Voorstelle vir groter betrokkenheid deur NG Kerk-gemeentes

Wat onder 5.3 genoem word, is wel belangrik vir groter betrokkenheid in die NGKA Waterbron se gemeentegrense. Vervolgens gee die navorser voorstelle wat spesifiek gerig is op groter betrokkenheid aan die kant van die NG Kerk in die NGKA Waterbrongemeente. Toe die NG Kerk Langenhovenpark destyds hier betrokke geraak het, het hul die uitgangspunt gehad dat dit 'n gemeenteprojek moes wees. Hul het eers daaroor gepreek dat lidmate bewus moes word van hul verantwoordelikheid en toe het hul spanne saamgestel wat in die hoewegebied besoeke gebring het 'n paar Sondae na mekaar. Hulle taak was om 'n behoeftebepaling te doen. 'n Aantal projekte het hieruit gevolg soos die gemeenskapskakelforum tussen Langenhovenparkgemeente en die swart gemeenskap, mense is beskikbaar gestel vir eredienste, 'n sopkombuis is in die lewe geroep by die skool, en later is dit oorgeneem deur ds. Leboea. Hulp is ook verleen met die basaar te Leeuvlei (R. Stander – 12/7/02).

Bogenoemde voorstel is dus om van plaaslike sending 'n gemeenteprojek te maak, waar dit dan deur strategiese beplanning geskied. Hierdie voorstel is dan 'n oplossing vir die probleem dat baie gemeentes nie missionêr is nie. Dit is daarom 'n baie belangrike beginpunt om die hele gemeente te rig om gehoorsaam te wees aan hul

sendingverantwoordelikheid, maar dan ook dat elke gelowige of lidmaat eintlik 'n sendeling is. Dit is ook 'n oplossing vir lidmate wat wil betrokke raak, maar nie weet waar hy met sy talente of vaardigheid 'n rol kan speel nie. Verder kan dit ook die sendingsaak bevorder deur lidmate die blootstelling te gee, maar meer nog kan daar effektief dus opbouend saam met die NGKA in hierdie omgewing bearbei word.

Ds. Stander stel ook voor dat wanneer mense betrokke wil raak of skakel met die sendinggemeente, daar nie voorgeskryf moet word nie. NGKA-leraars hou nie van 'n paternalistiese werkswyse nie. Langenhovenparkgemeente het eerder gevra wat die NGKA se behoeftes is en dan op hulle behoeftes gereageer (R. Stander – 12/7/02).

Waar politiek 'n baie negatiewe rol speel, stel ds. Stander voor dat dit opsy geskuif word en steeds gefokus word op dit wat ons vir die sending kan doen? Ons moet onthou dat mense voorkeure het en dat ideale situasies nie in die kerk bestaan nie (R. Stander – 12/7/02).

Mev. Leboea stel voor dat die NG Kerk hul kan help om met die NGKA-lidmate wat ook hul werknemers is, of nie, aan te moedig om kerk toe te gaan, asook aktief betrokke te wees in die gemeente (Mev. Leboea – 9/7/02). Volgens ds. Viljoen lê die oplossing by die werkgewers, wat elke dag kontak het met die swart mense (P.J. Viljoen – 17/7/02).

Aansluitend hierby, stel ds. Kofa voor dat die moedergemeente kan help deur werkers aan te moedig om kerk toe te gaan. Ook kan die wat ver van preekpunte af bly gehelp word met vervoer. Die drywer moet egter 'n verantwoordelike persoon wees. Ook sê hy as een van die boere 'n biduur wil hou op sy plaas, dit hom vry staan om dit te doen. Indien hul 'n Jesusfilm wil wys, kan hul net die NGKA laat weet, sodat hul daarmee kan help (M.J. Kofa – 19/7/02).

Volgens dr. Doubell word daar waarskynlik terug beweeg na die stigtingstyd van die NGKA Waterbron, toe lidmate nog besef het wat hul verantwoordelikheid is. Nou kan die verhouding groei, want die NG Kerk en die NGKA hoef nie in nog bande te bou

tussen hulle en hulle lidmate nie. Die bande is klaar daar, want hierdie mense werk reeds vir NG Kerk-lidmate. Daar moet ook gewaak word om alles met 'n vergadering of deur 'n kanaal te bewerk. Daar moet doodgewoon kerk gehou word.

Dr. Doubell meen dat baie dinge misuk het weens die politiek en spesifieke politieke gebeure soos die opstelling van die NG Kerk, die stigting van die KP ensovoorts. Mense het nou begin ontspan oor rassisme. Mense besef nou die tye het verander en hulle het ook gesien wat gebeur as daar nie 'n kerk vir hul mense is nie. Hy is ook oortuig dat indien die kerk begin werk en dinge kom reg, daar meer sal geld oorspoel (F.B. Doubell - 9/7/02).

Dr. Doubell meen verder dat ons verskillende kerke in Afrika is wat gereformeerd is, met ons eie geskiedenis hoe ons in Europa uitmekaar is. Hier in Afrika kom plant ons dit dan nou oor op hierdie swart mense, naamlik NGKA Waterbron. As mens nou vir hulle vra wat die verskil is in die verskillende kerke, meen hy, sal hul nie eers weet nie, want selfs wit lidmate weet nie eintlik wat die verskil is nie. Maar stel hy voor dat dit al meer noodsaaklik is dat ons hul moet leer wat die verskil is, dat ons 'n kerk van Christelike belydenis is, dat ons hande vat en konsentreer op die bediening. Hy stel sterk voor dat ons by die punt moet kom waar ons 'n Christelike Kerk soek, 'n kerk vir gelowiges onder die swart mense in hierdie omgewing, al is dit nou die NGKA, dan moet hy goed ondersteun word (F.B. Doubell - 9/7/02).

Aansluitend hierby haal Kritzinger (1979:1) aan uit Lobinger: "Dit is verblydend om te sien hoe helder protestantse sendelinge van lankal af gesien het watter probleme en gevare dit sou inhou wanneer die ampstrukture van die Weste eenvoudig oorgedra sou word in die arm lande van die Derde Wêreld. Dit is verblydend om te sien watter grootse beginsels geformuleer is. Dit is verstommend en verskriklik om te sien hoe min hulle daarvan kan deurvoer."

Dr. Doubell stel verder voor dat die evangeliste van die verskillende kerke in die omgewing ingetrek moet word en vir opleiding gestuur moet word. Dalk verander hul en

sien waaroor dit eintlik gaan. Aangesien dit juis oor opleiding gaan, moet daar met boere gepraat word. Daar is al voorheen gedink om eerder met jongmense oor die saak te praat. As werkgewers regtig aandag daaraan gee, sal dit ook beter gaan. Dit is 'n langtermynprojek. Daar moet nuut gedink word oor sake. Hoe bereik mens die boere? Die oplossing lê daarin om die boerderygemeenskap se denkwyse te verander. Hy glo ten slotte dat die Here die kerk bou, en dat ons sy handlangers en sy instrumente is wat dien (F.B. Doubell – 9/7/02).

Dr. Doubell stel verder voor, dat die sentrale bymekaarkomplek, die erediens, belangrik is om sendinginligting te deel. Dit is egter belangrik dat elke persoon in sy of haar hart so voel. Die NG Kerk-lidmate moet daarom besef dat dit deel is van ons almal se taak. Die hele kerk moet sendinggerig wees met net drie wat die administrasiewerk van die sending doen.

As 'n oplossing stel hy voor dat die leraar van die NGKA by verskillende ringsgemeentes preek en dan hul behoeftes aan die gemeente kommunikeer. Dit behoort 'n beter reaksie te ontlok. As die leraar van die NGKA op die preekstoel staan en sê wat in die NGKA aangaan en wat hul behoefte is, sal dit meer gewig dra. Daar moet persoonlik met die lidmate van die NG Kerk gepraat word (F.B. Doubell – 9/7/02).

Na aanleiding van bogenoemde stel die navorser voor dat daar soos destyds kanselruilings moet wees tussen NG Kerk-ringgemeentes, sodat daar spesifiek oor die sendingverantwoordelikheid gepreek kan word. Dit moet 'n jaarlikse geleentheid in elke ringsgemeente wees waartydens die leraar van die sendinggemeente moet preek. 'n Oggenddiens sou vanweë die beter bywoning, die beste wees. By die geleentheid moet die leraar dan spesifiek vertel wat in die plaaslike sending, en dan veral in die bediening van die NGKA-gemeente aangaan. Hul moet ook hul behoeftes aan die verskillende gemeentes kommunikeer. Hierdie geleenthede kan ook sinvol ingerig word met die optrede van die sendinggemeente se kerkkoor, of die optrede van een van hul verenigings byvoorbeeld die kinderaksie, jeugaksie of vroue-aksie. Dit behoort jaarliks geëvalueer te word tydens kerkvisitasie by elke ringgemeente.

Ook skryf Odendaal (1970:125) dat persoonlike kontak met sendelinge wat in die werk staan, vooroordele kan laat wegkrummel en in die plek daarvan warme belangstelling kan wek. Dit word deur die geseënde besoek van ds. Helm aan Boshof rondom die jare 1880 bewys.

Daar was wel in 1983 'n voorstel uit die verslag van die tydelike sendingkommissie aan die ringsvergadering, in sitting op 24/4/1983, vir 'n jaarlikse gesamentlike diens tussen die NG Kerk, NG Sendingkerk en NGKA. Die antwoord op die vergadering was: "Ons verwys die broeders na ras, volk en nasie vir die amptelike standpunt van die kerk en ring en volstaan daarby" (Notule: Ring van Waterbron, 1983).

Wolvaardt (1995:11) wys dan ook daarop dat dit baie belangrik is dat die plaaslike gemeente kontak hou met die gemeente in die veld. Kontak is belangrik, maar ondersteuning is nog meer belangrik. Ondersteuning kan op gemeentevlak of op persoonlike vlak (deur individuele limate) gedoen word. Binne 'n gemeente kan die gemeente ook ondersteuningsgroepe stig om sendelinge en gemeentes te ondersteun.

Die navorser stel dan ook weer die oproep van die ringsvergadering in 1986 voor, waartydens die ring die gemeentes opgeroep het om in al die arbeidsterreine soos die jeug, diens van barmhartigheid, leer en aktuele sake, nie die sendingdimensie te verwaarloos nie (Notule: Ring van Waterbron, 1986). Daarom is dit belangrik dat in elke gemeente, maar self ook in die NGKA-gemeente, aan die "opbou", maar dan veral ook aan die "uitbou" van elke bedieningsterrein aandag gegee moet word.

Die navorser verwys ook na voorstelle van die ringsvergadering van 1986, as oplossings vir probleme wat ondervind in sekere ringgemeentes is, soos om inligting te verskaf rondom sending; skakeling met die NGKA; om besoeke te beplan; om 'n verslag op te stel oor die plaaslike sendingkommissie; prediking en sendingnaweke en die verspreiding van die boek "So stuur Ek julle" (Notule: Ring van Waterbron, 1986). Dit is duidelik dat daar nuut gedink moet word oor oplossings vir hierdie probleme wat die bediening van

die NG Kerk in Afrika Waterbron gemeente en sy NG ringsgemeentes in besonder bedreig.

Die kerkvisitasieverslag van die NG Gemeente Waterbron in 1987, getuig van die toepassing van sekere voorstelle as moontlike oplossings vir probleme rakende die sending. So is daar byvoorbeeld hulp met elke basaar van die NGKA verleen in vorm van bydraes en goedere. Daar is ook drie verskillende werkersklasse aangebied; hulp verleen met jeugkampe; bidure gehou by skoolkoshuise van swart werkers; Bybels is beskikbaar gestel aan elke swart skool vir toekening aan leerlinge; kinderkrans en vroueaksie was ook gerig op sending en sending is in die gemeenteblad gepubliseer. 'n Sendingsondag is gehou; die boek "So stuur Ek julle" is beskikbaargestel aan lidmate. Daar is ook probeer om 'n persoon-tot-persoon-aksie te loods, maar dit het nie tot sy reg gekom nie, waarskynlik vanweë onkunde (Notule: Ring van Waterbron, 1987).

Die Ringsendingkommissie van die Ring van Waterbron is verder van mening dat gemeentes wat verantwoordelikheid neem vir werk wat tans sinodale werk is, by wyse van pro rata-bydraes tegemoetgekom moet word. Dit sal gemeentes aanmoedig om persoonlik betrokke te raak en meerdere gebedssteun aan werkers van sinodale projekte gee (Notule: Ring van Waterbron, 1988).

Wat skakeling aanbetref word dit tydens die ringsvergadering in 1992 genoem dat wat skakeling met abeidsvelde betref, die sinodale besluit bepaal dat kerkrade persoonlik met gemeentes in arbeidsvelde moet skakel en dat daar 'n verslag aan ringe gelewer moet word. Verder oordeel die sinode dat die leiding wat die leraar in hierdie verband moet stel van uiterste belang is (Notule: Ring van Waterbron, 1992). Daar word dan volgens die ring by elke Raad vir Sending en Samewerkingsvergadering verslag gedoen van die werksaamhede van die Skakelkommissies (Notule: Ring van Waterbron, 1993).

Wat betref skakeling en verhoudings, kan die predikante 'n baie groot rol speel. Ds. Stander meen as die leraar 'n leidende rol speel om iets te doen vir skakeling en verhoudings, gebeur daar gewoonlik iets. As die leraar nie inisiatief neem nie, is dit vir

die gemeente moeilik om te weet daarvan en betrokke te raak. Hy dink dit is meestal die probleem in die NG Kerk. As daar op 'n sekere gebied nie iets aangaan nie, kan dit op die ou end teruggevoer word na die leraar toe. Daar kan egter ook nie van die leraar verwag word om als te doen nie. Gemeentes wat bekend staan as gemeentes met 'n oop hart vir jongmense is gewoonlik die gevolg van 'n leraar wat moeite doen met jeugwerk. Wat skakeling betref speel die leraar 'n baie groot rol (R. Stander – 12/7/02).

In aansluiting by die mening van ds. Stander, maak Odendaal (1970:122) ook die gevolgtrekking dat die oorsaak van die treurige sendingwerk in die NG Kerk te Boshof rondom 1879, 'n bewys is daarvan dat die plaaslike sending afhanklik is van die optrede van die plaaslike predikant. 'n Voorbeeld hiervan is die opbou van sending sedert ds. Van Wyk na die NG Kerk Boshof beroep is.

Mott (1993:50) noem ook dat die sleutel tot groter betrokkenheid van die gemeente, die predikant is: "Wherever you find a pastor with overflowing missionary zeal and knowledge, you will find an earnest missionary church." Hy noem dat die leraar op vyf verskillende maniere die gemeente se houding teenoor sending kan verander:

- Hy of sy is die een wat die gemeente kan beïnvloed. Hy/sy beklee 'n pos met outoriteit, hy/sy het baie invloed en is die een wat die gemeente onderrig. "Any idea which he persistently preaches and prays for in the pulpit will be gradually accepted as a rule of conduct by the people."
- De predikant is ook 'n voorbeeld en 'n onderwyser. Hy/sy moet preek wat hy/sy in glo, en hy/sy moet glo wat hy/sy preek. Dit is op hierdie punt wat die leraar in die gemeente as geloofwaardig beskou word.
- Die leraar is ook 'n leier. As leier staan die leraar nie alleen in die werk/amp nie, maar begelei die gemeente op die regte pad. Hy/sy is nie net verantwoordelik vir die geestelike sorg van die gemeente nie, maar moet ook die gemeente lei om die regte antwoorde op hulle vrae en probleme te kry.
- Wanneer daar sendelinge vanuit die gemeente gestuur word, is die leraar ook hulle advokaat in die gemeente. Hy/sy moet pleit vir hulle saak. "The missionary visitor

may arouse temporary interest. But it is the missionary preacher who makes a church a missionary power the year through."

- Ten laaste is die predikant ook 'n ambassadeur. Hy verteenwoordig Jesus Christus. "A pastor who does not have a deep interest in the world-program of Christ and earnestly promote it, is untrue to his credentials and instructions."

'n Goeie voorbeeld wat ek ook graag as voorstel wil rig, is die manier waarop die sendinggemeente Heilbron in die vroeë sendingtydperk van die Vrystaat, tussen 1842 en 1899, hul bediening ingerig het. Die sendinggemeente het van 'n kategeet dienste ontvang in die persoon van Abram Poho en dan ook die sendingliefde en -ywer van ds. Minnaar. Daar was ses distrikte (bedoelende ses wyke) in hierdie gemeente, volgens Odendaal (1970:90-92), en in elk was daar een wit persoon en twee swartes wat die werk nagegaan het. Elke Saterdag het hulle bymekaargekom om die werk te bespreek en vir gebed. Sal dit nie baie effektief wees en ook baie kommunikasieprobleme uitskakel wanneer daar in elke wyk van die NGKA Waterbrongemeente een lidmaat van die NG Kerk Waterbron en twee swart lidmate van daardie wyk só kan saamwerk nie? Wanneer hierdie wit lidmate dan ook die spesifieke behoeftes van die sendinggemeente elke Sondag aan die kerkraad van die NG Kerk Waterbron kommunikeer, dan is die moedergemeente weekliks op hoogte van wat in hul sendinggemeente aangaan, wat hul behoeftes is en waarvoor gebid kan word.

Met betrekking tot die sending het die opkoms en die trots van etniese nasionalisme ook 'n invloed. Hanekom (1994:41) stel dit as volg: "Die opkoms van etniese nasionalisme het verreikende implikasies vir sendingstrategie. Nasionale trots sluit ook trots op eie kultuur en taal in; sendelinge sal dus meer as ooit tevore klem moet lê op taal- en kultuurverwerwing." Die navorser stel voor dat NG Kerk lidmate, en dan veral leraars en spesifiek dan wit sendelinge, 'n lewendige belangstelling moet hê in die taal- en kultuurverwerwing van die bepaalde swart mens waaronder bearbei word. Ook kan navorsing oor en opleiding in kruis-kulturele sendingmetodiek soos Kritzinger (1994:124-129) dit uiteensit, van kardinale belang wees.

Laastens stel die navorser voor dat daar in geloof en met 'n vertroue op God, 'n strategiese beplanning gehou moet word. Hiertydens kan kundiges op hierdie gebied saam met kundiges op elke bedieningsterrein uit verskillende ringsgemeentes, saam met persone uit die sendinggemeente en adviserende persone van buite (die Sendingsekretaris, die konsulent van die sendinggemeente, 'n ouditeur, 'n gemeenskapsontwikkelaar, ensovoorts.), opnuut weer besin oor al hierdie geïdentifiseerde probleme. 'n Strategiese beplanning kan ook gedoen word, sodat die bediening van die evangelie so effektief as moontlik kan geskied.

Opleiding en toerusting van die gemeentelede met betrekking tot die sending, is baie belangrik. Bosch (1989:11) verklaar "'n gemeente is sendinggerig indien sy lidmate toegerus word om hulle oortuigings in hulle elke dag se lewe uit te dra". Opleiding en toerusting vir spontane getuienis is belangrik, maar so ook toerusting vir georganiseerde uitreike. Toerusting geskied op veral twee vlakke, geestelik en verstandelik, aldus Denkema (1987:66-69). Op geestelike vlak is dit die Heilige Gees wat die mens toerus om die werk van die Here voort te sit. Die verstandelike toerusting word nie sonder die Heilige Gees gedoen nie, maar deur die krag en die verheldering van die Heilige Gees word die lidmaat deur "verdieping in die Woord, gebed om insig en wysheid, opleidingskursusse en getroue ampsvervulling", toegerus vir die sending.

Indien 'n gemeente gemotiveer is om sendingwerk te doen, en 'n visie daarvoor het, moet die gemeentelede dus gemobiliseer word. Die gemeente moet nou vir die sending bid en gee, en gaan waar die Gees hulle heen stuur. Ook moet die gemeentelede deur getuienis en verkondiging, waar hulle ook beweeg, die evangelie van Jesus Christus verkondig.

## 5.5 Die toepassing van Skriftuurlike beginsels op die praktyk

Ten slotte moet die kerk van die Here Jesus Christus al hoe meer haar profetiese roeping uitleef op die terrein van sosiale geregtigheid, politieke en ander diskriminasie, asook teenoor die sekularisasie van die Suid-Afrikaanse bevolking. Die kerk moet ook haar roeping teenoor die kerklosse en -lose nakom. Dit is in 'n tyd soos hierdie dat die kerk,

en ook die plaaslike gemeente, bewus moet word van die wêreld waarin ons leef, ten einde doeltreffend, maar veral gefokus, die evangelie aan almal te verkondig.

Elke Christen is 'n gesalfde van Christus as profeet, priester en koning en daarom staan elkeen dus in 'n amp. Die amp van die gelowiges, soos reeds genoem, beteken dan dat die kerk die dienende gemeenskap in navolging van Christus is. In die praktyk beteken dit opofferende onselfsugtige diens sonder soeke na eie eer of mag. Hierdie gesindheid moet veral by die leraars gekweek word.

'n Gelowige wat leef as 'n sendeling, is iemand aan wie se houding, gedrag en lewenstyl gesien kan word dat hy of sy 'n Christen is. Hierdie persoon leef heilig en onberispelik (Ef. 1:14) voor die Here, en uit sy liefde kan getuig word dat hierdie persoon 'n kind van God is. Hierdie lewenstyl het nie net 'n invloed op die gelowige se lewe nie (hy/sy in hul gemeenskap met Christus), maar het ook 'n invloed op die mense rondom hulle. Dit plaas baie klem op die gelowige se verhouding met die Here, maar ook op die volharding wat daarmee gepaardgaan.

Die gemeente moet die lidmate leer om deur hulle lewenstyl die boodskap van Christus se verlossing te verkondig. Lewenstylgetuienis kan en moet deur elke lidmaat beoefen word, deur die teenwoordigheid van 'n sendingdimensie in alles wat gedoen word. Daarby kom ook die sendingintensie na vore, deur fyn te luister na die mense rondom jou se reaksie en daarop te reageer. Die lidmate moet deur hulle voorbeeld die getuienis na buite dra.

Die kerk is 'n missionêre, getuigende gemeenskap wat Christus verkondig. Dit beteken dat al die groei nie net na binne plaasvind nie en al die beplanning nie net op die gemeente gerig word nie. Nee, die kerk moet 'n visie hê vir die verlore mensdom. Dit moet in die eerste plek nie net om die gemeente gaan nie. Die gemeente moet dus 'n "gaan-bediening" hê. So 'n visie sal verseker dat gesonde kerkgroei plaasvind, leierskap sal ontwikkel en strukture sal aanpas. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie werk gedoen word vanuit die bron van Goddelike genade.

Geen gemeente kan 'n sendinggemeente wees indien hy nie 'n sendingvisie het nie. Die gemeente moet nie net die Bybelse opdrag van sending verstaan, die nood van die wêreld raaksien, en 'n passie daarvoor hê nie, maar moet ook 'n daadwerklike visie hê hoe die gemeente in geheel, asook deur lidmate in die gemeente, betrokke gaan raak by God se sending. Odendaal (1988:204) skryf dat 'n sendingvisie is "as ons na hierdie wêreld kyk deur die oë van Jesus Christus, wat met innerlike ontferming die skares van mense in hulle diepste nood raaksien". Dit is met hierdie oë wat ons na die gemeente moet kyk en besef dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor die Here het.

Elke gemeente wat by God se sending betrokke wil raak, moet dus opnuut vernuwe word, om die stem van die Heilige Gees te hoor. Hierdie gemeente moet van sy eie program afsien, om die program van die Gees te volg. Dit is dan ook net die Heilige Gees wat hierdie vernuwing kan bring: "No how-to-build-a-successful-church programme will produce any lasting results unless the Holy Spirit is alllowed to flow through the life of a congregation like sap in a tree. The Spirit alone is the agent of renewal, the administrator of the kingdom, the director of mission" (Murray 1991:44).

Die kerk is ook 'n charismatiese gemeenskap waar elkeen gawes ontvang het tot opbou en uitbou van die liggaam van Christus. In die praktyk beteken dit dat elke lidmaat moet deel hê aan die bediening van die gemeente. Daar is min dinge, indien enige, wat in die gemeente gedoen moet word wat nie deur die gewone gelowige gedoen kan word nie. Wat hulle kan doen, moet hulle ook doen. Charismatiese gawes in die gemeente is funksioneel van aard en daarom is een lid nooit hoër in status as die ander nie. Almal is een in Christus.

Die besondere amp is daarom alleen 'n funksionele diens tot uitbou en opbou van die gemeente. Die korrekte Bybelse siening van die ampte duld dus nie 'n hiërargiese struktuur binne die gemeente nie. Die besondere amp is nie 'n statussimbool bo die van die gelowige nie.

Dit is dan die taak van die gemeente om die verskillende gawes van die lidmate raak te sien, uit te bou en te gebruik in sy sending. Deur die werking van die Gees kan die gemeente hulle verskillende gawes gebruik om as liggaam die wêreld met liefde te bereik.

'n Bediening moet behoeftegerig wees. Dit lyk asof Jesus die mense so benader het. Sy koms en sy lewe het in die teken gestaan van diens (Mark. 10:45; Luk. 4). Nie ons behoeftes nie, maar die van die betrokke gemeenskap, moet gepeil en ontmoet word met die totale evangelie.

Wat ook al gedoen word, moet kundig gedoen word. Of die bedieningspatroon gerig word op kerkplanting of 'n program van gemeenskapsontwikkeling, die werkers sal behoorlik geskool en voorberei moet wees vir die taak.

Dit mag nooit gaan om die uitbreiding van 'n eie koninkryk nie, maar om Gods koninkryk. Juis hierdie omvattende taak behoort die kerke nader aanmekaar te bring vir die uitvoering van die gesamentlike opdrag. Die kerk moet nie net piëtistiese vrede of 'n vrede vir die enkeling nastreef nie, maar moet op vrede tussen mense en groeperinge ingestel wees. Hierdie vrede moet nie net vir die toekoms of eindtye gesoek word nie, maar ook vir hier en nou.

Dit is baie belangrik dat daar versoening op verskeie gebiede plaasvind: eerstens versoening tussen Christene en kerke onderling; daarna moet die kerk leiding neem in die versoening in die gemeenskap. Versoening kan duur wees, maar die versoening wat God vir ons gee, is verniet. Hierdie versoening moet ook die dryfkrag van die Christen wees. Omdat God my met Hom versoen het, gee Hy vir my die krag en genade om ander met mekaar te versoen, maar bowenal met my Skepper.

Die kerk het die uitdaging om aandag te gee aan sosiale probleme soos armoede, werkloosheid, behuising, onderwys en gesondheidsdienste. Wat in die verlede gebeur het, kan nie verander word nie, maar kan deur aktiewe betrokkenheid in groot mate

reggestel word. Dit sal selfsugtig en onverantwoordelik wees indien 'n gemeente op sy eie die plaaslike gemeenskap deur sending wil bereik, en nie die ander gemeentes vra om saam te werk nie. Groter samewerking verbeter nie net die verhouding tussen kerke nie, maar versinnebeeld ook die eenheid van die kerk van Jesus Christus.

Die pleidooi is dus vir 'n deeglike besinning oor die Bybelse beginsels van kerkwees. Vir 'n deeglike bestudering van die gegewens in sy volle omvang. Vir die bepaling, in samewerking met ander kerke, van prioriteite en breë strategieë. Vir die uitwerk van hierdie beleidsriglyne tot praktiese planne op plaaslike vlak. En vir 'n Geesvervulde, entoesiastiese en doelgerigte uitvoering van die werk (Kritzinger 1982:21).

Sending moet daarom Geesvervuld, entoesiasties en doelgerig deur die kanale van *koinonia*, *diakonia*, *kerugma*, *marturia* en *leitourgia* geskied. Dit is belangrik dat dit dan deur besorgdheid, dankbaarheid en verantwoordelikheid sal plaasvind.

Sending is die primêre taak wat God aan die kerk gegee het. Maar God het die sending aan die hele kerk gegee. Indien 'n kerk (en gemeente) nie sendingwerk doen nie, kan hy nie die roeping van Christus nakom nie en is hy nie meer ware kerk nie.

## WAARDE VAN STUDIE

Baie van die probleme wat in hierdie studie geïdentifiseer is, en selfs die praktiese voorstelle wat aan die hand gedoen is, sou ewe goed in ander situasies kon geld. Die navorser se oogmerk was om wesenlike probleme rondom plaaslike sending van die NG Kerk te identifiseer, met spesifieke verwysing na die NGKA Waterbron, om sodoende praktiese voorstelle te gee vir bedieningsvernuwing, sending en kerklike verhoudinge. In hierdie studie is egter ook probleme geïdentifiseer wat oorvleuel met probleme in ander plattelandse gemeentes. Dit bevestig dat hierdie studie waarde het vir plattelandse gemeentes met frustrasies rakende plaaslike sending.

Dit is betreurenswaardig as die kerk hom slegs besig hou met die instandhouding van strukture. Dit is veral betreurenswaardig as die kerklike strukture of wesenlike probleme daartoe lei dat die kerk nie uitvoering kan gee aan sy Godgegewe opdrag nie. Die frustrasies rakende plaaslike sending word vererger omdat niemand weet wat die probleem daarvoor is nie. Die studie is ook waardevol omdat dit die wit perspektief, sowel as die swart perspektief weergee. Hierdie studie kan dan as roepstem dien vir reformasie. Die praktiese voorstelle wat gegee is, het die potensiaal om gemeentes te reformeer en hul te rig op hul sendingverantwoordelikheid.

# BRONNELYS

A. <u>Argivale Bronne</u>

Ned. Geref. Kerkargief, Bloemfontein.


De Westerlyken Ring 1904 - 1924; Ring van Bloemfontein 1925 - 1939

Die Kerkbode 1949

Ring van Bloemfontein 1939 - 1953

Ring van Bloemfontein 1954 - 1967

Ring van Bloemfontein-Noord 1956 - 1973

Ring van Bloemfontein-Noord 1960 - 1967

Ring van Bloemfontein 1969 - 1970

Ring van Bloemfontein 1973 - 1975

Ring van Bloemfontein 1977 - 1979

Ring van Waterbron 1979 - 86

Ring van Waterbron 1981 - 1984

Ring van Waterbron 1984 - 1985

Ring van Waterbron 1986

Ring van Waterbron 1987

Ring van Waterbron 1988

Ring van Waterbron 1989

Ring van Waterbron 1992

Ring van Waterbron 1993

Ring van Waterbron 1995

Ring van Waterbron 1996

Ring van Waterbron 1997

Ring van Waterbron 1998

Ring van Waterbron 1999

Ring van Waterbron 2000

Sendingverslag WA - WE

Sending (Vorms) 1979 - 86

B. Algemene literatuur

BARNARD, A.C. 1979. *Kerk en Evangelisasie*. Potchefstroom: Die Evangelis.

BAVINCK, J.H. 1960. *Introduction to the science of missions*. Grand Rapids: Baker Book House.

BOSCH, D.J. 1979. *Heil vir die wêreld. Die Christelike Sending in teologiese perspektief*. NG-Boekhandel: Pretoria.

BOSCH, D.J. 1989. "Mission in Jesus' way: a perspective from Luke's Gospel". *Missionalia*, 17:1; 3-21.

BOSCH, D.J. 1990. "Ons missionêre roeping. Perspektiewe uit Pauliniese briewe". *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 31:2; 264-275.

BOSCH, D.J. 1991. *Transforming Mission*. Maryknoll: Orbis Books.

DE KLERK, J.J. 1976. *Weldadigheid en Mededeelsaamheid*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

DENKEMA, F. 1987. "Die toerusting van ampsdraers". In Julle sal my getuies wees, 66-74. PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie.

DU PREEZ, J. 1985. "Tiendimensionele Sending". *Iswen Kommunikasie*, 7:2; 1-19.

DU PREEZ, J. 1990. "Besinning oor die verhouding tussen gemeentebou en sending". *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 31:2; 257-263.

ERASMUS, L.M. 1988. "Die Sendingbetrokkenheid van die lidmaat". *Die Fakkel. Jaarblad van die Fakulteit Teologie UOVS*, Jaargang 8; 11-13.

HANEKOM, J.W. 1994. *Die rol van die plaaslike gemeente in die beskikbaarstelling van werkers vir wêreldevangelisasie: 'n Evaluering van modelle*. Univ. Stellenbosch: Ongepubliseerde MTh-verhandeling.

HEYNS, J.A. 1980. *The Church*. Pretoria, Transvaal: NG. Kerkboekhandel.

KRITZINGER, J.J. 1979. *'n Missionêre Bediening - op weg na strukture vir 'n jong kerk*. NG Kerkboekhandel: Transvaal, Pretoria.

KRITZINGER, J.J. 1982. "Hoofsake van die onvoltooide sendingtaak". *Iswen Kommunikasie*, 4:2; 1-21.

KRITZINGER, J.J. 1991. "Oorsake van lae Sendingbelangstelling in die NG Kerk". *Iswen Kommunikasie*, 13:2; 5-14.

KRITZINGER, J.J. 1992. "Sending in die Kerk: 'n Gevalle Studie". *Skrif en Kerk*, 13:1; 41-55.

KRITZINGER, J.J. 1994. "Mission - Where?" & "Mission - How"? In On being witnesses. What is the goal and content of Mission; Who is response for Mission; The context of Mission; The methods of Mission, 73-154. Kritzinger, J.J., Meiring, P.G.J. en Saayman, W.A.. Orion Publishers: Halfway House.

LADD, G.E. 1975. *I believe in the resurrection of Jesus*. Grand Rapids: Eerdmans.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. (ed.) 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol.1. New York: United Bible Society.

MEIRING, P.G. J. 1994. "Die Herwaardering van die Missionêre gemeente in die Na-Oorlogse Sendingteologie". *Iswen Kommunikasie*, 16:1; 22-25.

MEINTJIES, M.J. 1987. "Die onvoltooide sendingtaak in die Oos-Vrystaat". *Ost deel 33*, Universiteit van Pretoria.

MOTT, J.R. 1993. "The Pastor and Modern Missions". *International Journal of Fontier Missions*, 10:2; 49-51.

MOUTON, E. 1996. "Sending as handeling van God: Ef 1:3-23". In Woord teen die Lig 1/10. Riglyne vir sendingprediking tussen pinkster en advent, 56-67. C.W. Burger et (red.), 56-67, Lux Verbi: Kaapstad.

MURRAY, G. 1991. "Renewal of the local congregation for mission". *International Review of Mission*, 80:320; 43-54.

NG KERK WATERBRON, 1984. *Bron van Genade: Die Ned. Geref. Gemeente Waterbron 1934-1984: Gedenkalbum.* Bloemfontein: NG Sendingpers.

ODENDAAL, A.A. 1970. *Die Nederduitse Gereformeerde Sending in die Oranje-Vrystaat (1842-1910).* Universiteit van Stellenbosch: Ongepubliseerde DTh. Proefskrif.

ODENDAAL, D.H. 1988. "Sendingvisie in die bediening en die teologiese opleiding". *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 29:2; 204-210.

ROBERTS, J.H. 1984. "Die Kerk by Paulus". In Handleiding by die Nuwe Testament. Band V. Du Toit, A.B. (red.), 282-310. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

ROBINSON, P.J. 1989. "Some missiological perspectives from 1 Peter 2: 4-10". *Missionalia*, 17:3; 176-187.

ROBINSON, P.J. 1994. "Die Magna Carta van die Missionêre Gemeente - 1 Petrus 2:9-10". *Iswen Kommunikasie*, 16:1; 6-18.

SMIT, J.H. 1988. "Kerk, Sending en Amp - 'n organiese eenheid". *In* Gereformeerde Ampsbediening, 204 e.v. PJ Rossouw (red.), NG Kerkboekhandel: Pretoria.

SMIT, J.H. 1988. "Strukture van Gesamentlike (sending-) betrokkenheid". *Die Fakkel. Jaarblad van die Fakulteit Teologie UOVS.* Jaargang 8; 14-17.

SMIT, J.H. 1991. "'n Visie van God se wêreld waar die koninkryks-evangelie bedien moet word". *UV teologiese studies*, No. 5; 48-58.

SMIT, J.H. 1993. "Die Sendingbewustheid en Sendinggerigtheid in die Ned. Geref. Kerk vandag". *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 34:4; 496-507.

VAN DER MERWE, W.J. 1988. "Toekomstige Sendingbetrokkenheid van die NG-Familie". *Die Fakkel. Jaarblad van die Fakulteit Teologie UOVS*, Jaargang 8; 21-24.

VAN DER WATT, G. 1987. "Missionêre Gemeente-wees: Die Uitdaging vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk". *Fax Theologia*, 7:2; 65-69.

VAN ENGEN, C. 1991. *God's Missionary People. Rethinking the purpose of the local church.* Baker Book House. Grand Rapids: Michigan.

WAINWRIGHT, G. 1983. *The Ecumenical Movement. Crisis and opportunity for church.* Grand Rapids: Eerdmans.

WILLIAMS, T. 1986. *The Local Church and Missions.* Singapore: OMF Books.

WOLVAARDT, B. 1995. *Kerkwees is Sending.* 'n Paradigma vir die Volgende Eeu. Ongepubliseerde werkswinkeldokument.

C. <u>Onderhoude</u>

DOUBELL, F.B. 9/7/02. Huidige leraar van die NG Kerk Waterbron.

KOFA, M.J. 19/7/02. Huidige konsulent van die NGKA Waterbron.

KOK, C.R. 2/7/02. Afgetrede sendingpredikant vanaf 1954 in Bloemfontein te De Bloem.

LEBOEA, J. 9/7/02. Weduwee van wyle Ds. Leboea, asook die voorsitster van die Vroue-aksie.

LEEUW, H. 3/7/02. Ouderling van die NGKA Waterbron.

LICHABA, J. 3/7/02. Ouderling van die NGKA Waterbron.

SMIT, C. 3/7/02. Ouderling van die NG Kerk Waterbron; gewese voorsitter en huidige lid van die Sendingkommissie van die NG Kerk Waterbron; kassier van NGKA Waterbron.

STANDER, R. 12/7/02. Die skriba van die kerkraad van die NGKA Waterbron, asook die leraar van NG Kerk Langenhovenpark. Die huidige voorsitter van die Skakelkommissie van die Ring van Waterbron.

VILJOEN, P.J. 17/7/02. Afgetrede leraar van die NG Kerk Waterbron.

# Bylae 1

## Die kerkgeboue van die verskillende wyke van die NGKA Waterbron

### Foto 1 - Die kerkgebou van die wyk Waterbron
### ( Sien punt 1 op die kaart )

A



B



**Foto 1 B - Mnr. Radebe, skoolhoof van Waterbron Publieke Skool, het met 'n hoenderprojek begin om fondse in te samel vir die skool. Hy hou die hoenders aan in die kerkgebou omdat hul nie oor die fondse beskik om hoenderhokke op te rig nie. Eredienste word intussen in een van die skool se klaskamers gehou.**

### Foto 2 - Die kerkgebou van die wyk Bainsvlei
### (Sien punt 2 op die kaart)

A



B



### Foto 3 - Die kerkgebou van die wyk Byelkanderkoms
### (Sien punt 3 op die kaart)

A



B



## Bylae 1 (vervolg)

**Foto 4 - Die kerkgebou van die wyk Leeuvlei**
**(Sien punt 4 op die kaart)**

A



B



**Foto 5 - Die kerkgebou van die wyk Vergezocht**
**(Sien punt 5 op die kaart)**

A



B



**Foto 6 - Die pastorieë van die NGKA Waterbron**

A



**Die pastorie te Bainsvlei**

B



**Die pastorie te Byelkanderkoms**

# Bylae 2

## Die verskillende swart skole binne die grense van die NGKA Waterbrongemeente

Foto A - Bainsvlei Combined School




(Sien punt a op die kaart)

Foto B - Waterbron Public School




(Sien punt b op die kaart)

Foto C - Byelkanderkoms Skool




(Sien punt c op die kaart)

Foto D - Annasrust Skool



(Sien punt d op die kaart)

Foto E - Sannasrus Skool



(Sien punt e op die kaart)

Foto F - Vergezocht Skool



(Sien punt f op die kaart)

## Bylae 2 (vervolg)

**Foto G - Die skool te Die Vlakte**



**(Sien punt g op die kaart)**

## Een van die verskillende kleuterskole binne die grense van die NGKA Waterbrongemeente

**Foto (i) - Die Waterbron Kleuterskool**



**(Sien punt i op die kaart)**

# Bylae 3

LENANEO LA DITSHEBELETSO N.G. KERK IN AFRIKA - WATERBRON 1995

MORUTI: O.I. LEBOEA, POSBUS 17319, BAINSVLEI, TEL. 4511230

JANUARIE

1 WATERBRON
VERGEZOCHT 1.00 n.m.
8 BAINSVLEI
15 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
ROSARUM 1.00 n.m.
22 KOPANO YA LEKGOTLA
29 SAMESUIPING

FEBRUARIE

5 WATERBRON - SELALLO
VERGEZOCHT- SELALLO
12 BAINSVLEI - SELALLO
19 BYELKANDERKOMS-SELALLO 11.v.m.
26 LEEUVLEI-SELALLO

MAART

5 WATERBRON
VERGEZOCHT
12 BAINSVLEI
19 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
ROSARUM 1.00 n.m.
26 LEEUVLEI

APRIL

2 WATERBRON
VERGEZOCHT 1.00
9 BAINSVLEI
14-16 THAKGISO YA MORENA
23 BYELKANDERKOMS 11.00
ROSARUM 1.00 n.m.
30 KOPANO YA LEKGOTLA

MEI

DIBASARA MAKALENG OOHLE
7 WATERBRON - SELALLO
VERGEZOCHT - SELALLO
14 BAINSVLEI - SELALLO
21 BYELKANDERKOMS - SELALLO
ROSARUM 1.00 n.m. SELALLO
25 NYOLOHELO
28 LEEUVLEI - SELALLO

JUNIE

4 WATERBRON
VERGEZOCHT 1.00 n.m.
11 BAINSVLEI
18 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
25 LEEUVLEI

JULIE

2 WATERBRON
VERGEZOCHT 1.00 n.m.
9 BAINSVLEI
16 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
ROSARUM 1.00 n.m.
23 LEEUVLEI
30 KOPANO YA LEKGOTLA

AUGUSTUS

6 WATERBRON - SELALLO
VERGEZOCHT- SELALLO
13 BAINSVLEI - SELALLO
20 BYELKANDERKOMS-SELALLO
ROSARUM-SELALLO 1.00 n.m.
27 LEEUVLEI-SELALLO

SEPTEMBER

DIBASARA MAKALENG OOHLE
3 WATERBRON 11.00 v.m.
VERGEZOCHT 1.00
10 BAINSVLEI
17 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
ROSARUM 1.00 n.m.
24 KOPANO YA LEKGOTLA

OKTOBER

1 WATERBRON
VERGEZOCHT 1.00 n.m.
8 BAINSVLEI
15 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
ROSARUM 1.00 n.m.
22 LEEUVLEI
29 SAMESUIPING

NOVEMBER

5 WATERBRON - SELALLO
VERGEZOCHT -SELALLO
12 BAINSVLEI - SELALLO
19 BYELKANDERKOMS - SELALLO
ROSARUM 1.00 n.m.
26 LEEUVLEI - SELALLO

DESEMBER

3 WATERBRON
VERGEZOCHT - SELALLO 1.00 n.m.
10 BBAINSVLEI
17 BYELKANDERKOMS 11.00 v.m.
24 LEEUVLEI
25 TSWALO YA MORENA JESU
31 SAMESUIPING

II TIMOTHEA 4:10

HOBANE DEMASE O NTLHELILE KA HO RATA LEFATSHE LA JWALE, MME O ILE THESALONIKA.

# Bylae 4

## Empiriese ondersoek: kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae

**Afdeling A**

**(i) Kwantitatiewe vrae:**

1. Wat is die geskiedenis van die NGKA Waterbrongemeente? (stigtingsdag, predikante, datums van hul bediening, enige foto's, boeke, geskrewe materiaal van historiese belang, grense van die gemeente).
2. Wat is die geskiedenis van die geboue en gronde van die NGKA Waterbrongemeente?
3. Hoe is die bedieninge in die NGKA Waterbrongemeente, te wete die kerkraad, dankoffers, notules, eredienste, bidure, die Jeugaksie, die Vroue-aksie, Sondagskool, stand van die doopregister, aantal lidmate, aantal kinders die afgelope jaar gedoop is en die aantal volwassenes wat die afgelope jaar gedoop is.
4. Hoe funksioneer die Woordbediening, sakramentbediening en die toepassing van die tug (formele sowel as informele vlak) in hierdie gemeente?
5. Wat was die bedieningstyle van die vorige predikante en evangeliste?
6. Vertel die geskiedenis van die verhouding tussen die NG Kerk en die NG Kerk in Afrika Waterbrongemeente.

**Afdeling B**

**(i) Kwalitatiewe vrae aan die NGKA Waterbron se hulpleraars en lidmate**

**Groep 1 - Hoe lyk die gemeente?**

1. Wat gebeur Sondae by die kerk?
2. Wat doen die kerk vir die mense?
3. Wat doen die mense van die kerk vir mekaar?

## Bylae 4 (vervolg)

4. Wat gebeur in die week by die kerk?
5. Kan u sien dat mense aan die kerk behoort?
6. Wat doen die mense van die kerk vir mense buite die kerk?

**Groep 2 - Hoe moet die gemeente lyk?**


1. Wat sê die Bybel van die gemeente?
2. Wat moet die kerk doen vir eie lidmate en vir mense daar buite?
3. Hoe moet die predikant en kerkraad optree?

**Groep 3 - Wat kan gedoen word om hierdie gemeente dan te verander?**

1. Wat kan die gemeente doen?
2. Hoe kan dinge verbeter word?
3. Hoe kan die predikante en kerkraad die gemeente help om te verbeter?
4. Hoe kan ander kerke help?

**(ii) Kwalitatiewe vrae aan NG Kerk-predikante en -lidmate:**

1. Wat is u ervaring van die NGKA Waterbrongemeente?
2. Hoe kan die NGKA-gemeente gehelp word?
3. Hoe voel u oor die verhouding tussen die NG Kerk en die NGKA Waterbron?
4. Wat het daartoe bygedra?
5. Hoe dink u moet hierdie verhouding wees?
6. Wat dink u kan gedoen word?


Kaart: NGKA Waterbron
Kerk Geboue
Skole
Plase
Gemeente Grense
Riviere
Hoof Paaie
N
S
E
W
A
B
C
D
E
F
G
1
2
3
4
5
i
4
0
4
8
Kilometers